

Lila (Pirzig), 29 ✓

Vrye Weekblad

7 - 13 FEBRUARIE 1992

R2,20 (BTW Ingesluit)



JFK

waarheid vreemder as fiksie



'n Boere-terroris se oorlogsverklaring

Rasmoorde vervang gesinsmoorde onder Afrikaners

The extras that Spike never paid

Klara Viljee is soos 'n Pears-advertensie

Die Boere in Botswana bly maar Boere

Inhoud

Nº 161

V R Y D A G O G G E N D



MAX DUPREEZ

AKTUEEL

'n Boere-terroris se oorlogsverklaring	5
The extras that got Spiked	7
Sambok-regering in Bop	7
JFK - Die waarheid is dalk vreemder as fiksie	9
SAUK versmoor die TV-bedryf	14
Die siel van die berserker?	17
Die aborsietwis duur voort	18
Die ANC-AWB moordkontrak: die feite	24

MENSE

Botswana se Ventersdorp-boere	20
Skepsels wat dink hulle is verskillend	27

INTERNASIONAAL

Nazi-skelette uit Argentinië se kas	22
Ou mense op pad uit in China	23

BOOKS

Lila: An Enquiry Into Morals	29
------------------------------	----

RUBRIEKE

Hennie Serfontein het sy Oor op die grond	12
Brolloks en Bittergal	16
Geselsrubriek - Nataniël oor lekkerkry	16
Tim Sandham oor Sport	34
The book that influenced me most by Raymund van Niekerk	34
Jurie de Wet writes about people and the law	35
Elmari Rautenbach oor dié week se TV	27
Nettie Pikeur se kosrubriek	39

KUNSE

Einheid en verskeidenheid	25
Die Russe oorheers die Unisa-Transnet	
Internasionale Klavierkompetisie	26
Chris Vick keeps the Jazz score	31

HONOR

Kru of gesofistikeerd? - Matt Sandham se spotprente	13
---	----

GIDSE & DIENSTE

Kleinadvertensies/Smalls	30
TV-programme	32
Rolprentgids	36
Vrye Keuse films	38

Die film word die geskiedenisboek

NIEMAND wat Oliver Stone se rolprent *JFK* gesien het, sal ooit weer die "amptelike waarheid" oor die sluipmoord op Kennedy glo nie. Die film het nou die geskiedenisboek geword.

Wat weet die gewone Suid-Afrikaner, byvoorbeeld, van Viëtnam? Dit wat hy/sy uit films oor die onderwerp (*Platoon*, *Born on the Fourth of July*, byvoorbeeld, ook deur Oliver Stone) gekry het, dan nie?

Fiksie as metode om die geskiedenis te herskryf, het ontstellende, maar potensieel ook opwindende moontlikhede. Mense glo stories. Die menslike psige werk so: 'n vertelling met 'n verhaallyn en menslike karakters, helde en skurke, is heelwat magtiger as koue "feite". Mense identifiseer hulle met mense wat kan seerkry en liefhê, patriotte of verraiers, misdadigers of vegters vir geregtigheid, karakters wat die soort emosies wys wat gewone mense daaglik voel.

Sou die wêreld vandag nog so 'n afsku in Nazi Duitsland gehad het as dit nie vir rolprente was wat die volksmoord op die Jode gedramatiseer en gesigte by die lyding gesit het nie?

Hoekom is daar byna geen simpatie in die wêreld vir die wrede lot van die Amerikaanse Indiane nie? Want ons het almal al tien Westerns gesien en ons met die cowboys, die Indiaan-jagters, geïdentifiseer. Rolprente soos

Soldier Blue and *Dances with Wolves* het net 'n klein deeltjie van dié skade herstel

Hoe lank gaan dit nog neem vir Westerlinge wat *The Orient Express* gesien het, om nie skrikkerig te wees die oomblik as jy jou voete in Turkye sit nie? Jare lank het die film *Z* mense se oordeel van Griekeland bepaal, en ons sou nooit so deeglik bewus gewees het van die praktyke onder die Argentynse veiligheidsmagte as dit nie vir *Night of the Pencils* was nie. *Missing*, deur Costa Gavras, het die wêreld ingelig oor Chili, terwyl die rolprent *Guilty by Suspicion* met Robert de Niro die aakligheide van die McCarthy-era onder ons aandag gebring het. En so kan 'n mens aangaan.

DIT IS NATUURLIK NIE NET rolprente nie, maar ook televisie wat dié soort mag het. En dan ook nie net televisie-dramas nie, maar ook dokumentêre. Die Britse dokumentêr *The Leader, his driver and the driver's wife* het die hele AWB-kultuur oopgevelek soos geen boek of tien artikels dit kon doen nie.

En dan is daar natuurlik CNN, wat die wêreld se mening oor die Golf-oorlog só eensydig gevorm het dat g'n boek dit weer kan regstel nie. Ons het dit dan met ons eie oë gesien soos dit gebeur het, hoe kan ons nie reg wees nie? Maar ons het nooit geweet wat is gesensureer of geïgnoreer en wat is met watter motief oor-geaksentueer nie, en ons het geen beheer gehad oor watter mense se menings gevra en watter geïgnoreer is nie.

Ek glo 'n roman het ook soortgelyke potensiaal, hoewel heelwat minder kragtig as 'n rolprent, omdat die visuele ontbreek - en, helaas, omdat minder mense lees.

Ek het onlangs een gelees: *The Power of One*, 'n boek oor 'n Engelse seun se lewe in Suid-Afrika geskryf deur Bryce Courtenay. Hy het hier grootgeword, maar is vir groener weivelde Australië toe en skryf deesdae net af en toe briewe aan die *Weekly Mail*.

Die boek is al maande lank 'n blitsverkooper in Australië, Brittanje en hier by ons. Dit is baie onderhoudend en knap geskryf, maar Boerehaat is eintlik die enigste tema. Dit is die verhaal van die seun se oorwinning oor die rassistiese, kru en dom Nazistiese Boere-boelies, mense met voornamelyk soos Snotnose en Klipkop.

THE POWER OF ONE, as 'n hoogs suksesvolle roman, gaan ongetwyfeld die nie-Afrikaansprekende lesers daarvan 'n diep afkeer van die Afrikaner laat ontwikkel, want 'n mens assosieer jou volledig met die arme Engelse bloedjie se stryd. Dié boek word nou ook 'n rolprent, wat dit nog meer invloedryk sal maak.

Dit is 'n voorbeeld van die misbruik van fiksie as geskiedenis.

Maar daar is uitstekende plaaslike voorbeelde ook. Ons het almal min of meer geweet wat die lot van ons swart landgenote is, maar vir baie mense het dit 'n roman soos *Popple Nongena* geveg om die werklikheid en onmenslikheid daarvan te laat deurdring.

Riaan Malan se *My Traitor's Heart*, wat glo ook binnekort 'n rolprent word, is nog 'n voorbeeld van hoe 'n land se geskiedenis en omstandighede heelwat meer deurdringend as 'n geskiedenisboek aan mense oorgedra kan word.

Ander Suid-Afrikaanse skrywers wat baie suksesvol met dié genre speel, is Elsa Joubert (*Missionaris*) en John Miles (*Kroniek uit die Doofpot*).

Dit is veral Miles se boek wat my opgewonde maak oor die potensiaal van fiksie as 'n manier om die geskiedenis te herskryf. (Hy het *Kroniek* gegrond op 'n werklike voorval, maar dit gedramatiseer en uitgebou om die verhaal so dramaties en ontstellend te maak as wat dit sou gewees het as al die feite behoorlik bekend kon geword het.)

Ek kan nie sien hoe ons anders van die Groot Leuens in ons onlangse geskiedenis ontslae kan raak as met dié soort metode nie. Ons weet byvoorbeeld, veral aan die hand van kollega Jacques Pauw se beriggewing en sy boek, *In the Heart of the Whore*, van die aakligheide van staatsgesteunde moordbendes. Maar amptelik bestaan dit nie. Die regering sê so, en regter Louis Harms het dit bevestig ná sy ondersoek.

MISKIEN MOET IEMAND 'N ROLPRENT daarvoor maak, iets soos *Night of the Pencils of Mississippil Burning*, waarin die mense-geweldenaars én slagoffers - gesigte en name en emosies kry.

Die potensiaal van so iets is wonderlik. Want daarmee kan die "amptelike waarheid" - die "waarheid" soos die staat wil hê sy onderdane dit moet sien - omseil word en die werklikheid voorgelê word. Dit kan nie op 'n feitlike manier, as werklike reportage, gedoen word nie, want daar is wette en faktore soos lasteraksies wat dit verhoed.

Miskien moet ons ook 'n Afrikaanse rolprent maak oor die Verwoerd-era, en een oor die werklikhede van die militêre destabilisering van ons buurstate.

En miskien een vir ons nie-Afrikaanssprekende landgenote, 'n rolprent met deernis wat die bitterhede in die geskiedenis van die Afrikaners kan uitbeeld as 'n deel van die verklaring waarom dié groep so vol vrese, bitterheid en arrogansie is.

B R I E W E

Ryk leiers, arm mense

Kobus de la Porté van Durbanville skryf:

Ek kan heeltemal verstaan as Herman Scholtz wil kots elke keer as hy aan Marike de Klerk se eetgerei dink (VWB Briewe 17 - 23 Januarie), maar ek ondervind 'n probleem om my rektum te beheer elke keer as ek aan die Mandela Paleis in Soweto dink en die R13 000 wat nooit by die onderdrukte gemeenskap van Brandfort uitgekome het nie. Terloops, ambassadeur Herman Nickel kan goed onthou dat die geld wel aan Haar (dis nou Winnie - Nelson se vrou) oorhandig is.

Die beste is natuurlik Allan Boesak wat 'n erf van 'n halfmiljoen Rand in Constantia koop en nog geld het om 'n huis op die erf te bou. Nou sleep Boesak Die Burger hof toe omdat dié die indruk sou skep dat hy uitspattig is. Arme Dorothy Boesak en die Huisgenoot is seker volgende aan die beurt omdat hulle gewaag het om te beweer dat die ANC se Wes-Kaaplandse leier 'n voorkeur en liefde vir Franse Cuisine en ingevoerde klere het.

Dit is baie duidelik dat daar 'n neiging by die ANC-leiersfigure is om 'n soort "Yuppie-elite"-lewenstyl te volg. Hoe versoenbaar dit met die ANC se filosofie is, is 'n ope vraag en hoe lank dit nog deur die onderdrukte en verarmde massas aanvaar gaan word, sal net die tyd kan leer. Een of ander tyd sal apartheid en die onwettige regime nie die skuld vir alles kan kry nie.

(Die fette rondom Boesak se beweerde aankoop van 'n erf is nou die onderwerp van 'n regsgeleding. Die leser kan nie nou bloot beengaan en sê Boesak het inderdaad die erf gekoop nie - Red.)

Feministiese onderrok

Mark Venter van Aucklandpark skryf:

Ek sien Andrea Vinassa het haar resensie oor *The Fishes King* nou vir 'n derde keer aangepas. Pla haar gewete haar of wat?

Miskien moet sy ook haar ander patetiese resensies hersien. Soos Chris Claassen sê (VWB Briewe, 13 Desember), haar feministiese onderrokkie hang darem verskriklik uit. Nie net dit nie, dit lyk my haar brandende bra het ook beide nippels van omvattende insig en goeie oordeel swart verbrand. Ag shame.

(Die redaksie van VWB is trots op die intellektuele integriteit van die koerant se kunsredakteur. Na die reaksie en taalgebruik van dié leser geoordeel, wil dit voorkom of hy tetuut van 'n vrouebater is. Terloops, me Vinassa dra nie eintlik rokke nie, en as sy nie sterk menings oor seksisme gehad het nie, sou sy nie by VWB tuis gevoel het nie. - Red.)

Opinies of feite

Wlebo van der Merwe van Parow skryf:

Ek verwys na Max du Preez se rubriek, Vrydagoggend (VWB 24 - 30 Januarie).

Ek kan wragtag nie die ou laat wegkom met "En vergeet dit, dit is doodeenvoudig nie waar dat die sogenaamde swart kulture minder respek het vir die menslike lewe as die wit gemeenskap nie."

My opleiding maak my gewoon daaraan om stellings gestaaf te sien met voetnotas. So as daar staan "...die Boere het langer penisse as die Souties..." moet daar 'n nommer by dit aangedui wees (byvoorbeeld 16, 17 & 18). Agteraan die artikel sien jy 16, 17 & 18 in die voetnotas verwys na artikels in ander gerespekteerde joernale wat die stelling staaf of ten minste ondersteun op een of ander manier.

Nou vra ek, waar kry Du Preez die "feit" vandaan? In my opinie (gegrond op ondervinding in verskeie Suid-Afrikaanse hospitale) is hy heel waarskynlik verkeerd. Maar dit is my mening (hoewel die meerderheid van my kollegas waarmee ek gepraat het ook so voel).

In elk geval, of dit so is of nie maak nie saak nie. Wat bly staan ('n feit soos 'n koei) is dit: Joernaliste moet nie hulle opinies feite maak nie.

(Vrye Weekblad is nie 'n akademiese joernaal nie, en

my rubriek is my mening, nie 'n fettelike verslag nie. Dalk het die leser se ervaring in hospitale aan hom 'n eensydige beeld gegee - na al die jare van apartheid, een van die mees gewelddadige ideologiese in die moderne geskiedenis, is dit waarskynlik onvermydelik. Kyk gerus rustig na, byvoorbeeld, hoe Afrikanernasionalisme die laaste paar dekades met swart lewens omgegaan het en hoe die een Boerseun na die ander deesdae swartmense voor die voet afmaat en wonder dan wat sê dit van die Afrikaner se respek vir die menslike lewe - MdP.)

Bring Scotland Yard

David Kessler van Bellville skryf:

Molly Lubowski, moeder van die vermoorde advokaat en politikus Anton Lubowski, is 'n Afrikaneremoeder wat vasberade is om die raaisel om en moord op haar geliefde en heldhaftige seun vir eens en altyd op te los. 'n Mens moet haar bewonder en admireer want haar stryd is teen die almagtige Suid-Afrikaanse Weermag en Suid-Afrikaanse Polisie - die skuldiges is onder hulle te vinde en hulle sal mekaar nie "weggee" nie. Hulle is 'n gewetenlose klomp.

In elk geval hoe kan die Suid-Afrikaanse Polisie hulle eie ondersoek doen - quis custodiet custodes ipsos - wie sal die bewaarders bewaak? - soos die ou Romeine daisende jare gelede ontdek het.

Ons moet doen wat die eenpartystaat Kenia, toe een van hulle oud-Ministers vermoor is, gedoen het - Scotland Yard inroep en dit lyk asof die moord nou opgeklaar is. Molly moet aandrang - en ons wat nog 'n hart en 'n gewete besit moet haar bystaan - en daarop aandrang dat die moord op haar seun, op David Webster, Rick Turner, Timol, prokureurs Mxenge en sy vrou Victoria, Iman Haron, Dr Neil Aggett, Ruth First, Dulcie September, Jean Schoon en haar 8-jarige dogter, Dr en mev Ribiero, Goniwe en sy drie kollegas en talle ander vermoordes, deur Scotland Yard, of Interpol, of 'n internasionale polisie-span ondersoek moet word - dan sal die waarheid aan die lig kom en "the heads will roll". Die Harms-Kommissie was 'n klug van begin tot einde sowel as die McNally-Komitee. President De Klerk se plegtige belofte dat die saak van die moordbendes "tot die been oopgesny sal word" het doodgeloop en is soos "water op 'n eend se rug".

De Klerk sal so 'n ondersoek deur Scotland Yard teenstaan deur allerhande floue verskonings te maak - soewereiniteit en inmenging in ons huishoudelike sake ens.

so sê hulle

"Jou bliksem!"

Maggie Brown, 'n 73-jarige inwoner van Clower in die Oos-Transvaal, voordat sy 'n man wat haar met 'n mes wou aanval, met twee skote platgeskiet het.

"Tot watter vlak het ons nou gedaal? Ek en my vrou is beskaafde mense. In my huis gaan niks onwettigs aan nie - nog minder in my slaapkamer."

AWB-leier Eugene TerreBlanche oor sy inhegtenisneming vieruur die oggend in verband met die 'Slag van Ventersdorp'.

"So don't feel sorry for - don't cry for me Argentina. We've got problems... and I'm blessed by my good health."

President George Bush oor, onder meer, sy gesondheid.

"Dis mos logies - praat voor jy skiet, put alle moontlikhede uit."

Jack Nel, KP-stadsraadslid vir Gemiston, wat ontevrede is oor die KP se weiering om die volkstaat-idee na Kodesa te neem.

"Saddam Husseln still has his job, do you?"

A bumper sticker seen in New Hampshire, a state hard hit by the US recession.

"I can do my thinking and not have to concentrate on little things like memory."

Axl Rose, lead singer for the rock band Guns n' Roses, on why he relies on a Tele Prompter when he sings.



ALISTAIR FINDLAY IN CITY PRESS

HET JY GEWEET?

Die aantal Amerikaners met Aids het pas die 200 000-kerf verbygesteek. Die Sentrum vir Siektebeheer in Atlanta, Georgia, sê binne minder as twee jaar kan daar 300 000 Aids-lyers in Amerika wees. Sedert 1981 het 206 392 Amerikaners die siekte opgedoen en is 133 232 daaraan dood. Die Aids-epidemie versprei al hoe vinniger: die eerste 100 000 Amerikaanse lyers het Aids van 1981 tot 1989 opgedoen - en die tweede 100 000 binne die volgende twee jaar.

Die Franse regering wil kondome in hoër skole versprei om leerlinge bewus te maak van Aids, maar die Rooms-Katolieke Kerk en konserwatiewe groepe is teen dié voorstel gekant. Die minister van vroueregte, Veronique Neiertz, sê sy het die projek voorgestel omdat die meeste Franse hulle nie aan "veilige seks" steur nie. Net 'n kwart van die seksueel aktiewe Franse gebruik kondome, het 'n studie bevind. Van die jeug tussen 18 en 24 jaar gebruik net 33 persent soms 'n kondoom.

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Bepark (Reg. No. 88/40168/06). Wending Publikasies Bepark en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 83-4879.

Redakteur: Max du Preez

Assistent-redakteurs: Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde.

Politieke Korrespondent: Hennie Serfontein

Sub-redakteur: Ryk Hattingh

Kopieredakteur: Johan Bruwer

Ontwerp: Anton Sassenberg

Kaapse kantoor: Christelle Terreblanche

Redaksie: Pearlle Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo, Llewelyn Roderick /

Advertensies: Joyce Dube, Louwrens Potgieter

Redaksie-assistent: Irene Zulu

Kantoor-assistent: Joseph Moetasl, Vernon Zulu

Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Bepark: Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Bepark, Kommandoweg, Industria. Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW Ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aflewering Ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (BTW Ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse Intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrens Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

Wisla Wodka

Specially distilled
in Poland, the true home
of wodka



True wodka was born in Poland and
distilled to levels of unsurpassed purity.
In this tradition, Wisla Wodka
is brought to you under licence from
J.A. Baczewski - est. 1782 -
makers of fine wodka.

Make Wisla your Wodka.

J.A. Baczewski - est. 1782 - makers of fine wodka.

Bottled in South Africa.

SÓ GAAN ONS MOOR, SÊ LOOD

Die SA Polisie het vandeeweek 'n deurbraak in sy veldtog teen regse terreur gemaak toe die voortvluggende Lood van Schalkwyk in Bronkhortspruit in hegtenis geneem is - kort nadat dié vermeende moordenaar oorlog teen die regering verklaar, en gedreig het om mense dood te maak. Van Schalkwyk is in hegtenis geneem terwyl hy met JACQUES PAUW gesels het.

LOOD VAN SCHALKWYK en sy Christen-Vryheidsfront het vandeeweek oorlog teen Staatspresident FW de Klerk verklaar en gesê dat hul baie mense gaan doodmaak en weier om onder 'n "kaffer- of Joodse regering" te dien. Hy het gesê dat hul vryheidstryd begin het en 'n inspirasie vir ander Afrikaners sal wees.

Minute nadat Van Schalkwyk sy oorlogsverklaring gemaak het, was hy ontwapen en terug agter tralies nadat 'n jong polisieman van die honde-eenheid op Bronkhortspruit hom vasgekeer en in hegtenis geneem het.

Van Schalkwyk, wat tereg staan op aanklagte van moord en poging tot moord, het dié week gesê: "Ek het reeds heelwat dooies op my kerfstok." Hy sê sy manne, van hulle gewese Verkenningsskommando's, is deeglik gewapen en wag net op sy bevel om met 'n volskaalse terreurveldtog te begin.

Dié ver-regse leier het vandeeweek sy oorlogsverklaring aan 'n verslaggewer van Vrye Weekblad in 'n motor in Bronkhortspruit naby Pretoria gemaak waar hy die sluier gelig het oor die struktuur en optrede van sy organisasie, hul kontak met ander verregse organisasies wêreldwyd en geweldpleging waarby hy reeds betrokke was.

Om te bewys dat hy en sy organisasie ernstig is met hul oorlogsverklaring, het Van Schalkwyk gesê hy en sy manne binne die volgende week 'n persoon gaan ontvoer en op 'n afgeleë plek martel totdat hy sekere erkennings maak. Die erkennings wou Van Schalkwyk op 'n videoband laat vaslê.

Van Schalkwyk het kort-kort na dié ontvoering verwys en dit het voorgekom asof die slafoffer 'n polisieman kan wees. Van Schalkwyk wou nie sê wie die ontvoerde gaan wees nie, maar het onderneem om VWB op hoogte daarvan te hou.

VWB se verslaggewer het ná 'n naamlose oproep Van Schalkwyk om nege-uur Maandagaand voor 'n hotel op Bronkhortspruit ontmoet. Ná 'n gesprek van sowat 90 minute het Van Schalkwyk 'n polisiemotor opgemerk en die verslaggewer opdrag gegee om weg te ry. Van Schalkwyk het deurentyd 'n rewolwer op sy skoot gehou. (Sien berig op p 6)

VAN SCHALKWYK MOES VERLEDE week in die Hooggeregshof in Pretoria op aanklagte van moord en poging tot moord verskyn. Hy was na bewering in Augustus 1990 betrokke by 'n bomontploffing by 'n taxi-staanplek in Pretoria en 'n ontploffing in Durban twee maande later waarin 'n rekenaarprogrammeerder dood is.

Van Schalkwyk het reeds Dinsdagoggend voor regter S van Dyk in die Pretoriase Hooggeregshof verskyn waar sy borggeld van R5 000 voorlopig verbeurd verklaar is. Sy saak is tot Maandag uitgestel.

Van Schalkwyk, Maritz en Martin, almal lede van die Orde-Boerevolk, het verlede jaar wêreldwye aandag getrek met 'n beweerde eetstaking waarop hulle gegaan het nadat hulle in hegtenis geneem is weens aanklagte van moord en poging tot moord.

Van Schalkwyk, Maritz en Martin was glo op die randjie van die dood, maar nadat die Staatpresident geweier het om vrywaring aan hul te verskaf, het hul die eetstaking gestaak.

Mediese toetse wat gedoen is toe Martin, Maritz en Van Schalkwyk



LOOD VAN SCHALKWYK

onderskeidelik 60 dae, 53 dae en 46 dae sonder kos was, het getoon dat die eetsakers - veral Maritz en Martin - beslis voeding tydens hul eetstaking ingeneem het.

Van Schalkwyk, 'n hartlyer, was geklee in 'n langbroek en kortmouhemp en sy tradisionele baard was afgeskeer toe hy Maandagaand in die motor geklim het. Op sy skoot het 'n gelaide swart rewolwer gelê. Hy het gesê: "Ek is gereed om te sterf. Ek wil nie meer in hierdie land leef soos dit nou gaan nie. Ek sal in elk geval nooit weer 'n vry man wees nie. Dis óf veg óf die dood vir my."

VAN SCHALKWYK HET TYDENS sy gesprek met VWB gesê:

* Die Christen-Vryheidsfront (CVF) organiseer reeds die afgelope twee jaar 'n ondergrondse militêre netwerk wat teen die regering, die ANC en Jode kan optree. Die CVF is nou in 'n posisie waar hy gereed is om tot militêre aksie oor te gaan.

* Die CVF bestaan uit 'n netwerk van tweeman-selle. Die lede van die verskillende selle ken mekaar nie en is nie bewus van mekaar se identiteit nie. Slegs lede van dieselfde selle ken mekaar en tree saam op. Van Schalkwyk het gesê die struktuur van sy organisasie is gegrond op dié van die Ku Klux Klan in Amerika.

* Die militêre lede van die CVF is almal goed gewapen en is in besit van wapens wat nie van Suid-Afrikaanse oorsprong is nie. Van Schalkwyk wou nie sê waar die wapens vandaankom nie en ook nie of dié CVF in besit van plofstof is nie.

* Daar is oud-Verkenningsskommando's in die CVF. Die militêre manne van die CVF is almal goed opgelei en gereed om te veg. Van Schalkwyk wou eger nie sê of sy organisasie reeds terreuraanslae gepleeg het nie.

* Die CVF het kontak en korrespondeer met die Ku Klux Klan in Amerika, die National Front in Brittanje en neo-Nazi-organisasies in Duitsland en Frankryk. 'n Neo-Nazi-organisasie in Duitsland het Van Schalkwyk na sy vrylating op borgtog veilige herberg in dié land aangebied, maar hy het besluit om dit te weier en eerder in Suid-Afrika te bly en vir sy saak te veg.

* Op 'n vraag hoe die CVF lede werf, het Van Schalkwyk gesê huidige lede nominee moontlike lede vir die organisasie deur hul name aan die intelligensie-offisiere te verskaf. Dié offisiere gaan die moontlike lede se rekords na en nader hul dan om by die organisasie aan te sluit. Hy wou nie sê

Van Schalkwyk se belangrikste onthullings

- * "Ons verklaar oorlog teen Staatspresident FW de Klerk en gaan baie mense doodmaak. Die Christen-Vryheidsfront (CVF), wat goed gewapen is, organiseer reeds die afgelope twee jaar vir sy terreurveldtog."
- * "Ek het reeds heelwat dooies op my kerfstok." Van Schalkwyk sê hy was onder meer verantwoordelik vir 'n bomontploffing in Durban waarin 'n programmeerder dood is.
- * Die CVF het kontak en korrespondeer met die Klu Klux Klan in Amerika, die National Front in Brittanje en neo-Nazi-organisasies in Duitsland en Frankryk.
- * Om te bewys dat hy en sy organisasie ernstig is, gaan hul binne die volgende week 'n persoon ontvoer en sekere erkennings uit hom martel.

hoeveel lede die CVF het nie, maar het erken dat hul klein is en nooit 'n massa-organisasie sal word nie.

* **"EK HET REEDS HEELWAT DOOIE MANNE** op my kerfstok", het hy in antwoord op 'n vraag of hy al terreur gepleeg het, gesê. Van Schalkwyk het gesê benewens die aanklagte waarop hy nou tereg staan, was hy ook betrokke by 'n aanslag op 'n bus (dit kon 'n mini-bus gewees het) in Bophuthatswana en die "Jeppestraat-voorval". Hy wou nie verdere besonderhede verskaf of sê waarna hy verwys nie.

* Van Schalkwyk sê hy het nooit vir die Suid-Afrikaanse Regering as agent gewerk nie en sedert hy Maritz en Martin sowat twee jaar gelede ontmoet het en hulle saam in 'n sel was, is hy ook nie bewus daarvan dat hulle agente van die Staat was nie.

* 'n Polisieman was lid van die verregse sel en saam met die drie verregses betrokke by die bomaanslag op die PC-Plus-maatskappy in Durban. Van Schalkwyk was saam met die polisieman toe hulle die rekenaarbom by die Fastlane-koeriers in Johannesburg gaan aflewer het vir versending na Durban. "Waar dink jy het die sel aan sy inligting gekom dat die PC-Plus-maatskappy 'n frontorganisasie vir die ANC was en by operasie Vula betrokke was? Van die polisieman en sy pa af, natuurlik," het Van Schalkwyk gesê.

* Die polisieman se pa, 'n kolonel in die polisie (hy het beide se name genoem), het geweet sy seun is by die regse sel betrokke en het dit goedgekeur. Van Schalkwyk sê hy ken die kolonel en het hom al by sy huis onthaal.

* Omdat die PC-Plus-maatskappy 'n "front" vir die ANC was, is dit vir Van Schalkwyk onverklaarbaar hoekom hulle nie vrywaring vir die ontploffing kan kry nie. Van Schalkwyk sê daar kan tog geen twyfel wees dat die Durban-bom ook 'n politieke daad was nie.

* Hy verag Maritz en Martin en wil niks met hulle te make hê nie. Hy het reeds 'n dag na sy opname in die HF Verwoerd-Hospitaal in Pretoria gevra om van hulle weggeskuif te word. Hy sê hy het vooraf geweet dat Martin en Maritz oorsee gaan vertrek, dat hulle hom duisende rande skuld en dat hulle sy motor gesteel het. Hy was die enigste van die drie regses wat werklik op 'n eetstaking was. Maritz en Martin het voeding ingeneem.


* **EUGENE TERREBLANCHE IS 'N** lafaard en kan nooit met die Boer se vryheidstryd vertrou word nie. Van Schalkwyk sê die AWB en ander ver-regse organisasies is kwaaï deur die polisie geïnfiltrêre. In sy eie organisasie kom veiligheid eerste - en dis hoekom hy na soveel maande steeds op vrye voet is. Die enigste regse leier wie se naam as vertrouing deur Van Schalkwyk genoem was, was Jan Groenewald. Van Schalkwyk sê hy glo in die herstel van die Boererepublieke.

* Hy het reeds 'n brief aan die president van die ANC, Nelson Mandela, geskryf waarin hy hom gewaarsku het dat vir elke wit polisieman wat vermoor word, 'n lid van die ANC sal sterf. Toe Mandela die drie eetstakers in die HF Verwoerd-Hospitaal besoek het, was sy woorde aan die ANC-president: "Mandela, wat wil jy hê?"

* Die saak van die CVF geniet wye steun in die SA Polisie, veral onder lede van die Taakmag wat hy persoonlik ken. Van Schalkwyk sê daar is byvoorbeeld 'n polisiekantoor in Pretoria wat hom vier dae na mekaar ingeteken het sonder dat hy teenwoordig was. Hy het nie gesê waar dié polisiekantoor is nie.

* Hy het 'n swart "vegters-balaklava" vir die CVF ontwerp waarmee sy manne aanslae sou uitvoer. Die organisasie se amptelike vlag bestaan uit 'n kombinasie van die ou Transvaalse Vierkleur en die Vrystaatse vlag.

DIS VEG OF STERF



Kort nadat Lood van Schalkwyk 'n oorlogsverklaring aan 'n verslaggewer van *Vrye Weekblad* gemaak het en gedreig het om baie mense dood te maak is hy in hegtenis geneem. Van Schalkwyk, wat gewapen was, is gevang na 'n jaagtog deur 'n woonbuurt, vertel **JACQUES PAUW**

DIS die Boerebloed van sy oupa, boere-generaal Lukas Grobler, wat deur sy are vloei en hom so 'n verbete vegter maak, het die man met die swart rewolwer op sy skoot gesê en bygevoeg: "Vir my vang hulle nooit lewendig nie. Of ek veg, of ek sterf."

Skaars 'n uur na sy oorlogsverklaring aan die Staatpresident was die leier van die Christen-Vryheidsfront, Lood van Schalkwyk, sonder sy rewolwer. Langs hom het 'n jong polisieman met 'n R4-geweer gestaan. Enkele minute vantevore het die polisieman hom in 'n woongebied van Bronkhorstspuit in hegtenis geneem.

Van Schalkwyk het aanvanklik volgehou: "Ek is meneer Swart van Carolina." Die twee polisiemane het nie geweet wie die man was nie. Maar hulle was bekommerd, want hy was gewapen, het volgens berigte sy rewolwer op hulle gerig en is eers in hegtenis geneem na 'n jaagtog deur die strate van Bronkhorstspuit.

Die polisiemane het hom aanvanklik as "meneer Swart" aangespreek en dit was eers nadat kol Roelf Venter van Polisiehoofkwartier in Pretoria gekontak is dat die geregsdiensers finaal gewet het dat dit inderdaad die vermeende moordenaar Lood van Schalkwyk was wat so vriendelik in die polisiekantoor met hulle gesels het.

Ek het Maandagmiddag vroeg 'n oproep ontvang van 'n man wat gesê het hy is 'n persoon oor wie VWB in die verlede heelwat geskryf het en dat hy lid was van 'n groep van drie mans waarvan twee intussen oorsee gevlug het.

Ek het vermoed dit is Lood van Schalkwyk, een van die regses wat verlede jaar saam met Adrian Maritz en Henry Martin op 'n eetstaking was.

Die persoon het gesê hy is die leier van die Christen-Vryheidsfront en hy wil oorlog teen Staatspresident FW de Klerk en sy regering verklaar.

Hy het gesê ek moet om nege-uur dieselfde aand in die manskroeg in 'n hotel op Bronkhorstspuit gaan wag waar een van sy manne my sal gaan haal en na hom toe neem. Hy het gewaarsku en gesê indien iemand saam met my gaan, hy my en die ander persoon sal doodskiet. Hy

het ook gewaarsku dat daar manne sal wees wat hom sal oppas en my sal dophou.

KORT NADATEK OP DIE afgespreekte plek in Bronkhorstspuit aangekom het, het 'n persoon uit die skaduwees oorkant die pad gestap, aan die passasierskant van die motor ingeklim en my beveel om onmiddellik te ry. Dit was Lood van Schalkwyk.

'n Man wat saam met Van Schalkwyk uit die skaduwees gestap het, het in 'n kar 'n ent verder geklim en agter ons aangery. Van Schalkwyk het later verduidelik dié man is een van sy intelligensie-offisiere wat hom oppas.

Van Schalkwyk het 'n swart gelaaide rewolwer in 'n holster op sy skoot vasgehou. Hy het my beveel om langs die pad aan die buitewyke van Bronkhorstspuit stil te hou en vir die volgende 90 minute het ons in die kar gesit en gesels.

Hy het gesê hy het my ontbied en besluit om 'n onderhoud met my te voer omdat hy 'n oorlogsverklaring aan Staatspresident FW De Klerk en sy regering wil maak. Van Schalkwyk wou sy oorlogsverklaring aan die regering in vandeeweek se uitgawe van *Vrye Weekblad* publiseer.

Ons het afgespreek dat hy 'n handgeskrewe oorlogsverklaring op Woensdag, 5 Februarie aan my sou oorhandig. Op dieselfde aand sou ons 'n foto van Van Schalkwyk en twee van sy manne in balaklavyas en met handkarabynne afneem.

Kort voordat ons die gesprek sou beëindig, het Van Schalkwyk 'n polisievoertuig gesien. Hy het steeds sy rewolwer op sy skoot vasgehou en my beveel om onmiddellik die motor aan te sit en so vinnig as moontlik weg te ry. Sowat 'n halwe kilometer vanwaar ons geparkeer was, het 'n straat na links in 'n woonbuurt ingedraai en Van Schalkwyk het my beveel om dié pad te volg.

EK HET IN OPDRAG VAN VAN SCHALKWYK in verskeie ander strate in die woonbuurt afgery, maar die polisie-voertuig het kort op ons hakke gebly. Van Schalkwyk het

'Polisieman was betrokke by Durban-bom'

Die betrokkenheid van 'n polisieman by 'n verregse moordbom kan na die inhegtenisneming van Lood van Schalkwyk nou op die lappe kom omdat die Staat hom as getuie sal moet roep. Van Schalkwyk het vandeeweek beweer dat die polisieman se kolonel-pa ook goed aan hom bekend is.

JACQUES PAUW doen verslag.

'N SUID-AFRIKAANSE polisieman se beweerde betrokkenheid by 'n verregse bom wat in Oktober 1990 by 'n rekenaarmaatskappy in Durban ontplof en 'n werknemer gedood het, kan binnekort in die Pretoriase Hooggeregshof ontbloot word wanneer 'n polisieman as staatsgetuie teen Lood van Schalkwyk moet getuig.

Die polisieman was na bewering 'n lid van 'n verregse sel wat in Oktober 1990 die bom in 'n rekenaar versteek en na Durban versend het. Die polisieman is egter nooit aangekla weens moord nie omdat hy volgens 'n woordvoerder van die SAP as staatsgetuie gebruik gaan word.

Die inhegtenisneming dié week van Lood van Schalkwyk, leier van die verregse Christen-Vryheidsfront (CVF), beteken dat die Staat die polisieman as getuie sal moet roep om te getuig oor sy verregse betrokkenheid by Van Schalkwyk en die ander twee lede van die sel, Adrian Maritz en Henry Martin. Maritz en Martin het intussen oorsee gevlug. Van Schalkwyk het tydens sy onderhoud dié week met VWB gesê dat hy die polisieman goed ken, en dat sy pa, wat 'n kolonel in die polisie is, al by hom aan huis was.

Van Schalkwyk se vrou, Heather, en sy seun, Lood van Schalkwyk, het vandeeweek gesê hulle kan weens die komende hofsak nie met VWB gesels nie, maar bevestig dat hulle al deur Lood (snr) aan die polisiekolonel voorgestel is. Heather van Schalkwyk sê die kolonel se telefoonnommer staan in haar man se telefoonboekie.

VWB het in Augustus verlede jaar berig dat 'n polisieman moontlik by die ontploffing betrokke was, maar dat hy nie saam met Maritz, Martin en Van Schalkwyk aangekla is nie.

DIE SA POLISIE HET IN SY KOMMENTAAR gesê hulle ondersoek 'n beweerde misdaad teen die polisieman. "Die lid van die Mag wat na bewering by die voorval betrokke is, is 'n leerling-speurderkonstabel. Die lid is intussen geskors en sal as staatsgetuie gebruik word. Verdere optrede teen die lid sal eers na afloop van die strafsak oorweeg kan word."

Twee polisie-sketse is van die bomplanters gemaak wat in Oktober 1990 die rekenaarbom by die versendingsmaatskappy Fastlane aan die Oos-Rand afgelewer het. Die een penskets is glo van die polisieman, wat volgens Van Schalkwyk saam met hom was toe hulle die bom afgelewer het. Die polisieman is ook glo op 'n identiteitsparade as een van die bomplanters uitgeken.

gesê hy mag nie gevang word nie en het my beveel om stil te hou sodra die polisiekar buite sig is sodat hy kon uitspring.

Hy het in dié stadium sy rewolwer uit sy holster gehaal en in sy hand vasgehou. Hy het ook die passasiersdeur se venster oopgedraai. Ek was bang hy begin op die polisiemotor skiet en ek het so vinnig as moontlik gestop sodat hy kon uitspring.

Die polisiemotor het ook gestop en 'n polisieman met 'n geweer het Van Schalkwyk gevolg. Ek het 'n entjie verder stilgehou, uit my motor geklim en myself

aan die ander polisieman geïdentifiseer.

Ek het by die polisieman in sy motor geklim en ons het na die plek gery waar ek Van Schalkwyk afgelaai het. Die ander polisieman het met 'n R4-geweer by hom gestaan en hom aangehou. Van Schalkwyk was ontwapen.

Ek is saam met die polisiemane na die polisiekantoor op Bronkhorstspuit waar ek eers deur 'n kaptein Van Jaarsveld en later deur kolonel Roelof Venter ondervra is. Venter het aan my gesê dat ek nie onder arrest is nie en dat ek maar kan gaan.

In Lee of payment

If American director Spike Lee arrived in South Africa as some kind of messiah, he left in the usual way - with a long trail of broken promises and bad debts stretching behind him, writes HUFF PRYCE. Among the discontented are a group of film students who claim their "film education" on set amounted to them being used as servants and hundreds of extras who filled out the crowd scenes in Lee's movie - but got nothing to fill their pockets

THE closing sequence in Spike Lee's new film has a crowd of militant Soweto youths moving through the dusty streets of Soweto toyi-toying and chanting while they brandish placards engraved with the words and the image of American Black Consciousness activist Malcolm X.

The point of the shot, as Lee explains it, is to demonstrate that "the tribulations of blacks, whether in Harlem or London or South Africa are all interlinked", a solidarity in suffering.

That may well be true. But there are a whole lot of black film students and Soweto youths who have a more hard edged analysis as a result of their dealings with Lee - and more immediately with his South African representative, Rapiitse Montsho.

They talk about exploiters and the exploited. And they describe themselves as being in the latter category and Lee and his entourage in the former.

Bluntly, they claim they were ripped off.

Not that they are unused to being ripped off: it's just that Lee came in promising to do so much for the oppressed of South Africa. Lee - or his agents inside the country - would only take on blacks to fill out the crew; black interviewees were preferred to their white colleagues; there was a lot of rhetoric and more solidarity. Lee went further in making a conspicuous point of dealing with all of the appropriate representatives of all the appropriate cultural arms of the liberation organisations. He offered workshops to disadvantaged (black) film makers, he allowed starry-eyed aspirant young (black) film students onto set to see how it was done.

For the cultural workers of the new South Africa it was to be a veritable orgy of affirmative action.

But it didn't work out quite like that. If Lee arrived as some kind of messiah, he left in the usual way - with a long trail of broken promises and bad debts stretching behind him.

Take the case of Yolande Modise, a student of sound technique with the Film and Allied Workers' Organisation.

As part of a deal contracted between Lee and the filmworkers' body, an agreement was concluded to the effect that Modise and five other Fawo students would be allowed onto Lee's set as observers and guests during the two days in late January he was filming in Soweto. In exchange Lee would be allowed to work in South Africa without fear of either local or international boycott censure.

"It was one of the great moments of my life," Modise says. "Being able to watch one of my most favoured directors at work. I got up at four o'clock, I was so excited. Especially because it was Spike Lee and we all believed he was somebody who was on our side."

But when Modise and her co-students arrived on set they were at first refused access to the set and told they would be evicted if they refused to leave.

After some time however, Montsho was called, the students' presence was explained and they were allowed onto the set. Relieved, they moved across to where the crew was setting up - only to be chased away again: nobody was allowed near the director.

Finally though, after a good deal of negotiation, the six were integrated into the shoot: two of the students were told to watch the crew's cars lest somebody try to steal them; two others were given a batch of name tags to hand out to various members of the crew and other people permitted to be on the shoot and then used as gofers - and Modise and the last of her co-students were told to go off and help the caterers prepare food.

According to Modise she spent a good deal of the day washing dishes.

"I didn't ever get to see Spike Lee and I never got anywhere near the sound crew. It was a complete waste of time. I didn't get onto a Spike Lee film shoot to learn how to wash dishes.

"We were just used as labour and we weren't even paid for our labour at the end of it."

But at least there was no prior agreement that the Fawo students would be paid.

Less lucky were some hundreds of extras brought in from all corners of Soweto to fill out the crowd of marching students for the Malcolm X toyi-toyi scene.

According to members of the cast of thousands, they were picked up in a roving bus and four kombis after Lee decided he needed a larger extras cast than the four hundred already laid on by a Mofolo school principal. Members of the group said the literally hundreds of youths thus approached were told they would be taken home after the scene had been shot and they would be paid R50 each for their appearance.

But they weren't - and they weren't. Once the scene had been shot to the director's satisfaction, they said, they were simply thanked and told their services were no longer required. Bye.

That is also what two pre-production workers, who were contracted to produce the Malcolm X placards, heard. After nearly a week of work - at unspecified wages - they were not paid and have yet to hear anything from their employers.

Approached by *Vrye Weekblad* on the issue, Rapiitse Montsho, whose RM Productions handled the South African end of Lee's shoot, denied that anything irregular had taken place. He said he had paid out two sums of money for extras on Saturday, 25 January when the extras were filmed, one of R500 to Phadimaneg Lower Secondary School - which had organised the original group of approximately 400 toyi-toying extras - and an additional R500 to the White City branch of the Congress of South African Students in recognition of the services of the approximately 600 other extras roped in.

To add up all the sums: this comes to approximately R1 per extra in a film with a multi-million dollar budget.

Actors' equity Pawe declined to be drawn into the controversy - largely because they had been consulted too late to make any intervention in relation to the proposed payments. However Pawe representative Vanessa Cooke did specify that Pawe suggested a minimum rate of R30 per day for so-called atmospheric extras (those merely appearing in crowd scenes) and R60 for non-speaking parts of a more substantial nature.

Montsho achieved a certain notoriety towards the end of last year when he handled

the Johannesburg end of the ill-fated Children of Africa concert in Lagos. Dozens of South Africa's top performers ended up stranded and broke and thousands of miles from home.

While few of the apparent victims of Lee's sortie into the land of his forefathers are prepared to blame the director himself - they maintain that he was so insulated by aides and bodyguards from anything happening off-camera that he may well have been unaware of any alleged irregularities - Fawo students nevertheless said he did little to distinguish himself at a film workshop set up at

the union's offices. Arranged originally as a four hour event based around film showings and extended discussions, the workshop in the end turned into little more than a fairly brief press conference.

Swamped by invited media and television crews, students claim, they had hardly any opportunity to ask questions or discuss anything to do with film.

"It wasn't a workshop and we weren't there to learn. We were just set up as extras in a television film about Spike Lee holding a workshop," one student observed.

Sambok-regering in Bop?

NICHOLAAS HENNECKS, 24, van Itsoseng in Bophuthatswana se kuintjie by sy ma in Potchefstroom verlede naweek het in 'n nagmerrie ontaard toe polisiemanne van dié Bophuthatswana-polisie hom na bewering aangerand het omdat hy glo 'n radio gesteel het en omdat hy 'n "ANC-kommunist" is.

Op die middag van 27 Januarie het nege lede van die Bop-polisie, wat in Itsoseng gestasioneer is, Nicholas se huis na bewering binnegestorm en hom daarvan beskuldig dat hy 'n radio gesteel het. Hy is na die plaaslike polisiekantoor geneem waar hy sy vriend, Gaby, wat ook deur die polisie aangehou is, gesien het. Dié is geboei en na die selle geneem, volgens Hennecks.

Hennecks is deur drie polisiemanne na die aanklagkantoor geneem en na bewering agt ure lank deur dié drie polisiemanne aangerand. Teen elfuur die aand het hulle laat gaan sonder om 'n formele aanklag teen hom te lê, sê Hennecks.

"Hulle het heelyd gesê ek is 'n dief en 'n ANC-lid en dat hulle ontslae moet raak van die kommuniste in Bophuthatswana. Hulle het ook vir my gesê ek is sleg omdat ek 'n comrade is."

Volgens Hennecks, 'n lid van die plaaslike ANC-tak, is die mense van Itsoseng "baie bang dat die polisie uitvind hulle behoort aan die ANC".

Hennecks sê die radio wat hy en Gaby kwansuis gesteel het, behoort aan Gaby, en dié week het die polisie die radio aan hom terug besorg.

Ene sers Matshane was een van die drie polisiemanne wat na bewering by die aanranding betrokke was.

"Die drie polisiemanne is berug in die township. Hulle is al baie lank hier en al die mense ken hulle. Ons is almal bang vir hulle - as mens een van hulle sien aankom, maak jy jou uit die voete," sê Hennecks.

Hennecks is na sy vrylating deur 'n mediese dokter van 'n nabygeleë dorp ondersoek en dié het 'n verslag oor sy beserings opgestel.


Daarin blyk dit dat Hennecks 15 houe oor sy rug met 'n sambok gekry het en ook geskop is - veral op sy knieë en in sy niere. Sy skouer is ook redelik ernstig beseer en hy loop moeilik.

"Ek moes vir 'n lang tyd hande-viervoet staan terwyl hulle my geskop en geslaan het. In 'n stadium het ek flou geval en ek kan nie onthou wat alles gebeur het nie."

Hennecks het 'n aanklag van aanranding by die polisiekantoor gaan lê, maar sê hulle wou nie 'n verklaring afneem nie.

By navraag het die polisie gesê sers Matshane is wel by die Itsoseng-polisiekantoor gestasioneer. Speur-sersant Swani het egter gesê dat hulle "absoluut niks" van die voorval weet nie. "Ons weet nie eens wie Nicholas Hennecks is nie. En daar is baie radio-diefstalle wat elke dag ondersoek word deur die polisie. Van dié Hennecks se storie weet ons niks."

Oor die aanranding sê Swani: "Niemand word ooit hier aangerand deur die polisie nie. Dit is ons werk om te kyk dat mense mekaar nie aanrand nie." - PEARLIE JOUBERT



Dit is die werk van die Bop-polisie, beweer Nicholas Hennecks. Dié foto is deur 'n dokter geneem.

Referendum

remains the big obstacle

THE issue of a racially separated referendum in which the white voters will be counted separately, will probably be the biggest single obstacle to an early agreement by Codesa on the question of an interim/transitional government.

Nevertheless leading personalities in the negotiating teams of both the ANC and the National Party are confident that consensus and a compromise on the key

issue of the composition and implementation of an interim/transitional government will be reached quicker than originally expected.

With parliament having agreed not to sit on Mondays and Tuesdays to enable some of the 70 participants in the talks to attend, Codesa's five working groups and various sub-committees are committed to reach decisions on all or most of their

While both ANC and NP negotiators in Codesa are confident that consensus will soon be reached on the composition and implementation of an interim government, there is still one big snag, writes **HENNIE SERFONTEIN**

tasks and to report to the next plenary session by the end of March.

A key ANC negotiator told VWB this week that it would not be that difficult to reach compromise on the issue of an interim government. He said: "The NP's latest detailed proposals are remarkable. For the first time the NP now unambiguously accepts our concepts of an interim government and an elected body to draft a constitution."

says, in which the ANC would give in on the referendum issue.

IT SEEMS THAT there is total agreement among all segments in the ANC and the SACP that the right-wing issue and white fears have to be addressed and defused. But there seem to be important differences in approach in the ANC and there are also alarming indications that there is a lack of understanding of the serious nature of the right-wing threat and the extent of rightwingers' commitment to controlling some region or homeland.

Concerning the last point, another senior negotiator merely shrugs his shoulders and dismisses the right wing: "I suppose in the end it will only need a couple of talks between NP leaders and Andries Treurnicht to persuade the CP to join Codesa. In any case, Koos van der Merwe and his group in the CP caucus are certain to attend."

He rejects the white homeland demand as a joke - saying they could not be serious about it, and that in the end it would be possible "to easily talk them out of it".

Yet at the same time there are indications that ANC president Nelson Mandela and some other senior ANC members are prepared to fall over backwards to accommodate white fears, announcing concessions the ANC might make which not even the NP have demand

Thus Mandela has already proposed that whites should be guaranteed a number of seats in a future non-racial parliament. Ironically the NP has waved it aside, claiming it was essentially racist and did not work in Zimbabwe.

Ten days ago an unnamed "senior ANC" source - believed to be close to Mandela - in an interview with SAPA said the ANC would be prepared to make what appeared to be revolutionary compromises to allay fears all round. This included accepting a white referendum, a white homeland and even the granting of independence to Kwa Zulu, something the IFP has never asked for.

But these startling proposals were promptly rejected by an official ANC spokesman as not reflecting ANC policy.

From these various, often contradictory, remarks it seems that there is no clear understanding in the ANC leadership of the potential threat of right-wing resistance and its capacity to oppose a peaceful negotiated settlement.

This seems to be at the root of the ANC's easy dismissal of a separate white referendum - although, of course, there are very good reasons on the grounds of both principles and black political realities to reject it.

KEY NP MINISTERS INVOLVED in Codesa made similar remarks to VWB last week in Cape Town. They privately admitted that some of the most contentious aspects of their proposals were part of a hard line taken in the first phase of negotiations, but that compromises were inevitable.

Thus it was made clear the NP's initial, seemingly inflexible demand after State President FW De Klerk's speech at Codesa on 20 December 1991, that an elected interim government should be in place for at least ten years, could easily be brought down to three or five years. Significantly the ANC has already moved away from its original insistence on no more than 18 months to two years.

But at this stage the ANC still seems to be totally unyielding on the issue of a white referendum.

A senior ANC source told VWB that though they might understand the reason why De Klerk gave an undertaking to the right wing in the September 1989 elections, that there would be a referendum or elections to approve fundamental changes, "we could not accept it. Our grass-roots party structures would never agree to such a racist election which effectively gives whites a veto."

He said it was "a dilemma which the NP have to solve themselves. It is something between them and the CP".

The ANC negotiator said the ANC had deliberately played down the referendum issue in the past ten days as "we did not want to cause unnecessary political embarrassment to the NP at the time of the Potchefstroom by-election and of apparently growing support for the CP".

But there is now way, he

THE WEEKLY MAIL
& NEDBANK
present a

SUMMER JAZZ SESSION

with BRUCE CASSIDY, RASHID LANIE,
LLOYD MARTIN & PETER SKLAIR

Wednesday, February 12 at 8.30pm,
Bozzoli Sports Pavilion ("The Bozz"),

Wits University
(Licensed).



Admission R2.

Enquiries: Anthony Stein, Wits SRC
at (011) 716-3104

A WITS SRC
ORIENTATION WEEK PROJECT

die waarheid as fiksie... is dalk vreemder

Op 22 November 1963 is een van die gewildste Amerikaanse presidente nog, **John F Kennedy**, in sy oop limousine in Dealy Plaza, Dallas, doodgeskiet. 'n Jaar later het die Warren-kommissie bevind Lee Harvey Oswald was die moordenaar en hy het heeltemal onafhanklik opgetree. Oliver Stone se kragtige nuwe film, **JFK**, het nou weer eens dié wond aan die Amerikaanse psige oopgeruk. En nou wonder 'n mens éérs: wie hét Kennedy doodgeskiet, en hoekom?



Die filmweergawe van die aaklige oomblik ... en die werklike gebeure soos vasgevang deur 'n amateur

DIE Warren-kommissie se verslag is al deur verskeie boeke en rolprente bevraagteken. Oliver Stone sê daarvoor: "I dispute the 'objective' version of events in Dealy Plaza as stated by the Warren Commission. The entire commission report, 26 volumes, is a rat's nest of conflicting facts. So I'm giving you a detailed outlaw history or counter-myth. I think the Warren Commission was a myth, and I think this movie, if it's accepted by the public, will move people away from the commission, to consider the possibility that there was a coup d'etat that removed President Kennedy."

As daar iets is wat die Amerikaanse Kongres se 1979-besluit om die sluipmoord-dossier tot die jaar 2029

geheim te hou, ongedaan kan maak en die hele saak weer oop te gooi, is dit Stone en sy film. In 'n meningsopname wat die nuustydskrif *Time* en CNN gedoen het, is bevind 73 persent van die Amerikaanse publiek glo daar was 'n sameswering om Kennedy te vermoor - net 11 persent glo Oswald het onafhanklik opgetree.

AS STONE MINDER LIGTELIK met die feite omgegaan het en te veel kortpaaie geneem het om die film te laat werk, sou dit heelwat meer gewig gedra het. Vir die doeleindes van die film oorromantiseer hy Kennedy sowel as Jim Garrison, die aanklaer in die ondersoek, wat deur Kevin Costner gespeel word. Kennedy was nie 'n progressiewe, liberale, gewone kêrel en dierbare, getroue eggenoot en vader nie. Kennedy was die man wat die Kubaanse missielkrisis met Kroestjof afgedwing het; wat 'n paranoia oor die

verspreiding van kommunisme in Asië gehad het. Hy het aartssegregasioniste as regters aangestel, en sy persoonlike lewe was nie veel skoner as dié van sy broer wat nog lewe nie.

Garrison was ook nie die stabiele, diep-opregte man wat alles sou waag net om die waarheid agter te kom nie. Hy was 'n effens onstabiele karakter, en in die ondersoek was hy 'n onetiese boelie wat selfs 'n liegtoets onderdruk het. Maar van die vrae wat Stone vra, kan nie sommer weggewens word nie. Hy maak 'n sterk saak uit dat daar nie net drie skote was soos Warren glo nie, maar ses. Die skietery het egter net ses sekondes of minder gekos, en Oswald kon onmoontlik nie meer as twee skote in dié tyd gevuur het met die geweer wat hy gehad het nie. Stone se teorie is dat daar uit drie rigtings op Kennedy gemik is. Minstens een daarvan was van voor - Oswald sou van agter af geskiet het - want die amateur-

film wat deur ene Zapruder gemaak is, wys duidelik hoe Kennedy se kop agteroor ruk.

Stone se sterkste argument is dat die Warren-kommissie se argument dat Goewerneur John Connally, wat saam met Kennedy in die motor was, deur dieselfde koeël getref is, blote fiksie moet wees. Hy toon aan dat die koeël dus omtrent 'n 90 grade draai in die lug sou moes maak.

Die rolprent impliseer dat die gewese CIA-baas, Allen Dulles, en sy adjudant, genl Charles Cabell, agter die sameswering gesit het om Kennedy te vermoor omdat hy geheime planne had om uit Viëtnam te onttrek en koverte optredes teen Kuba se Fidel Castro te staak. Lyndon Johnson, wat by Kennedy oorgeneem het, het inderdaad van Kennedy se opdragte oor Viëtnam afgewater, maar daar kon nog nooit enige bewyse vir enige CIA of militêre sameswering gevind word nie.

'n Komplot teen die kyker

Oliver Stone se rolprent **JFK** is 'n drie uurlange komplot teen die kyker, skryf **HANS PIENAAR**. Fiksie word feite en feite word op allerlei omslagtige maniere tot op die grondgeworstel as fiksie. Dís soos Amerika werk, sê Stone

SAMESWERINGS is so oud soos die mens. Eva en die slang het saamgesweer teen arme Adam, Noag se seuns het hom afgeloer in die tent, en voor hulle was daar Lucifer teen God. Die Big Bang was 'n sameswering teen die niet, Prometheus het die gode se vuur gesteel. Toe kom Stanley Kubrick met sy *Space Odyssey 2001*, waarin aapmense mekaar in lokvalle lei. Brutus was maar net 'n throwback.

Elkeen van ons was al by 'n paar sameswerings en komplotte betrokke. As jy dit probeer ontken, verstaan jy nie hoe werk die lewe nie, of is jy reeds besig met 'n sameswering, die eenvoudigste een, met net jouself - die leuen.

Dis tot Oliver Stone se ewige krediet dat hy dié waarheid aangryp en dit die sentrale dryfmiddel van sy *JFK* maak. Want die rolprent is 'n drie uur lange komplot teen die kyker. Fiksie word feite en feite word op allerhande omslagtige maniere tot op die grondgeworstel as fiksie.

Soos met enige komplot gebeur dit alles sonder dat die kyker daarvan bewus is. Dele word uit 'n onderhoud met John F. Kennedy gesny om 'n dokumentêre gewig aan die prent te gee. Maar in dieselfde onderhoud word dele eenvoudig weggelaat wat die sentrale uitgangspunt van die prent - dat Kennedy vermoor is omdat hy Amerika uit Viëtnam wou hou - vals sou kon bewys.

Die verdoemendste "getuienis" word gelewer deur karakters wat nie werklik bestaan het nie. As jy van al die verdraaiings in artikels lees, voel jy so half om die bos gelei.

Maar dit is juis die punt. Ná 125 000 bladsye getuienis wat deur die FBI alleen ingewin is, ná die intensiewe Warren-kommissie, 'n string boeke, en allerlei soorte ondersoeke, het die Amerikaanse Kongres in 1976 tot een slotsom gekom: Dat dit hoogs waarskynlik is dat Kennedy deur meer as een mens geskiet is en dat die saak ondersoek moet word.

Waarna niks gebeur het nie. Dis natuurlik omdat die Amerikaanse politiek nie so werk nie. Dís wat Amerika is, sê Stone met dié prent, 'n land van komplotte, waar jy niks regkry as jy nie self 'n komplot, soos met 'n rolprent, smee nie. Dis Stone se prestasie, sy sentrale insig, wat dié prent so belangrik

maak, en wat die akkolades laat instroom van gewone mense, veral dié in die skeppende bedrywe - en al wat 'n politikus is, links, regs, voor of agter, laat kook van verontwaardiging.

STONE VAL SOOS 'n tipiese cowboy met die swaaideur in die huis: In 'n reeks nuusflitse gebruik hy Dwight Eisenhower se waarskuwing, met sy uitrede as president, en net voor Kennedy se inswering: Pas op vir die militêr-industriële kompleks (MI-kompleks), dit kan 'n monster word wat die toekoms van Amerika vernietig.

Reeds met die intrapslag begin 'n mens wonder: Dis sterk woorde vir een van Amerika se legendariese generaals, en iemand wat as die voorste konserwatiewe spreekbuis eerder die MI-kompleks behoort te verdedig. En woorde soos "monster"? In sy laaste ampswoorde aan die Amerikaanse volk?

En dis dáár, in swart en wit EN in lewendelywe. Dis swart en wit en lewende lywe staan vir die waarheid en die lewende geskiedenis tegelyk. Stone gebruik regdeur die rolprent nog dokumentêre footage, en verfilm ook van sy rekonstruksies in swart en wit.

Daarmee kry hy twee dinge reg: Hy klee sy stellings in die kostuum van die waarheid, en laat hulle aan die kyker vra: Hoe lyk ek vir jou, sal ons opgaan en kyk na my etse? Terselfdertyd ondermyn hy die swart-en-wit-lewende-lywe-maskers van Amerikaanse waarheid: Kyk hoe maklik kan ek hulle omruil, soos in 'n Griekse tragedie.

Die kyker word dus gedwing om die twee met mekaar te vergelyk, op 'n baie "praktiese" vlak. Watter rekonstruksie lyk die aanvaarbaarste: Waar Lee Harvey Oswald wag vir 'n oproep by sy werk terwyl 'n span bo sonder sy wete die president help doodskiet? Of waar Oswald die president binne 5,6 sekondes drie keer skiet, binne 17 sekondes afhardloop na die kafeteria en daar 'n Coke koop voor hy verder vlug, sonder dat die kafetierivrou opmerk dat hy na sy asem snak?

SOMS RAAK DIT te dik vir 'n daalder, soos die konstabel wat Oswald doodgeskiet het - Stone sê dit was eintlik die samesweerders in 'n komplot binne die



komplot om Oswald van iets - enigiets - aangekla te kry. Maar dan kan jy nog die onoortuigendheid daarvan met jou eie oë sien in sy rekonstruksie.

Al dié dinge word ingeweef in die verhaal van Jim Garrison, die staatsprokureur wat begin ondersoek instel na die moord weens Oswald se verbintenisse met die FBI en die CIA en Mafiabase in New Orleans, Garrison se jurisdiksiegebied.

Ook hier kry Stone dit reg om 'n verdere dimensie aan die prent te gee. As jy al Stone se tesse verwerp, bly dit nog die uiters boeiende verhaal van 'n man met 'n obsessie.

Stone maak hom 'n modeme mitiese figuur, 'n gewonerige, amper vervelige Clark Kent-tipe wat Superman in 'n regsman se toga wil word. Tog bly hy en sy groterige personeel mense met hul voete op die aarde. Hul verhaal word net in die warm, huislike kleure - geen swart en wit nie, dus onaangetas deur die waarheid - van die hofsale in *Equal Justice* en *Night Court* vertel, of met die mitiese egtheid en spontaniteit van die Moederstad van Jazz, Amerika se amptelike musiekvorm.

Hier is 'n ook ander stryd aan die gang: Sissy Spacek as Garrison se vrou wat 'n groot en legitieme probleem met die politieke proses opsom. Alles is so kompleks dat jy jou hele lewe daaraan sal moet wy om net één raaisel, soos sê maar die Kennedy-sluipmoord, op te los.

Hoeveel ander raaisels is daar nie? Hoekom is Amerika in Viëtnam in? Regeer die CIA Amerika? Dit kan nie 'n burgerlike plig word nie, want dit gaan jou hele lewe verswelg.

I love Superman, yes, yes, maar ek hou meer van Clark Kent se das.

Kevin Costner, as Garrison, bou met sy spel in hierdie tonele dié dimensie uit. Garrison se argument is dat hy juis baklei vir sy kinders se toekoms deur hulle in 'n ordentlike land te laat probeer bly. Stone

teleskopeer die hele Kennedy-drama ineen, van die ewige kwessie wie in die Wit Huis moet sit, tot in elke Amerikaner se slaapkamer, letterlik.

WANNEER BOBBY KENNEDY in die middel van sy ondersoek ook vermoor word, meen Garrison hy is reg bewys, en sy vrou vergewe hom met 'n bietjie seks sonder om die klank van die TV af te draai, sodat 'n mens die chaos rondom die sluipmoord kan hoor. Dis ook 'n ou oplossing vir 'n neurotiese eksistensialis soos Oliver Stone: Make Love, not War. Seks bring orde in 'n mens se lewe.

Dis die soort prent wat filmstudente liever van deur-tot-deur gaan laat smous as rolprente maak. Dis onteenseglik Stone se meesterstuk, waarin hy al sy bedrewe tegnieke genadeloos uitstal: Look ma, no hands, no feet, no competition.

Op die ou end is dit 'n rolprent wat jou dwing om te dink soos geen prent voor hom ooit gedoen het nie. In Hollywoodland, in ontelbare TV-reekse en rolprente is dit 'n ou polisietruuk, en onder aanklaers in die howe, om beskuldigdes te beskuldig van 'n buitensporige misdad. As jy 'n verdagte daarvan beskuldig dat hy iemand vermoor het, sal hy gou genoeg bieg oor sy diefstal.

Dat Kennedy nie net deur Lee Oswald vermoor is nie, aanvaar 75 persent van alle Amerikaners, volgens 'n onlangse meningspeiling. Hopelik sal die over-the-top-Stone met sy skewe, verdraaide siening van 'n staatsgreep die werklike sameswering help ontbloot, waarskynlik iewers in die CIA of die Mafianetwerk of in albei.


Selfs in Suid-Afrika met sy Boere-CIA, sy Boere-Oswalds, en somer net sy Boere, voel 'n mens ná die sien van JFK sterk dat jy uiteindelik honderd en tien persent seker is oor dinge soos die Derde Mag, dreigende staatsgrepe en Boerekroeks in die regering.



Kevin Costner as aanklaer Jim Garrison en Donald Sutherland as die geheime Kolonel X in Oliver Stone se film JFK

so wie hét vir Kennedy vermoor?

Die raaisel om **JF Kennedy** se moord het carte blanche aan 'n hele klomp skrywers gegee om genoeg komplotte vir 'n CIA-uitverkoping te ontwerp. Die indrukwekkendste is waarskynlik die roman *Libra* van Don DeLillo, skryf **HANS PIENAAR**



LIVER STONE wys oor die volle lengte van die groot doek 'n amateur-film-maker se weergawe van Kennedy se doodskoot - die berugte Zapruder-8mm-film. 'n Mens

sien oor en oor hoe die helfte van sy kop weggeruk word en sy brein en bloed die

skerm vol spat - seker die gruwelikste geweldtoneel wat nog in 'n Hollywood-film toegelaat is.

Oor en oor, en in close-up, wys Stone hoe Kennedy se kop opruk weens die krag van die skoot, en hoe sy harsings NAAGTER spat. Die Warren-kommissie het op een raampie egter 'n straal bloed geïdentifiseer wat volgens deskundiges die gevolg is van 'n skoot van agter.

Na die sien van *JFK* bly daar egter net

een vraag oor: Hoe was dit moontlik vir die kommissie om groter gewig aan dié heeltemal onoortuigende getuienis te gee bo wat jy voor jou oë sien? In die lig van nie minder nie as EEN EN VYFTIG mense se getuienis dat hulle skote gehoor, gesien en geruik het vanuit die rigting wat 'n mens se eerste logiese gevolgtrekking is nadat jy die Zapruder-film gesien het?

Dis dié raaisel wat carte blanche aan 'n hele aantal skrywers gegee het om genoeg komplotte vir 'n CIA-uitverkoping te ontwerp. Die indrukwekkendste is waarskynlik die roman *Libra* van Don DeLillo.

DELILLO WAS LANK 'N kultus-skrywer wat weens sy skuheid - min mense het hom al ooit gesien - nooit die aansien gewen het wat sy absolute genialiteit verdien nie. Daar is net een boek van hom in die hele Suid-Afrika te koop.

Maar nou dat die Britte hom ontdek het, sal dit seker beter gaan, veral indien die akteur John Malkovich se verfilming van *Libra* later vanjaar ook hier uitgereik sou word.

Oliver Stone sê in *JFK* Kennedy se sluipmoord was 'n staatsgreep om 'n president wat simpatiek jeens die militêr-industriële kompleks staan aan bewind te plaas. DeLillo sê dit was 'n MISLUKTE komplot, nie 'n geslaagde een nie.

Die een helfte van DeLillo se roman gaan oor Lee Oswald self, wie se sterreteken *Libra* (die Weegskaal) was. Deur sy eie oë en dié van sy ma beskryf DeLillo die lewe van iemand wat aan die gatkant van Amerika grootgeword het.

DeLillo se Oswald is bogemiddeld intelligent, iemand wat op skool reeds sy Marx begin oplees, en droom van 'n bundel kortverhale oor die Amerikaanse lewe. Hy wil bo alles ontsnap van sy armoede, 'n stryder word daarteen, maar hy is van die begin af 'n lost case met 'n lost cause: Hy ly aan 'n vorm van disleksie en kan nooit behoorlik skryf of leer nie.

Aan die ander kant is daar sy smagting na 'n gladde opname in die stelsel. Daarom word hy 'n vlootsoldaat, en word hy uiteindelik na 'n basis verplaas van waar geheime vlugte met die U2 oor Rusland geloods word. Daar maak hy kennis met kommunistiese operateurs wat hom laat besluit om oor te loop na Rusland.

Dis die twee panne van die skaal wat wag om 'n punt van balans te kry, waarin alles in mekaar pas. Vir 'n daad waarin Oswald sy afkeer van en hunkering na die stelsel in dieselfde oomblik sal uitdruk - soos die sluipmoord van 'n sterk anti-kommunistiese president.

Wanneer Oswald weer na Amerika terug defekteer, bring hy 'n beeldskone vrou saam. Die FBI en die regering kan geen kop of stert van hom uitmaak nie, en beskou hom, soos die Russe, as 'n maltrap. Maar hulle dink hulle kan hom vorentoe gebruik, en gee 'n gediskrediteerde CIA-agent die opdrag om hom te bevriend en dop te hou.

DIE ANDER HELFTE VAN DIE BOEK, in afwisselende hoofstukke met die verhaal van Oswald, dus ook in die weegskaal-formaat, gaan oor 'n bendetjie verbitterde FBI- en CIA-agente wat hul wonde lek na die mislukte Bay of Pigs-inval in Kuba.

Vir hulle en 'n aantal sakemanne in Miami en New Orleans met Mafia-verbintenisse, was Kennedy se weiering om lugsteun aan die CIA-magte te verskaf 'n katastrofe. Baie van hulle het persoonlike belange in die Kubaanse ekonomie gehad en is deur Kennedy se stap geruïneer. 'n Paar van dié mense duik ook in Stone se *JFK* op.

Hieruit word nie net een nie, maar 'n reeks komplotte gebore. Die vernaamste een is om skote te laat vuur op Kennedy in Miami, waarheen hy op pad was voor

sy besoek verander is na die een in Dallas wat hom sy lewe sou kos.

Die idee is om MIS te skiet, om dit net te laat lyk na 'n sluipmoord-poging, met die vinger wat agterna na Kuba wys en die Amerikaanse publiek só opsweep dat Kennedy geen ander keuse het as om 'n tweede inval te beveel nie, geheime ooreenkoms met die Russe of te nie.

Die feit pas in by DeLillo se scenario, want daar was in die tyd 'n geweldige toename in die opleiding van Kubaanse ballinge, wat net verklaar kon word deur nuwe planne vir 'n inval. Kennedy het uiteindelik beveel dat dié mense se wapens gekonfiskeer moet word.

Daar was ook onbetwiste getuienis voor die Warren-kommissie dat 'n moordkomplot werklik in Miami gesmee is in die geleedere van die anti-Kubaanse gemeenskap.

Een van hulle ontwerp dan 'n "fall guy", iemand met genoeg Kubaanse verbintenisse sodat die vinger na Fidel Castro se geheime diens kan wys.

In hul lêers kom hulle af op die ideale persoon - Lee Oswald, 'n gewese kommunistiese simpatiseerder wat op amateuragtige wyse probeer om op die FBI en CIA te spioeneer. Boonop sê sy rekords dat hy nie maklik fyn teikens raakskiet nie.

TOE OSWALD NA DIE SLUIPMOORD vir die eerste keer voor TV-kameras verskyn, het hy uitgeroep dat hy niemand geskiet het nie en 'n "patsy" is - die woord wat die CIA vir 'n "fall guy" gebruik het.

Mense hoër op kom natuurlik te hore van die komplot. Dit gaan na die sinistere Study Project, 'n geheime groep binne die CIA en die regering wat geen dokumentasie agterlaat nie en soos die BSB in Suid-Afrika en vele ander moordorganisasies wêreldwyd, gebou is op die "need to know"-beginsel.

(Ultra-klandestiene en minder klandestiene groepe in Suid-Afrika is ook al die "studieprojek" of die "studiegroep" genoem.)

Hulle sit 'n sameswering aan die gang om die hoofkomplot se spore agter hulle uit te wis, en om nuwe spore agter Oswald te laat. Hulle laat dubbelgangers van Oswald optree by Kubaans-gekonnekteerde geleenthede - en sorg dat Oswald se poging om na Kuba te defekteer, misluk.

Te midde van al die misverstande en wantroue wat ontstaan weens die "need to know"-aard van die projek - ook in die BSB in Suid-Afrika het dinge soms komieklik chaoties geraak - verander Kennedy skielik van plan en gaan na Dallas. Oswald se optredes raak al hoe meer onvoorspelbaar en die samesweerders besluit om die "poging" af te las.

Maar hulle kan Oswald nie in die hande kry nie. Niemand dink daaraan dat hy vanuit sy eie werkplek sal skiet nie, want die bome voor die gebou is te hoog. Daarom neem hulle tog stelling in. Die noodlottige bevel kom deur: As Oswald dit regkry om Kennedy raak te skiet, moet sy werk voltooi word.

Mafia-konnektsies kom inderhaas met die naam Jack Ruby op. Hulle beloof hom dat al sy skuld by die Mafia afgeskryf sal word as hy 'n patriotiese daad vir Amerika verrig. 'n CIA-agent sluit 'n paar deure vir Ruby oop sodat hy vir Oswald in die kelder van die Dallas-polisiehoofkwartier kan doodskiet.

Die res is geskiedenis. In die jare hierna sterf Oswald se CIA- en Mafia-verbintenisse die een na die ander 'n gewelddadige dood. En wanneer die Amerikaanse Kongres besluit Kennedy se dood moet weer ondersoek word, gebeur niks nie.



Parlement in die ou Transvaal

DAAR is reeds aanduidings dat die Parlement in 'n nuwe politieke bedeling heel waarskynlik vanaf Kaapstad na die Pretoria/Johannesburg-gebied verskuif sal word. Tot dusver is dit egter een netelige saak wat weinig of geen aandag in dié tyd van intense onderhandelinge by Kodesa geniet nie.

Ingewikkelde sake soos die instelling van 'n tussentydse regering en die formulering van 'n nuwe grondwet geniet natuurlik voorrang op die politieke agenda.

Dit is egter iets wat sekerlik een of ander tyd aangespreek moet word. Enersyds was die swart bevolking nooit deel van die geskiedkundige ooreenkoms tussen blankes tydens die Nasionale Konvensie voor 1910 waarvolgens Kaapstad die Parlementêre hoofstad, en Pretoria die administratiewe hoofstad geword het nie.

Dan is daar ook die geweldige hoë koste, die beslommernis en ontwrigting vir amptenare en politici om deur die jaar tussen Pretoria en Kaapstad te beweeg.

Daarom is dit betekenisvol dat staatspresident FW de Klerk - volgens diplomatieke bronne - 'n paar weke gelede laat blyk het dat ook hy meen daar in die praktyk uiteindelik slegs één hoofstad sal wees, én dat dit in die Transvaal sal wees.

Dié mening het hy uitgespreek toe 'n afvaardiging van buitelandse besoekers die kwessie van twee hoofstede genoem het.

Volgens hulle het De Klerk die moontlikheid geopper dat die parlement, om sentimentele en geskiedkundige redes, miskien nog net elke twee jaar vir 'n week of twee in Kaapstad kan sit, maar vir die res van die tyd in Pretoria.

Daar is jare reeds sprake - sedert die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika buite Pretoria op die hoofweg na Johannesburg gevestig is - dat dit ook die plek is waar 'n nuwe Parlement eendag opgerig kan word.

Kleynhans en kleiner partye

Die omstrede Willem Kleynhans, afgetrede professor in Staatsleer by Unisa, is die stukrag agter 'n strategie van die kleiner partye by Kodesa om 'n gemeenskaplike front te vorm. Sodoende wil hulle die proses vertraag en verhoed dat die ANC en die NP gesamentlike besluite met groot haas deur die proses stoomroller.

Hy is tans die adviseur vir die Ximoko Progressiewe Party van Gazankulu. Maar hy is ook blykbaar deur ander partye soos Inkatha, die Dikwankwetla Party van Qwaqwa en partye in die Driekamer Parlement genader vir advies.

Die uitgesproke Kleynhans neem baie sterk standpunt in teen beweerde "gekonkel tussen die ANC en NP wat oorhaastig oordrewe verwagtinge skep wat onmoontlik nie nagekom kan word nie".

Kleynhans sê die breë publiek, beide swart en wit, is nog nie reg vir 'n nuwe grondwet nie. Ook is hy daarvan oortuig dat 'n tussentydse regering iets is wat nie met oorhaastige spoed eenvoudig deur 'n ANC-NP-alliansie deurgedwing moet word nie, terwyl die breë publiek nog heeltemal onkundig is daaroor.

Kleynhans beskuldig ook die ANC en die NP daarvan dat hulle gruwelik nagelaat het om hul eie ondersteuners voldoende voor te berei en in te lig vir die groot veranderinge wat gaan plaasvind en die kompromieë wat noodwendig aangegaan moet word.

Mahatma en Oom Paul se nasate

Drie van die mense wat nou by Kodesa betrokke is, is direkte afstammeling van leiersfigure wat diep spore in die geskiedenis van beide Suid-Afrika en die wêreldpolitiek getrap het.

Indris Naidoo, en sy broer Prema, is die agterkleinkinders van die aangenome seun van Mahatma Gandhi. Mahatma het teen die einde van die vorige eeu en die eerste dekade van dié eeu van die eerste lydelike versetaksies teen rassisme gelei - 'n voorloper van sy latere massa-aksies teen die Britse koloniale oorheersing in Indië.

Indris - 'n oud-Robbeneilander - verteenwoordig die SAKP, terwyl Prema 'n adviseur vir die Transvaal Indian Congress is.

Dan is daar natuurlik Theuns Eloff, 'n agter-agterkleinseun van Paul Kruger.

Geen buitestaanders by Kodesa

So van Kodesa gepraat: Na die onlangse besluite van die verskeie werkgroepe lyk dit finaal neusie verby vir diegene wat gepleit het dat onafhanklike fasiliteerders van buite ingebring moet word om die hele onderhandelingsproses te hanteer, hetsy as voorsitters of in ander adviserende hoedanighede.

Die werkgroepe het nou almal besluit hulle sal voorsitters uit eie geledere op 'n roterende grondslag aanwys. Daarmee is die kanse om buitestaanders in te bring so te sê daarmee heen.

Vir 'n baie lang tyd is daar hardbespiegel dat mense soos Frederik van Zyl Slabbert, die mede-direkteur van Idasa, Oscar Dhomo, die hoof van die Instituut vir 'n Veelparty Demokrasie en bekende akademiëci soos Marinus Wiechers en Willie Esterhuysen 'n rol kan speel.

Dit was veral die ANC wat tot kort voor die begin van Kodesa sterk hiervoor gepleit het.



Marinus Wiechers

INKATHA EN 'N FEDERASIE

VWB verneem daar word verwag dat die Inkatha-afvaardiging vroeg volgende week 'n voorstel aan die uitvoerende bestuur van Kodesa gaan indien wat 'n klein dog belangrike wysiging en toevoeging tot die Deklarasie van Voorneme sal behels.

Inkatha gaan glo vra dat die Deklarasie 'n grondwetlike term moet insluit wat dit duidelik sal stel dat die huidige bewoording daarvan - wat praat van "een nie-rassige verenigde Suid-Afrika" - nie die moontlikheid van 'n federale grondwetlike bedeling moet uitsluit nie.

Die byvoeging is blykbaar 'n absolute voorwaarde

van Inkatha alvorens hulle bereid sal wees om die Deklarasie van Voorneme te onderteken. Blykbaar het Marinus Wiechers die bekende grondwetlike kenner van Unisa, en veteraan van vele grondwetlike konferensies in Namibia, Inkatha aangeraai om te vra vir dié spesifieke byvoeging.

Wiechers is tans oorsee en voel blykbaar baie sterk daaroor dat, vanuit 'n suiwer grondwetlike oogpunt, die huidige bewoording die aanvaarding van 'n federale stelsel beslis uitsluit. Hy het blykbaar ook die afvaardiging van Bophuthatswana, wat baie langtand aan die Kodesa beraad byt, geadviseer om ook nie die deklarasie te onderteken alvorens die nodige wysiging aangebring is nie.



Mike de Vries

Knusse Matie-eiland





Die Universiteit van Stellenbosch is blykbaar vasbeslote dat die universiteit in 'n toekomstige post-apartheid Suid-Afrika steeds 'n knusse blanke Afrikaans-beheerde inrigting sal bly.

Daarom het die Universiteitsraad, onder leiding van die rektor, Mike de Vries, onlangs besluit dat die Wet van die Universiteit so verander moet word dat Afrikaans as voertaal wetlik verskans moet word.

Elke universiteit word deur 'n afsonderlike wet van die Parlement opgerig. Die Universiteitsowerhede van Stellenbosch het reeds 'n wysiging van die bestaande wet opgestel en hoop die taal-klausule sal in die nabye toekoms deur die Parlement ingevoeg word.


Die denke agter die verskansing van Afrikaans deur wetgewing is sekerlik om te verseker dat die inrigting hoofsaaklik deur wit studente bygewoon sal word.

Die doel is dus 'n klein knusse en kunsmatige akademiese eiland, wat by verre nie die werklikhede van Suid-Afrika sal weerspieël nie, en waar die Oranje Blanje Blou en Afrikaner-landgenote tot in ewigheid en in isolasie sal bly wapper en galm.



Kru of gesofistikeerd?

Matt Sandham, in die voorwoord tot sy versameling spotprente (*The Ludicrous World of Matt Sandham, Volume II: Die Tweetalige Jare*), skryf: A rum thing happened in '88. I prepared a portfolio of cartoons for presentation in the press. A couple of Jo'burg papers had a look. The English Press had a belly laugh, then said: "I like your stuff, son, but your humour's too crude for our sophisticated readership." The Afrikaans Press sniggered politely, then said: "I Like your stuff, boet, but your humour's too sophisticated..." It is easier to desophisticate than it is to uncrude, and so a tendency to Afrikaans punchlines was implemented. Eighteen months later the gamble paid off: Die Fyn Rooi Lyn verskyn op 31 Maart 1991 in *Vrye Weekblad*." Hier is 'n paar van die meer gesofistikeerde spotprente uit Sandham se versameling.



'SAUK versmoor die televisiebedryf'

Dis nie net die lefties wat die SAUK wantrou nie; die establishment televisiebedryf is erg beswaard oor die organisasie se artistieke- en sakebeleid in 'n verslag wat onlangs deur veteraan-akteur en filmmaker Nic de Jager namens die buitetelevisiebedryf aan die Minister van Binnelandse Sake oorhandig is. **ANDREA VINASSA** doen verslag.

DIE SAUK VERSUIM sy plig teenoor belasting- en lisensie-betalers en is in 'n groot mate self verantwoordelik vir die verbrekking van die televisiebedryf.

Dié aanklagte word gemaak in 'n omvattende verslag aan die Minister van Binnelandse Sake, Gene Louw, wat deur 'n groot aantal lede van die buitetelevisiebedryf opgestel is.

Daar word gesê dat dit nie gemik is teen die SAUK as geheel nie, maar teen die wyse waarop die korporasie die afgelope paar jaar bedryf word. Daar is baie mense van onkreukbare integriteit (bedryfs- sowel as programmense) binne die organisasie wat net so verstom is oor die arrogansie en ongevoeligheid waarmee besluite deesdae geneem word.

In die verslag word sterk kritiek uitgespreek op die SAUK se artistieke en sake-beleid en daar word gesê dat die gevoel in die buitebedryf is dat:

- * die SAUK se onbepaalbare en voortdurend wisselende sakepraktyk van die afgelope jare in 'n groot mate verantwoordelik is vir die huidige krisis in die bedryf;

- * die buitebedryf begin ontwikkel het as gevolg van 'n sakebesluit deur die SAUK waar besluit is om van die talentvolste programmakers ontslae te raak en hulle op 'n vryskutgrondslag te gebruik;

- * die skeppendste televisievervaardigers as gevolg van dié besluit nou buite die SAUK is;

- * die korporasie as gevolg van 'n nuwe sakebeleid feitlik oornag besluit het om hom te verontskuldig van sy eie skepping en dit dood te smoor. (Vergelyk een van die hoofamptenare se stelling: "Menere, ons skuld die buitebedryf niks, en julle skuld ons niks." Dit is ook Quentin Green, Hoof Uitvoerende Beampte van Televisie, se uitgesproke mening.) 'n Mens moet verstaan dat die SAUK volgens wetgewing feitlik die enigste mark is wat die buitebedryf het;

- * daar saamgestem word dat die buitebedryf te groot is, maar dat daar onthou moet word dat die groot aantal klein maatskappytjies deur die SAUK self geskep is, en dat van die land se beste skeppende talent tans by dié maatskappye betrokke is;

- * daar verwarring heers oor die bedryf van die nuwe "sake-eenhede";

- * daar kommer is oor wie die artistieke beleid by die SAUK bepaal. Daar word gevoel dat die huidige vervlakking in uitsaaigehalte nog vir dekades 'n verwoestende gevolg op die kultuurontwikkeling van die land kan hê. Die opinie is dat die huidige besluitnemers nie onderlê is om so 'n belangrike kulturele verantwoordelikheid te dra nie;

- * daar voortdurende agteruitgang in die standaard van aanbieding is, met besondere verwysing na nuusinsetsels, ens. Dit lyk asof die mense geen opleiding kry nie, of miskien kom niemand in die SAUK dit agter nie, wat erger is.

DIE SAUK WORD DAARVAN beskuldig dat hy 'n "bloedarmoedige goor buitelandse tupperware-kultuur op sy lisensie-betalers afdwing" en dat hy sonder skroom sy

mandaat om "op te voed, in te lig en te vermaak" verontagsaam. (As jou programaankondigings onder die top tien programme verskyn, moet jy weet jy's in die moeilikheid.) Wynand Hamse, die Groep Uitvoerende Hoof van die SAUK, se verklaarde beleid om die SAUK die "grootste kommersiële uitsaaier in Afrika" te maak, druis in teen die gees en letter van die SAUK se mandaat.

Daar is 'n algemene opinie onder werknemers dat dit die bestuur se doel is om die korporasie op die Effektebeurs genoteer te kry. Dit is glo in 'n stadium hardop gesê, maar as gevolg van teenkants uit 'n sensitiewe oord is diegene deesdae met stomheid geslaan.

Dit, sê die verslag, is óók teenstrydig met die gees van die mandaat. As die SAUK nêr meer verdien as wat hy uitgee, doen hy sy plig teenoor al die mense in die land.

Daar is ook 'n gevoel dat sekere amptenare hulle nesse probeer regskud in geval 'n verandering van bestuur plaasvind en dat hulle dus die korporasie so kontantkragtig as moontlik probeer hou. Dit is skynbaar een van die groot redes waarom so min geld vir programme beskikbaar is.

Dit is ook immoreel dat die SAUK, wat geen belasting op sy toerusting betaal het nie en jaarliks sowat R250 miljoen aan lisensiegelde van 'n vasgekeerde gehoor ontvang, nou sake-eenhede gestig het wat programme maak in regstreekse kompetisie met 'n buitebedryf wat nie gesubsidieer word nie, en wat geweldige aksyns, ad valorem en verkoopbelasting op hul toerusting moes betaal.

DIE KORPORASIE IS OOK NIE onderworpe aan die gewone markkragte wat geld vir die buitebedryf nie. Enige buitemaatskappy wat programme maak soos die SAUK die afgelope tyd, sal binne 'n paar maande bankrot wees.

Daar word gesê dat die SAUK se "creative accountancy" wyd bekend is in die bedryf. Daar is goeie rede om te vermoed dat die korporasie se manier van boekhou nie sy ware finansiële beeld weerspieël nie.

Daar word ook daarop aangedring dat 'n onafhanklike groep ouditeurs die SAUK se finansiële beleid moet ondersoek.

Die korporasie het 'n inkomste van meer as R1 000 miljoen per jaar. "As jy met só 'n ongelooflike versekerde inkomste nog steeds in finansiële moeilikheid is (waarvan ons nie so seker is nie), behoort die hele bestuur te bedank en die organisasie oorhandig aan mense wat dit wêl doeltreffend kan bedryf."

As daar wêl sulke geldnood is, waarom is daar onlangs weer miljoene rand se nuwe meubels landwyd aangekoop; waarom is die voorportaal van die Piet Meyer-gebou vir die soveelste keer opgeknop en herbou, en waar pas die reusagtige salarisse wat sommige van die sportaanbieders ontvang, in? Die geld wat die afgelope jare net aan die SAUK se voorportale bestee is, sou drie of vier plaaslike dramareekse kon finansier, word gesê.

DIE GEVOEL IS DAT DIE SAUK 'n totaal

administrasie-gerigte organisasie geword het, waarvan dié komponent ten koste van die programmakers groter word.

Wat die buitebedryf verder pla, is die SAUK se skynbare onbetrokkenheid by en onverskilligheid teenoor kreatiwiteit. "Die korporasie is nie 'n kunsmis- of 'n gasfabriek wat met totale ongevoeligheid op 'n sogenaamde sakegrondslag bedryf kan word, sonder inagneming van sy skeppende mense nie."

Wat die herhaling van programme betref, sê die verslag, is die buitebedryf daarvan bewus dat dit deel is van uitsaaipraktyk, maar dat dit in perspektief gesien moet word. In ander lande is daar heelwat meer kanale as hier by ons - in Amerika, iets soos 33. 'n Kyker word nie verplig om na 'n reeks te kyk wat skaars 'n jaar gelede gebeeldsaai is nie.

'n Ander belangrike oorweging is dat oorsese kunstenaars feitlik deur die bank betaal word as 'n program weer uitgesaai word.

Agter Elke Man word nou vir die derde

keer uitgesaai, en niemand, met die uitsondering van die skrywer, kry vergoeding nie. Die akteurs word tot hulle nadeel oorbelig sonder 'n duit vergoeding, terwyl die SAUK miljoene maak in advertensie-inkomste.

EEN VAN DIE ANDER ONVERSTAANBARE besluite is die feit dat 'n paar van die vroegste dramareekse wat op video geskiet is - *Dokter, Dokter*, *Net 'n Bietjie Liefde* - uitgewis is. Die rede wat aangevoer word, is dat daar te min bergplek was of dat daar nie genoeg skoon video bande was nie, en daar is dus bo-oor dié programme opgeneem. In vandag se terme sou dié materiaal R14 - 16 miljoen werd wees.

Die buitebedryf is seker dat die SAUK nie sonder hulle kan klaarkom nie, maar wanneer die korporasie dit agterkom, dit dalk te laat kan wees. Dit help ook nie om te dink die buitebedryf kan gerasionaliseer word deur dit te versmoor sodat die sterkstes oorleef nie. Die sterkstes maak nie noodwendig die beste programme nie.

Selfs al sou die SAUK wou, is hy nie in staat om reekse soos *Agter Elke Man*, *Skoppensboer*, *Heroes*, *TJ7*, *Phoentx en Kie*, *1945*, *Sonkring*, *Die Binnekering*, *Die Vlakte Duskant Hebron*, *Orkney Snork Nie*, *1922*, *Somer*, *Verspeelde Lente* en *Koöperasie-stories* - hierdie is die suksesvolste reekse - intern te vervaardig nie.

Die ideaal was nog altyd dat die programmense hand aan hand werk met die administrasie, dat elkeen begrip vir die ander toon, en sy bydrae sonder eie belang lewer sodat programme van die hoogste gehalte gemaak kan word. Dit is waarom daar iets soos die SAUK bestaan. Dit gaan nie oor notering op die Effektebeurs of groot kontantreserwes of 'n selfvermiedende oorwinning oor 'n mededinger met 'n ander mandaat nie.

The SABC's plan "to achieve credibility"

CREDIBILITY is a problem facing the SABC, because "it is still regarded by some as the mouthpiece of the government," says the corporation's Editor-in-chief: TV News Productions, Johan Pretorius.

At last week's UWC conference on the media, Pretorius listed ten "musts" for the SABC to achieve credibility.

"One: By expressly declaring its support for generally accepted values and by actively promoting this in its programmes. We will shortly discuss this issue with parties outside the corporation.

"Two: By acting in strict accordance with a code of conduct and journalistic policy... and accepting that it will have to be measured/evaluated accordingly. Particularly important here (and for further discussion with various interest groups) are:

- * Values - what the SABC supports and strives to live up to: justice; respect for the truth; respect for sound reason and reasonableness; respect for the individual and his/her affiliations; respect for generally acceptable ethical norms, values and ideals in society and in particular of the broad target audience of a specific service; tolerance; freedom and responsibility.

- * An express statement that the SABC believes in a just society and in peace, stability, security and prosperity.

- * Express rejection of discrimination on the basis of race, colour, creed or gender.

- * By putting public interest first in its programme and news presentations and by presenting programmes that are constructive rather than destructive.

- "Three: By showing respect for the rich

cultural (language) variety of the country and its people and accepting it as a reality.

"Four: By accepting Codesa as the negotiating forum, but also reflecting other relevant views and debates.

"Five: By making available its services and infrastructure, particularly during the negotiation period, so that all relevant views/ideas will get sufficient exposure; by contributing positively and actively to the establishment of an informed society and to encourage and activate debate.

"Six: By continually fighting for independent control of broadcasting and against political interference.

"Seven: By structuring the SABC as organisation (ie its hierarchy and staff) in a manner that would allow it to meet the requirements for producing a product of quality and of general credibility. Certain adjustments will be needed, therefore, to reach this objective among the broad masses and interest groups.

"Eight: By determining key aspects of its product on the basis of scientific research and in consultation with relevant interest groups and the Broadcasting Control Structure, for example policy on language, religion and formal education. But what is important: we do accept a public service role.

"Nine: By continually providing a professional, quality product with consideration of market needs. The SABC is well aware of the need for educational and information programmes.

"Ten: By operating its organisation and all its activities on a sound financial basis. Without financial self-reliance the SABC cannot fulfil its vital role."

Nuwe SAUK-raad geëis

Een van die eerste turksvye wat in die Kodesa Werkgroep Een se skoot gaan val, is die eise vir die toeganklikheid en geloofwaardigheid van die openbare elektroniese media gedurende die oorgangstydperk na demokrasie. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** doen verslag

Die regerende Nasionale Party (NP) het dié week laat blyk dat hy 'n aanbeveling dat Kodesa 'n nuwe SAUK-raad en 'n tussentydse kommunikasie-owerheid aanstel om die elektroniese media in die oorgangstyd te monitor, gaan teenstaan.

Die aanbeveling kom in die vorm van 'n resoluëie wat verlede naweek op 'n konferensie oor die Suid-Afrikaanse media in die oorgang na demokrasie geneem is vir dringende voorlegging aan Kodesa. Die resoluëie weerspieël die meerderheid konferensie-gangers se kommer dat die SAUK (en sy eweknieë in die TBVC-lande) se huidige struktuur nie die belange en aspirasies van alle inwoners ter harte neem of kan neem nie.

Die konferensie by die Universiteit van Wes-Kaapland getitel Vry, Regverdig en Oop is deur die Campaign for Open Media gereël en bygewoon deur afgevaardigdes van die belangrikste politieke partye en 'n wye spektrum media-organisasies en -werkers. Die resoluëie is by wyse van meerderheidskonsensus aanvaar.

Die resoluëie versoek Kodesa om vóór 31 Maart vanjaar Wynand Harmse as hoof- uitvoerende beampite van die SAUK te vervang en 'n nuwe verteenwoordigende SAUK-Raad aanstel. Die voorstel maak ook voorsiening vir die aanstelling deur Kodesa van 'n Tussentydse Onafhanklike Kommunikasie-owerheid (IICA) om die raamwerk vir 'n aantal funksies en pligte van die media en bepaald die elektroniese media te bepaal. Dit sluit in: vryheid van meningsuiting, maniere waarop verskille bygelê kan word en regulasies om die toestande te normaliseer waarin die bestaande uitsaaiers werk.

Dit het gou geblyk dat baie afgevaardigdes en individuele sprekers skepties staan teenoor die inherente vermoë van die SAUK in die besonder om sonder monitering van buite of 'n verteenwoordigende owerheid homself tot effektiewe en konstruktiewe rolspeler te omvorm. Aan die hand van voorbeelde is verduidelik dat so 'n herstrukturering 'n moeisame en

voortgaande proses is.

"Die SAUK het nuwe bloed nodig as hy die nuwe Suid-Afrika toereikend gaan verteenwoordig," het Willie Currie van die Film and Allied Workers' Organisation (Fawo) die oproep vir 'n vervanging van die SAUK-Raad gemotiveer.

"Dit is byna twee jaar sedert die oorgang begin het, en daar is steeds geen regstreekse toegang vir politieke partye of gemeenskapsorganisasies om hulle sienings op TV te kry nie," sê Currie. Hy het, soos talle afgevaardigdes, die SAUK se vermoë tot transformasie en/of herstrukturering van binne betwyfel, weens die korporasie se "fixed mindset".

"Die SAUK het geen geskiedenis van suksesvolle self-transformasie nie," het Akwe Amosu van die BBC se Afrika-diens gesê. "Wat nodig is, is 'n tussentydse struktuur en 'n stel reëls vir uitsaaiers wat die verrotting sal teenwerk en Suid-Afrikaners 'n openbare uitsaaidiens sal gee waarop hulle kan vertrou totdat hulle 'n kans het om 'n demokratiese regering te verkies. So 'n tussentydse struktuur sal nie perfek wees nie, maar gebonde aan kompromie, maar dit kan iets doen om regverdige en onpartydige verslaggewing na mense se huise te bring."

Die meeste afgevaardigdes en waarnemers was dit eens dat Suid-Afrika 'n voortgesette behoefte aan 'n openbare uitsaai-korporasie het, hoewel terselfdertyd meer speling vir kommersiële en gemeenskapsdienste gevra is.

Een van die konferensie se sameroepers, prof Sampie Terreblanche, ekonoom van die Universiteit van Stellenbosch en voormalige SAUK-raadslid, het aangevoer dat die SAUK deel is van die establishment se "compact of power" en dat die NP dit die laaste 30 jaar vir eie ideologiese doelstellings manipuleer. "Hoewel allerweë aanvaar word dat die SAUK in die Piet Meyer-era (tot 1979) vir Verwoerdiaanse propaganda misbruik is, word dit blykbaar nie allerweë besef dat die SAUK in die tagtigerjare 'n baie

belangrike offensiewe instrument as deel van PW Botha se 'totale strategie' was nie," sê Terreblanche.

Ondanks Johan Pretorius, hoofredakteur van SAUK TV-Nuus produksies, se versekering dat daar 'n program van aksie is om die geloofwaardigheid van die korporasie te verbeter, was dit nie genoeg om die voorstanders van ingrypende herstrukturering te oortuig nie.



Die NP, wat deur LP Sheila Camerer verteenwoordig is, het hom ná die konferensie gedistansieer van die besluite oor die elektroniese media in 'n verklaring waarin die stemprosedure bevestig is. Die NP stem ook nie saam met die besluite dat 'n IICA aangestel moet word en die raad vervang moet word nie. Sy het haar egter in 'n toespraak verbind tot die "vrye vloei van inligting" en 'n "vrye, onafhanklike en onpartydige uitsaai-organisasie", hoewel die party geen media-handves het nie.

Die NP se sekretaris-generaal, Stoffel van der Merwe, het by navraag gesê die NP gaan sy standpunt oor die elektroniese media by Kodesa stel. Die NP besef dat 'n objektiewe en onpartydige diens aan alle inwoners gelewer moet word, maar die strukturering daarvan sal in onderhandelinge bepaal moet word.

Hy wou nie kommentaar lewer op waarnemers se mening dat die NP-regering nie die SAUK uit sy greep sal loslaat tot ná die beoogde wit referendum nie.

Die ANC het dit in sy voorlegging op die konferensie egter duidelik gestel dat die NP "nie speler, skeidsregter en kommentator (deur die SAUK) gedurende die onderhandelingsproses kan wees nie". Gill Marcus van die ANC se inligtingsdepartement bestempel het die konferensie-besluite as "baie positief" en 'n "bindende versoek aan Kodesa".

Peter Soal, afgevaardigde van die DP, het egter sy skeptisisme uitgespreek oor die streng tydsbeperking van die besluit. "Ek dink dit is onregverdig en nie haalbaar nie," sê hy.



Brolloks en Bittergal

Ja, dis die regte prys vir FW en Madiba...

Toe Brolloks dié week na al die seremonie kyk rondom FW de Klerk en Nelson Mandela wat die vredesprys kry wat Felix Houphouët-Boigny van Côte d'Ivoire se naam dra, toe dag hy by homself: dis nou 'n gepaste prys vir dié twee.

Want terwyl hulle die prys in ontvangs geneem het, was daar juis oproer in die strate van Abidjan. En dis maar net ontevrede mense wat demokrasie en meer vryheid wil hê.

Dié oubaas van 87 regeer sy land nou al van onafhanklikheid in 1960 met 'n ysterhand, en duld bittermin opposisie. G'n wonder nie hy was John Vorster se beste en enigste vriend in Afrika nie. Nee, ekskuus, daar was Bokassa van die Sentraal-Afrikaanse Republiek ook wat graag met oom John gekuier het, maar hy is van die toneel af nadat hulle halfgeëte menslyke volgeprop met geurige rys in sy paleis se yskas gekry het.

For that matter kon De Klerk en Mandela ook maar die Ghadaffi-prys of die PW Botha-prys gekry het.

Sê net koebaai!

Die nuwe minister, Derek Keys, vertel 'n oulike storie laasweek aan koerantmense wat Bittergal graag 'n draai wil gee en op die twee bogenoemde Grootbase en ons toekoms van toepassing maak.

Daar was 'n sersant wat sy troepe op en af langs 'n hoë afgrond gedril het. Net voor hulle by die afgrond kom, dan skreeu hy: "Ôôôm-kéér!"

Maar toe laat hy die manne weer op die afgrond af marsjeer, maar hy sê niks. Die manne begin al stadiger marsjeer hoe nader hulle aan die dodelike afgrond kom, maar die sersant is tjoepstil.

Uiteindelik kan een soldaat dit nie hou nie, en skreeu: "Ag Here, sersant, sê tog net iets, al is dit net koebaai!"

Baie gemeen

Hoe nader ons kom aan 'n tussentydse regering, hoe meer ooreenkomste is daar te siene tussen die Nasionale Party en die ANC.

Die jongste is 'n prokureursbrief van twee ANC-"polisiemanne" - lede van die intelligensie-afdeling - wat sê hulle eis R50 000 elk weens die "laster" wat VWB teen hulle gepleeg het.

En oor vyf weke is genl Leon Mellet van die ander polisiemag in die Hooggeregshof om R250 000 van VWB te eis.

Miskien moet ons 'n beter pensioenfonds vir ons twee polisiemagte reël.

Meer gemeen

Maar dis nie net met die NP-regering wat die ANC heelwat gemeen het nie. Dit lyk vir Brolloks hy deel ook baie karaktereenskappe met Swapo, wat nie te lank gelede nie ook 'n Suider-Afrikaanse bevrydingsbeweging was.

Bittergal sê dit na aanleiding van 'n verslag uit Windhoek dat die Internasionale Komitee van die Rooi Kruis sê hy kry geen teken van die Swapo-lede wat destyds deur Swapo aangehou is en nooit weer gesien is nie. "Dit lyk of ons soektog na hulle na grafte sal lei," sê die IKRK.

Te oordeel na die paranoia binne die ANC die laaste tyd oor die kommissie wat moet ondersoek instel na marteling van ANC-aangehoudenes deur ANC-amptenare in hul kampe in buurstade, gaan dié soektog in baie gevalle ook na onsmaklike resultate lei.

Mag die Vader behoed dat ons een stel moordenaars vir 'n ander verruil...

Sêding wat baie sê

Sêding van die week kom van die NP se LP vir Rosettenville, Sheila Camarer, by laasnaweek se groot media-konferensie.

Die een na die ander party-vertegenwoordiger het opgestaan om sy/haar party se "media-charter" te verduidelik, en toe kom Sheila aan die beurt: "We do not have a charter, but we have an attitude," seg sy.

You can say that again, my dear Sheila, you do have an attitude.

In ons weeklikse

GESELSRUBRIEK *skryf*

NATANIËL

OOF

LEKKERKRY

VANDAT hulle op die TV gesê het van die nuwe Suid-Afrika, is my buurvrou ernstig aan die voorberei. Sy't 'n hoë muur laat bou, hekke laat aansit en blikkieskos in die tuin begrawe.

En elke keer as sy my groet, kan ek in haar oë sien sy wil net gil: Weet jy nie ons gaan suffer nie?

Aai Antie, hoe kan 'n witmens dan nou ooit suffer, hy weet dan nie eens hoe 'n mens lekkerkry nie.

Kyk, daar ver in Vereeniging se karavaanpark het twee lesbiërs gewoon. Hulle name was Hetwieg en Skyf.

Hulle't nie juis in die dorp gekom nie, want die mense het darem te veel gepraat oor hulle

dwarsgeit. Dit het hulle baie seergemaak, want hulle harte en hulle politiek was reg, maar die tweetjies moes hulle maar eenkant hou.

Hetwieg was soort van die wyfietjie van die twee. Sy't mooi aangetrek en die boeke gedoen by die dorp se swembad. Skyf weer, was ontstellend butch met haar jeans en oefenskoene. Sy't 'n trok bestuur vir die Koöperasie op die dorp, en naweke bou sy eiehandig aan die huisie op so 'n plot wat die twee daar aangeskaf het.

Verder het albei gereeld gebad en was hulle baie lief vir mekaar. En dis juis waar hulle enigste probleem gelê het.

OF DIT NOU WAS VAN die oliedampe by die werk, of die plat skoene wat sy gedra het, weet niemand, maar Skyf kon nooit 'n klimaks bereik nie. Hulle het mooi woordjies gefluister, hulle het elke denkbare apparaat ingespan, hulle het mekaar getakel dat daai karavaan net met 'n hemelse genade bly staan het, maar niks wou gebeur nie. Hetwieg het gekom en gegaan, en Skyf het bly lê en hap-hap in die lug soos 'n haai met seer gums.

So raak die probleem stadigaan al groter, totdat Hetwieg eendag by die swembadkantoor haar hande op 'n tydskrif lê en lees dat lekkerkry vir die middelklas-Afrikaner nog steeds tot skuldgevoel ontwikkel, en dat 'n mens beter voel as jy af en toe in die tuislande gaan dobbel, en so.

Hetwieg besluit dis wat Skyf nodig het vir haar droogte: 'n change of scenery. Dié aand is die karavaan agter die trok en hulle sleep hom heel weg van die dorp tot daar anderkant langs die highway.

En hulle werk omtrent deur die maand se groceries. Dis custard om die nippels, en wierook wat brand, en in 'n stadium het hulle mekaar daar beet met sulke waterpistole vol rooibostee. En soos die Afrikanervrou van vandag weet, het rooibostee sy genesende kragte, en dis nie lank nie, toe moan daai Skyf soos 'n kat met 'n brandwond.

NET DAAR, SOOS AAN DIE EINDE van enige goeie storie, bereik Skyf 'n klimaks met die voltage van 'n nasionale kortsluiting. Hetwieg skrik so groot, sy wil nog huil, maar at the height of passion gryp haar vriendin haar en slaan reg agteroor met 'n impak wat geen gesinskaravaan kan weerstaan nie.

Met dié gaan die gasbottel agter die karavaan los en ontplof met só 'n slag dat die mense van Meyerton vandag nog gruisklippies in hulle beddings kry.

Drie dae later kom ou Oom Vermeulen die aand laat by die huis aan. Die pad Vereeniging toe is nog steeds nie reggemaak nie. Vroumense, sê hy vir sy vrou. Jy moet die gat sien! Hulle sê die twee was al die tyd terroriste, maar ek weet nie so mooi nie. Jy moet sien wat tel 'n man in die veld op.

En hy haal 'n waterpistool uit en skiet sy vrou plonks! op die wang met 'n skoot rooibostee.



Wat dryf die berserker?

'n Nuwe vorm van geweld het in ons land kop uitgesteek - dié van die berserker wat om een of ander persoonlike rede op onskuldige mense begin lostrek en hulle voor die voet skiet. Kallie Delport in Ladysmith, Cornelius de Waal op Middelburg... Hoekom doen hulle dit? ESMA ANDERSON het met sielkundiges gaan praat

In sy hospitaalbed vertel Cornelius Petrus de Waal aan joernaliste: "Ek het alles swart gesien, dis hoekom ek soveel kaffers gekap het, maar seker nie genoeg nie. Vandat ek klein is, haat ek kaffers. Ek het gedink ek is op pad uit, ek kan net sowel 'n paar kaffers saam met my vat en sodoende 'n paar probleme oplos."

"SULKE dinge gebeur mos net oorsee, nie hier by ons in Ladysmith nie." Dit was die reaksie van inwoners van Ladysmith nadat Kallie Delport eers sy pa en hul huishulp geskiet het, en daarna op die inwoners van die dorp losgetrek het - nege mense is dood en negentien beseer.

Dié voorval is gevolg deur twee ander soortgelyke voorvalle en, buiten die voorval waarin Wit Wolf Barend Strydom op swartmense op Kerkplein, Pretoria losgebars het, is dié soort voorvalle nuut in Suid-Afrika.

Wat is die motief daaragter? Is dit emosionele onstabieliteit, sielkundige afwykings, moorddadigheid of blote rassisme?

Die koerante was vol met sielkundige profiele van die gewelddenaars, veral Kallie Delport en Cornelius Petrus de Waal, wat een mens doodgeskiet en ses ander op Middelburg verwond het.

Die oorwegende konsensus is dat 'n massa- of gesinsmoordenaar 'n baie kwesbare persoon is, en dat daar 'n lang aanloop is tot die gebeure waartydens hulle knak.

Op daardie oomblik dat hy beheer verloor, sê sielkundiges, ervaar hy sy pyn so intens dat hy voel sy hele wêreld het inmekaar gestort. In dié wanhoops-oomblik dink hy net aan sy eie pyn en probeer hy daarvan ontslae raak. Alle ander faktore, ook die gevolge van sy daade, vervaag voor dié pyn.

Die sielkundiges meen ook dat die berserkerse frustrasie-toleransie baie laag is en hy nie eintlik sy emosies kan beheer en verwerk nie. Hy voel gewoonlik op daardie oomblik ook dat sy lewe waardeloos is en hy ly aan 'n swak selfbeeld.

'n Faktor wat dikwels by massamoordenaars 'n rol speel, sê sielkundiges, is die feit dat hulle 'n geweldige magsgevoel ervaar in die oomblik van hul terreur. Dié gevoel word verder versterk deur die publisiteit wat sulke voorvalle geniet.

Die sielkundiges meen die onsekere politieke klimaat veroorsaak dat stres en depressie in die nasionale psige toeneem en dat dié onsekerheid sulke gevoelens by potensiële massamoordenaars kan versterk.

PROF FANIE DU TOIT, 'n bekende navorser oor gesinsmoorde en aggressie, verskil egter van die ander sielkundiges wat die voorvalle net wil toeskryf aan persoonlikheid en psigologiese faktore. Hoewel sekere persoonlikheidstipes of omstandighede kan lei tot dié soort

geweld, meen Du Toit daar moet ander faktore betrokke wees. Hy wys daarop dat gesinsmoorde die afgelope tyd skerp afgeneem het, terwyl massamoorde deur berserkers aan die toeneem is. "Daar moet 'n aksent-verandering wees, maar ek is nog nie seker wat nie. 'n Mens sal eers baie navorsing daarvoor moet doen, te min feite oor dié moorde is nog bekend.

"Daar is genoeg sielkundige faktore betrokke om Delport te klassifiseer as die tipiese massamoordenaar. Hy het 'n tragiese persoonlike geskiedenis en in uiterste wanhoop kan ek verstaan dat hy so 'n onbesonne ding sou aanvang. Ek dink net dis te maklik.

"Dit verklaar ook nie hoekom Delport só gereageer het nie. Hoekom het hy nie eerder sy pa se beeste almal doodgeskiet nie? Hoekom het hy nie eerder sy stiefma vermoor nie? Dit verklaar nie hoekom dié mense geweld as 'n oplossing sien nie."

Almal van ons het maar los skakels, sê Du Toit. "Gee my enige straat en ek haal vir jou 'n paar soortgelyke geskiedenis uit. Hoekom pleeg al dié mense nie massamoorde nie? Daar moet iets anders wees wat dit aanvuur."

DUTOIT WYS DAAROP dat gesinsmoorde die afgelope tyd oënskynlik skerp verminderhet, terwyl massamoorde klaarblyklik toeneem. Hoewel baie mense met hom sal verskil oor 'n moontlike verband, meen Du Toit dié twee manifestasies van wanhoop kan tog 'n gemeenskaplike oorsprong hê, veral omdat beide voorgekom het onder hoofsaaklik wit Afrikaanssprekende mans en te doen kan hê met 'n soort nasionale psigose.

Weens koloniserings en apartheid, het witmense in die land 'n selfaangestelde soort voogdyskap beoefen oor swartmense, wat deels gesetel is in patronisering en deels in die konsep van 'n meerderwaardige ras. Maar dié voogdyskap waardeur witmense vir hulself die reg opgeëis het om die lot van swartmense te bepaal, bring ook die verantwoordelikheid mee om te sorg vir hulle welsyn.

Sodoende het 'n verwronge sin vir verantwoordelikheid ontstaan by veral wit Afrikaanssprekende mans, wat eindelijk oorgespoel het na die gesinslewe. Die ouer, gewoonlik die vader, het gevoel daar is geen toekoms meer vir hom of sy familie nie omdat hy as voorsiener gefaal het, juis omdat hy alleen verantwoordelik voel vir die welsyn van sy gesin. Hy voel ook dat hy in staat moet wees om al hul

probleme op te los en "vir hulle eie beswil ook hulle lewens saam met syne neem".

'N **KENMERK VAN GESINSMOORDE** is 'n gevoel van wanhoop, wat sielkundiges meen ook 'n kenmerk is van massamoordenaars. Hulle voel hulle hele wêreld het inmekaar getuimel en hulle voel hulpeloos. Uit dié wanhoop volg dan desperate pogings om die situasie te probeer regstel.


Weens die veranderende politieke klimaat en die oordrag van verantwoordelikheid na swartmense, meen Du Toit, is dit 'n moontlike rede waarom gesinsmoorde afgeneem het, veral omdat sulke absolute verantwoordelikheid nie meer ter sprake is nie.

Omdat gesinsmoordenaars nie hul verantwoordelikheid kon handhaaf nie, het hulle na geweld gegryp om dit te probeer handhaaf. Dieselfde geld moontlik massamoordenaars. Die onlangse politieke verandering het meegebring dat die magsbalans verskuif word. Witmense is nie meer die voogde of heersers nie en swartmense is nie meer so absoluut uitgelewer, afhanklik en onderworpe aan witmense nie. Weens die wanhopige gevoel wat moontlik by sommige mense ontstaan, gryp hulle na geweld om hul verantwoordelikheid te handhaaf. Die verskil is dat hulle nie meer geweld teenoor hulle gesinne pleeg nie, maar teen die waargenome vyand, naamlik swartmense.

Daar is dus 'n mate van rassisme betrokke, veral met die verlies van beheer oor swartmense. Du Toit meen egter dat die oplossing wat gesien word in geweld, verband hou met die kultuur van geweld wat in die land heers.

"Dit wil vir my lyk of dié moorde eerder die resultaat is van die popularisering en regverdiging van geweld. Die regering, die ANC, die PAC, Inkatha, en ook die regses regverdig gereeld die gebruik van geweld, tans of in die verlede. Die regses praat deesdae veral baie oor geweld.

"'n Bekende geskiedkundige het op 'n keer gesê: 'Die swaard wat eenkeer bloed geruik het, sal nie ophou nie.' Mense wat nog in dié dae geweld propageer en gebruik, speel met vuur. Terwyl Kodesa vir baie mense nuwe hoop gee, is daar ander wat juis wanhopig raak as gevolg van dié hoopvolle gebeurtenis.




"**VERAL REGSE POLITIEKE LEIERS** is skuldig hieraan. Dis nie feitlik korrek dat die situasie wanhopig is nie, hulle stel dit so voor. Daarmee saam is daar die gedurige suggestie van geweld as oplossing. Hulle neem 'n groot ding op hulle rekening om dit te doen."

Du Toit sê dié wanhoop by veral wit Afrikaanssprekende mense, kan dalk die vonk wees waaruit sulke voorvalle gebore word. As mense wanhopig is, gryp hulle na 'n oplossing. "Soos ouers wat raadop is met hulle kinders en nie aan 'n meer intelligente manier kan dink om hul kinders te dissiplineer nie en hulle dan maar 'n pak slaag gee. Net so is dié mense dalk só wanhopig dat hulle nie aan 'n meer intelligente oplossing kan dink as geweld nie."

Du Toit meen egter dis nie die huidige politieke klimaat self wat aanleiding gee tot 'n wanhopigheid nie, maar wel die verdraaide voorstelling daarvan as 'n wanhopige situasie.

Dié wanhoop, meen Du Toit, word weerspieël in die feit dat mens dikwels mense hoor sê "hoe meer swartes sterf, hoe beter vir ons". Dit is dalk ook 'n ware weerspieëling van wat deur De Waal se kop gegaan het toe hy gesê het "vandat ek klein is, haat ek kaffers. Ek het gedink ek is op pad uit, ek kan net sowel 'n paar kaffers saam met my vat en sodoende 'n paar probleme oplos."



"Op die grondpaale van die Ghanzi-omgewing kan niks anders as beestrokke en vierwielvoertuie ry nie. Sien jy dalk hier iewers 'n motor rondry? vra die boer. En om te staaf wat hy sê, wys hy na die vlakke..."

Botswana se Ventersdorpboere

Die Afrikaanse boere van Ghanzi in Botswana lyk en klink op die oog af nes die Boere van Ventersdorp of enige ander plattelandse dorpie in Suid-Afrika. En hoewel hulle daarop aandring dat hulle niks met Suid-Afrika te doene wil hê nie, is hulle op 'n vreemde manier verbonde aan die land. **PEARLIE JOUBERT** vertel

GHANZI KAN NIE 'N ONE-HORSE TOWN genoem word nie, want daar's eintlik net donkies. En dit is op dié dorpie, in die hart van die Kalahari in Botswana, op die Kalahari Arms Hotel se stoep waar Tom en sy vriende, almal boere van die omgewing en tweede of derde geslag Botswana-inwoners, al van een-uur die middag sit en drink.

Die gedrinkery is nie elke Maandagmiddag se ding nie, verseker die boere jou. "Dis net dat die hoteleienaar ons vertel het dat hier 'n Amerikaner is wat sonder klerie swem en ons moet anyway vir die Vleisraad se manne uit Pretoria wag," sê Tom.

Later kom die Amerikaner, haar man en hul kind by die swembad aan. Die boere draai om in hul stoele. Sy skop haar skoene uit en Andrew skuif dwars vir 'n beter uitsig. Die Amerikaanse vrou maak haar hare los en draai haar rug na die groep mans. Sy vat haar rok se soom en begin die rok optrek. Die boere is doodstil. Onder die rok het sy 'n vollyf blou en wit baakostuum aan. "Jirre Eben, jy't ons lekker gevang, jou bliksem!" sê Tom vir die hoteleienaar.

Later sak die son vaal-pienk anderkant die stoep. "Een dubbel nul beestruk." Tom gil en leun teen die stoepilaar. "Haai Tom, shattap man. Jy raas." Tom reageer nie. "Toe

ek vir my short-course na Pretoria-universiteit is, vra my ma een vakansie waar sy my kan bel. Ek sê toe: Een dubbel nul beestruk, ma." Die ses ander mans lag hard - nie vir die beesding nie, maar omdat Tom Pretoria toe is vir 'n graad en terugkom het met 'n short course sonder sertifikaat.

WAS DIT NIE VIR DIE GRENSPOS-STEMPELS in jou paspoort nie, sou 'n mens kon dink dit is Ventersdorp se stoep, Ventersdorp se Tom en Ventersdorp se mense. Met een verskil: dié ryk boere van die Ghanzi-distrik is nié Suid-Afrikaners nie; hulle hou nie eens baie van Suid-Afrika nie; hulle hou nié vakansie in Kaapstad of Durban nie; en hulle sal nie sommer maklik hul "kafferland" vir enige ander land vernuil nie.

Die Ghanzi-distrik, wat grens aan Namibia, is vir byna 98 persent van al Botswana se landbou-produksie verantwoordelik en die meeste boere van die omgewing is wit en Afrikaans.

In Ghanzi se drie dwars- en sewe skuinsstrate woon Afrikaanssprekende Botswana, die swart hotelpersoneel en hul gesinne, Amerikaners verbonde aan die Peace Corps, 'n Ier wie se ouers jare gelede na Ghanzi aangekom het "for reasons surely not even God understood way back then", 'n dominee en sy gesin van Lesotho en 'n oud-polisieman van die Paarl. En anderkant die derde straat land en styg 'n Air Botswana-vliegtuig twee

maal per week op 'n stuk grondpad op en die enigste mense wat op- of afklim, is sakemanne van Suid-Afrika, Dene of Skandinawiërs wat skoolhou, tuinmaak of so iets "in order to do something for Africa" en wat ná 'n paar maande weer teruggaan Europa toe met 'n lekker warm gevoel oor out of Africa.

DIE ROMANTIEK VAN SEKERLIK die mees politiek-stabiele land in Afrika is eger lankal weg vir dié wit én swart inwoners van die dorpe. Op die hotel se stoep kla die boere oor die lang toue in die bank (om R200 om te sit in pula het my letterlik twee en 'n half uur in die bank-kantoor tje gekos), oor die droogte, oor die grondpaale waarop geen ander voertuie as vierwiele en beestrokke kan ry nie en oor daar niks vroumense in Ghanzi is nie.

Die swartmense kla ook oor al dié goed plus nog die duur "wit" skool wat dié jaar in Ghanzi begin is - "die skoolgelde is só hoog dat net die ryk wittes se kinders soontoe kan gaan en dan is die skool nog in die NG Kerkzaal ook," vertel Mia Gabakgore, 'n swart inwoner van die dorpe. Mia en van die ander swart inwoners is min beïndruk met dié soort ding "wat niks anders as Suid-Afrika-apartheid is nie".

Die begin van die "wit" skool in die NG Kerkzaal was nogal 'n ding op Ghanzi.

Wetgewing in Botswana verbied enige ras-eksklusiewe skole en, lei mens af uit die boere se heftigheid, moes die boere en groepie ander wit inwoners lank en hard met amptenare van die Botswana-regering argumenteer oor hul skool. Maar, vertel Mia, aangesien die regering die oopmaak van eksklusiewe skole in Gaborone toegelaat het (meestal vir oorsese diplomate se kinders), kon hulle nie werklik die Ghanzi-versoek weier nie.

Nou gaan byna 30 wit kinders elke dag in die kerkzaal skool en speel pouses tussen die kerkblomme, en die swart, Amerikaanse en handjievul armer wit kinders gaan in die regeringskool skool.

DAAR IS BAIE OOREENKOMSTE tussen Ghanzi se Tom en die Tomme van Suid-Afrika se dorpie: Ghanzi se Tom sing ook laatnag "She'll be roaring like a Bedford when she comes, when she comes..."; ken ook elke Van der Merwe-grap én vertel rassitiese grappe; raak ook rooi in die gesig wanneer daar baklei word oor WP versus Noord-Transvaal; los ook hul vroue en kinders by die huis wanneer hulle na die Kalahari Arms se stoep gaan. Maar daar is ook verskille...

"Elizabeth! Elizabeeeeeth! Sewe koue Castles asseblief! Koud! Yskoud!" skree Francois oor die agtertuin vir die swart kelner. "En maak gou. Ek vrek van die hitte," skree Tom agterna, en beduie na die verlate en droë 43 grade-vlaktes wat in die middag bewe. "Shuttup, ek's besig," sê Elizabeth op Afrikaans en hard genoeg sodat Tom dalk kan hoor.

Ek kyk na Tom - maar hy lag net en moan by die eienaar omdat hy moet wag vir sy bier. Die eienaar trek sy skouers op - wat mens nogal laat dink dat rassisme dalk met aanhalingstekens geskryf moet word in Botswana; dat die boere dalk werklik net 'n aparte skool wou hê oor die taal en rugbyding en nié omdat hulle omgee oor hul kinders saam met swart kinders in dieselfde skool is nie en dat Elizabeth dalk werklik "Shuttup" hard genoeg gesê het vir Tom om te hoor.

Maar dan weer is dié witmense van Botswana ook 'n vreemde mengsel tussen boere, soos wanneer mens dit met 'n hoofletter in Suid-Afrika sou sê, en goed-aangepaste Batswana.

"Aag nee, man - dis nie politiek wat hier



In Ghanzi se skool gaan wit, swart en Boesman-kindere almal saam skool in Engels en Setswana. Maar die Boesman en Afrikaanssprekende kinders bly weens die taal-probleem nie veel langer as die eerste twee skooljare in dié skole nie. Die Ghanzi-boere het onlangs hul eie Afrikaanse skool geopen en die Boesman-kindere gaan meestal skool in die nabygeleë dorpie D'Kar, waar hulle onderrig in Naru ontvang.

alles is nie. Ons woon lekker hier in kafferland," sê Tom en verwys dalk na die 95 persent van die bevolking wat Batswana is (die res is Boesmans en witmense van verskillende afkoms).

"Dis ons land. Ons wou net dié skool hê sodat ons kinders kan skoolgaan in hul huistaal én kon rugby-afgrigting kry. In die skool wat hier was, kon hulle nie," sê Francois, ook 'n skatryk beesboer van die omgewing. Met Engels as die amptelike taal en Setswana as nasionale taal, is die kans vir onderrig in Afrikaans ook maar skraal.

MAAR HULLE IS NIE SUID-AFRIKANERS NIE en sê dit ook baie hard en duidelik en sommer met die intrapslag. "Ja, ons woon in kafferland en dit is ons land en dié mense was nog altyd baie goed vir ons," sê Tom en beduie na die swart kelner wat aangestap kom met nóg Castles. "Ek is g'n Suid-Afrikaner nie. Julle het en is steeds besig om alles in jul land op te donner. Ek is baie bly ek wou nie daar nie. Dié's ons land. Maar dit maak my moers suur wanneer dit lyk asof julle nou regtig alles gaan laat flop in Suid-Afrika - om dié goed. Waar gaan ons bier kry as julle die ekonomie verder beduiwel?" en hy swaai 'n halwe blikkie Castle in sy keel af.

Die meeste boere van Ghanzi se voorouers kom van Namibia en dié wat wel Suid-Afrikaners was, het jare gelede al na die stabiliteit, grootheid en verlatenheid van Botswana gekom waar die totale bevolking net bietjie meer as 1,2

miljoen mense is. Dié boere se ouers was ook meestal beesboere - en so ook hul kinders en dié se kinders en so aan.

Niemand kan die Batswana kwalik neem vir hul anti-Suid-Afrika sentimente nie. Botswana, soos die res van Suider-Afrika, het kwaaie deurgeloopte onder Suid-Afrika se destabilisasie-veldtogte en die bom-aanvalle wat in Gaborone geloods is in ANC-"terroriste" se huise. Maar dié sentimente het nie gemaak dat byna elke gebruikartikel, landbou-implement, heinings en drade nie van Suid-Afrika kom nie en sowat 88 persent van al die invoer van Botswana kom uit Suid-Afrika - dit is nou buiten die prawns uit Mosambiek.

Die ysterware-winkel, die hotel en die kafee op Ghanzi se kos is Suid-Afrikaans. Die bou-materiaal waarmee die meeste van die huise gebou is, word nog jaarliks uit Suid-Afrika ingevoer, die twee mans van die Vleisraad van Pretoria ry jaarliks die lang stofpad na Ghanzi om vleistransaksies te beklink en minstens een maal per week slaap 'n groepie sakemanne van Johannesburg in die Kalahari Arms Hotel.

Die boere meen alles kan goedkoper verkry word as dit regstreeks uit Suid-Afrika kom. 'n Blikkie Coke in Ghanzi kos R3,19. As die eienaar dit regstreeks uit Suid-Afrika kry en verkoop, kan hy dit vir die helfte van die prys verkoop - wat nou nie beteken hy doen dit nie.

Nazi-skelette uit Argentinië se kas

Argentinië het besluit om sy skulde aan die mensdom te vereffen.

PASCAL DUBOIS doen verslag

BUENOS AIRES - Argentinië het dié week sy lêers oor Nazi-oorlogsmisdadigers wat na die Tweede Wêreldoorlog daar gaan skuil het, vrygestel. Die Argentynse regering ontken berigte dat dié mense van blanko paspoorte voorsien is.

Pres Carlos Menem het 'n dekreet onderteken wat die polisie en die inligtingsagentskappe verplig om al hulle lêers oor Nazi's binne 30 dae aan die nasionale argief te oorhandig. Menem sê hy doen dit om Argentinië se "skuld aan die mensdom" terug te betaal.

Die minister van binnelandse sake, Jose Luiz Manzano, het egter ontken dat die regering van pres Juan Domingo Peron tussen 1946 en 1955 die Nazi's van blanko paspoorte voorsien het om hulle te help om uit Nazi Duitsland te ontsnap.

Herbert Limmer, die Duitse ambassadeur in Argentinië, het aan verslaggewers gesê daar is volgens sy kennis "geen Nazi-oorlogsmisdadigers in Argentinië oor nie". Die vrygestelde lêers behoort ook nie lig op nuwe gevalle te werp nie, sê hy.

Maar die Joodse direkteur van die Wiesenthal-sentrum, Shimon Samuels, sê sy organisasie het 14 Nazi-oorlogsmisdadigers die afgelope paar jaar opgespoor en, sê hy, daar kan meer wees.

"Peron het op 'n internasionale grondslag saam met ander organisasies en nasies gewerk, soos die Vatikaan en die Internasionale Rooi Kruis, en hy het ook met die Nazi's saamgesweer om hulle van paspoorte te voorsien," sê Samuels.

Manzano het vroeër die week in 'n radio-onderhoud erken dat drie Argentynse regerings daarvoor verantwoordelik is dat die land 'n veilige hawe vir Nazi's geword het.

Die eerste was dié van Peron, 'n populêre generaal en stigter van die party waarvan Menem nou die leier is. Manzano sonder ook die militêre regering van Arturo Frondizi, wat Peron in 1955 opgevolg het, uit. Frondizi was vanaf 1958 tot 1962 aan bewind.

VOLGENS MANZANO HET DIE NAZI'S die land ingekom met dokumente wat deur die Internasionale Rooi Kruis voorsien is.

Volgens Argentynse en internasionale geskiedkundiges het Peron groot bedrae geld van die Nazi's ontvang in ruil vir 7 500 blanko paspoorte wat hulle na bewering gebruik het om na Bolivië, Brasilië en ander Latyns-Amerikaanse lande te vlug.

Geskiedkundiges hoop nou die vrygestelde lêer sal meer lig werp op die lewens van berugte Nazi's wat volgens gerugte na Argentinië gevlug het, maar nooit opgespoor kon word nie.

Onder hulle is Martin Bormann, Hitler se regterhand en die man aan beheer van die Nazi-geld - geld wat na bewering na die oorlog gebruik is om Nazi's na Suid-Amerika te smokkel.

Bormann - aanvanklik is geglo dat hy tydens die val van Berlyn dood is, maar sy lyk is nooit gevind nie - het in 1945 saam met die gewese Gestapo-baas, Heinrich Muller, glo per duikboot in die suide van Argentinië aangekom. Dié bewering is ook nooit bevestig nie.

Nog 'n lêer wat deeglik aandag sal geniet, is dié van Eduard Roschmann - die sogenaamde "Slagter van Riga" wat



BO: CARACAS, Venezuela - 'n Groep soldate lojaal aan die demokratiese regering van pres Carlos Andres Perez dra die lyk van 'n kameraad weg nadat hy in die kop geskiet is deur rebelle wat dié week 'n staatsgreep probeer uitvoer het. Vyf uur ná die poging het Perez aangekondig dit het misluk.

ONDER: Twee lojale soldate in die middestad van Caracas dié week. (Foto's: AP)

regstreeks verantwoordelik was vir die dood van duisende Jode in die gheto's in Letland.

Die Argentynse veilige hawe vir Nazi's is in 1960 skouspelagtig oopgeplek toe 'n Israëli-kommando vir Adolf Eichmann ontvoer en na Israel geneem het om verhoor te word. - AFP

Olifante word minder, mense meer

NAIROBI - Die verbod op ivoorhandel het die olifant in Afrika se kans op oorlewing heelwat verbeter, maar menslike bevolkingsgroei bedreig nou dié diere se voortbestaan, volgens afgevaardigdes by 'n konferensie oor die Afrika-olifant wat pas verby is.

As bewaring nie 'n ruimhartige finansiële hupstoot van die internasionale gemeenskap kry nie, gaan bevolkingsgroei die mens dwing om met die olifante mee te ding om lewensruimte, was die slotsom by die konferensie.

Meer as 130 afgevaardigdes uit 35 Afrika-lande, skenkerlande, nie-regeringsorganisasies en bewaringspesialiste het tydens die konferensie in Nairobi die olifant-bewaringsplanne van Afrika onder die loep geneem.

Afrika-lande het daarin geslaag om 180 miljoen dollar bymekaar te maak, maar 'n verdere 305 miljoen is nodig vir 325 verskillende projekte om die olifantbewaringsplanne op dié kontinent te laat slaag.

Volgens die Bewaringsgroep vir Olifante in Afrika, en Europa se Wêreld-natuurlewefonds se olifantprogram, het die olifantbevolking in Afrika van 1,19 miljoen in 1981 tot 610 000 in 1989 afgeneem.

In die middel-tagtigerjare is 'n geraamde 1 000 ton ivoor uit Afrika ingevoer - die ivoor van 80 000 olifante jaarliks. - AFP



Voorspoedige Jaar van die Aap: China se senior leier, Deng Xiaoping, tweede van regs, dié week by die Nuwejaarsparty in Sjanghai waar die oorgang van die Jaar van die Bok na die Jaar van die Aap op die Chinese kalender gevier is. (Foto: AP)

Ou mense op pad uit in China?

Dit lyk of die hervormers nou die oorhand het oor die konserwatiewes in China, skryf
PIERRE LANFRANCHI

BEIJING - Die "afgetrede" Chinese leier Deng Xiaoping se pas afgelope reis deur die ekonomies lewenskragtige suide van China word deur politieke waarnemers beskou as 'n teken dat die hervormers in die Chinese regering nou die oorhand het oor die konserwatiewes.

Deng, 87, wat in Maart 1990 uitgetree het uit sy laaste amptelike pos as hoof van die Sentrale Militêre Kommissie, maar nog steeds as China se nie-amptelike leier beskou word, het dit op sy reis duidelik gestel dat China sal voortgaan met die dubbele beleid van ekonomiese modernisering en oopstelling van die land aan die buitewêreld.

Waarnemers beskou dit as 'n teken dat die heersende kliek in China - bestaande uit veterane van die Lang Mars en die Kommunistiese oomame van 1949 - op die 14e kongres van die Kommunisteparty later vanjaar plek kan maak vir jonger leiers.

Deng het egter ook gesê die regime moet vasstaan in sy voornemens om enige poging om die bestaande bestel omver te werp, te onderdruk.

Onder die ou mense wat nog aan bewind is, is president Yang Shangkun, 84, en die vise-president Wan Zhen, 83. Die ekonoom Chen Yun, 86, wat as leier van die konserwatiewe dié sleutelpos van voorsitter van die sentrale raadgevende kommissie van die Kommunisteparty se Sentrale Komitee bekleed, staan 'n streng beplande ekonomie voor. Hoewel hy nog baie invloedryk is, het hy die laaste twee jaar nie in die openbaar verskyn nie. Sy adjunk-voorsitter, Bop Yibo, is 84.

Ander bejaardes in die regering is die voorsitter van die Nasionale Volkskongres

se staande komitee, Wan Li, 77; die minister van verdediging, Qin Jiwei, 77; en die hoogs invloedryke Song Ping, hoof van die Sentrale Partybou-werkgroep.

Generaal Yang Baibing, 72, is die sekretaris-generaal van die Sentrale Militêre Kommissie en die hoof van die leër se Algemene Politieke Afdeling.

DENG SE REIS DEUR SUID-CHINA - die landstreek wat tot dusver die meeste baat gevind het by ekonomiese hervormings - het baie aandag getrek in die Hongkongse media, maar is stilgehou in China. Westerse diplomate meen Beijing se stilswye oor sy reis is bedoel "om die fiksie van die laaste twee jaar vol te hou dat Deng uitgetree het uit die politieke lewe". Die reis dui volgens hulle egter daarop dat hy steeds dié magleisels in die hand het.

Deng het president Yang in die spesiale ekonomiese sone Zhuhai Sez naby Hongkong ontmoet en ook samesprekings gevoer met die hoofde van die weermag en die openbare veiligheidsburo. Hy sal na verwagting ook samesprekings voer met die leier van die Kommunisteparty, Jiang Zemin, in Guangzhou om die partykongres in die derde kwartaal van vanjaar te bespreek. Die kongres word elke vyf jaar gehou om politieke en ekonomiese doelwitte te bepaal.

Volgens die koerante in Hongkong het Deng tydens die ontmoetings met Chinese leiers gesê sosialisme met Chinese karaktertrekke kan dien as metode om die land te moderniseer.

"Dit lyk of sommige aspekte van die kapitalisme toegepas kan word in sosialistiese stelsels," het hy in Shenzhen Sez gesê.

HOEWEL DENG SE REIS NA SUID-CHINA stilgehou is deur die Chinese media, het hy wel Maandagaand vir die eerste keer in 'n jaar op die Chinese televisie verskyn in 'n uitsending om die Chinese nuwejaar te vier.

Hy is afgeneem tydens 'n nuwejaarsparty in Shanghai waar die oorgang van die Jaar van die Bok na die Jaar van die Aap op die Chinese kalender gevier is. Daar is gewys hoe 'n amptenaar hom meedeel: "Kameraad Jiang Zemin het nou net opgebel om u 'n gelukkige nuwe jaar toe te wens."

Dié uitsending is betekenisvol, want die hervormingsgesinde Jiang, 64, is deur Deng as sekretaris-generaal van die Kommunisteparty uitgekies ná die demokratiese beweging van 1989. Dié keuse het aangesluit by Deng se beroep op bejaarde Chinese leiers om af te tree

en die regering van die land aan middeljarige burokrate oor te laat.

Op 'n amptelike nuwejaarsparty in die Groot Volksaal in Beijing het Jiang vandeeweek gesê dis noodsaaklik dat China "die pas van hervorming versnel en toeganklik word vir die buitewêreld".

Die Chinese media het vandeeweek ook baie aandag gegee aan premier Li Peng se reis na Europa en na Amerika om die spitsberaad van die VVO se Veiligheidsraad by te woon. 'n Foto wat in Lissabon geneem is van die Portugese premier Anibal Cavaco Silva en 'n stralende Li, wat tot dusver deur die internasionale gemeenskap uitgekryt is as die man agter die onderdrukking van pro-demokratiese betogers in 1989, het Dinsdag op die voorblaai van koerante in China verskyn. - AFP

Arabiërs bekommerd oor kinders

ABU DHABI - Baie Arabiese kinders in die Midde-Ooste kan hul eie taal nie meer goed praat nie en leer nie-Islamitiese gewoontes aan omdat hulle deur kinderoppassers van oorsee versorg word, sê Islamitiese amptenare.

Met die geld wat olie hulle besorg het, huur talle Arabiere kinderoppassers uit die Filippyne, Indië en Sri Lanka - lande wat maatskaplik baie verskil van die Midde-Oosterse lande, het Hareb, die sekretaris-generaal van die Emirate-Universiteit, vandeeweek in 'n lesing gesê.

"Ondersoeke wys dat 40 persent van ons kinders tussen 6 en 12 jaar Arabies met 'n vreemde aksent praat," sê hy. "Boonop is twee derdes van die kinderoppassers ongeletterd. Dit benadeel die opvoeding van ons kinders."

Die kinderoppassers en ander huishulpe uit die buiteland word as "statussimbole" gehuur, sê hy. "Sommige gesinne het meer huishulpe as gesinslede."

Hareb beweer: "Altesame 4,3 persent van die kinderoppassers het ons kinders geleer rook en 2,5 persent het hulle geleer om alkohol te gebruik. Baie van dié huishulpe pleeg boonop owerspel."

Sowat 80 persent van die werksmag van 5 miljoen werkers in die Arabiese lande bestaan uit buitelanders. Buitelanders het in groot getalle na die lande aan die Persiese Golf begin stroom in die jare sestig, nadat ryk oliebronne ontdek is en die lande hul infrastruktuur begin opbou het. - AFP

Die ANC/AWB moordkontrak:

hier is die feite

DIE ANC het verlede week gesê dat daar geen waarheid steek in die bewerings dat twee van sy intelligensie-offisiere 'n lid van die AWB sou betaal het om 'n gewese askari, Glory "September" Sidebe, te skiet nie.

Intussen sê die polisie sy ondersoek rondom die moontlike moordkomplot teen September is voltooi en na die Prokureur-generaal verwys wat moet besluit of hy iemand gaan vervol.

Die polisie wag steeds op twee intelligensie-offisiere van die ANC, Raevel Nkondo en Yunus Mia, ook bekend as Ricky en Mao, om hulle van beëdigde verklaringe rondom die beweerde komplot te voorsien.

Die ANC het VWB daarvan beskuldig dat hy blatante onwaarhede oor die ANC en die twee intelligensie-offisiere gepubliseer het en dat dit nie die beleid is van die ANC om politieke sluipmoorde te pleeg nie. Die ANC sê VWB het die storie opgedis om die ANC in diskrediet te bring.

Die ANC beroep hulself op 'n bandopname van 'n ontmoeting tussen die AWB-lid, Danie Odendaal, die twee ANC-lede en 'n beweerde polisieman. Op 'n vraag van Odendaal sê die intelligensie-offisiere dat hulle nie September vermoor wil hê nie en dat die ANC nie sulke dinge doen nie.

Dié bandopname is egter gemaak enkele dae nadat Ricky en Mao deur 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die ANC, Joe Nthlantla, oor die komplot gekonfronteer is en beveel is om verdere deelname aan die komplot te staak.

Die twee intelligensie-offisiere van die ANC het vandeeweek gedreig om VWB weens laster te dagvaar omdat hulle aan die beweerde komplot gekoppel is. Nkondo en Mia sê die bewerings teen hulle is lasterlik omdat lede van die publiek hulle as oneerlike en berekende moordenaars sal beskou. Hulle eis R50 000 skadevergoeding elk en 'n apologie.

Vrye Weekblad staan egter volledig by sy berig en is egter geensins van voorneme om apologie aan te teken nie.

Die berig is gepubliseer nadat Odendaal weens die komplot vroeg in Januarie deur die polisie in hegtenis geneem is en weer eens sy aandeel in die moorddaadslag teen September erken het.

Hier is van die getuienis rondom die komplot:

Die Bandopname

Op 25 Oktober verlede jaar is 'n ontmoeting tussen Odendaal, Ricky, Mao en 'n vierde persoon, wat as 'n polisieman voorgestel is, op band opgeneem. Dié bandopname is gemaak sowat twee weke nadat Odendaal vir die eerste keer gesê het dat Ricky en Mao hom glo genader het om 'n sluipmoord te pleeg.

Vrye Weekblad het gehoop die bandopname sou finale uitsluitel oor die

moord verskaf, maar tydens die gesprek konfronteer Ricky vir Odendaal omdat hy aan die koerant sou gesê het dat hy R10 000 ontvang het om September te skiet.

Ricky sê verskeie kere dat dit nie ANC-beleid is om iemand te vermoor nie en dat hulle nie wil hê Odendaal moet September om die lewe bring nie. Dit blyk egter baie duidelik dat 'n projek rondom September wel voorheen met Odendaal bespreek is.

Enkele dae voor die opgeneemde ontmoeting is minstens twee lede van die Uitvoerende Komitee van die ANC oor die bewerings teen Ricky en Mao ingelig. Die twee intelligensie-offisiere is deur minstens een van hulle ingeroep en met die bewerings oor September gekonfronteer. Hulle is oor die kole gehaal en meegedeel dat sulke praktyke nie ANC-beleid is nie. Dit verklaar ook hoekom die bandopname-gesprek begin met Ricky wat by Odendaal wil weet hoekom hy Vrye Weekblad van September en die R10 000 vertel het.

Hier is enkele uittreksels uit die bandopname, wat swak opgeneem het en plek-plek onhoorbaar is. Die transkripsies is so akkuraat as moontlik gedoen.

Odendaal: "September. Ek weet waar hy is."

Ricky: "Ek wil niks met hom te doen hê nie."

Odendaal: "Wil jy niks met hom te doen hê nie?"

Ricky: "Nee, nog nooit nie."

Odendaal: "Hoekom is dit?"

Ricky: "Ek wou net geweet het."

'n Rukkie later sê Ricky: "Wat het jy vir Jacques gaan sê dat ons jou R10 000 gaan gee het...om September dood te maak?"

Odendaal: "Julle het vir my gevra ek moet uitvind waar hy is...ek het uitgevind waar hy is en dis die einde van die storie...as jy iemand anderste wil kry om hom sat te maak is dit jou storie."

Ricky: "Ek wil hom nie sat maak nie."

In 'n latere stadium bespreek die groep weer sluipmoorde, waarop Ricky antwoord: "Ons sê nie die ANC doen dit nie, maar ons doen dit nie."

Aan die einde van die gesprek verwys Odendaal na inligting wat hy ontvang het dat September in die Nelspruit-omgewing skuil, en sê: "Ek het 'n ou by Moord-en-Roof, Okkie Brits, 'n pël wat saam met my op skool was, vanoggend gebel...toe sê ek vir hom as ek nou Nelspruit toe kom en ek maak nou 'n plan...toe sê hy as jy 'n paar dollar deur sy bankrekening stoot kan ek sorg dat dinge reg verloop."

Mao: "Daai is nie onse style nie."

Odendaal: "Nou waaruit gaan ek my geld dan maak?"

Ricky: "Daai sal ons discuss..."

Tydens die gesprek is daar 'n vierde persoon ook by wat aan die twee intelligensie-offisiere as 'n polisieman

werksaam by die SAP se rekenaarafdeling voorgestel word.

Die twee ANC-lede is blykbaar oortuig dat die SAP se daaglikse optrede teen hulle op rekenaar geprogrammeer is. Die polisieman sê aan hulle: "In Suid-Afrika praat ek nie weer nie, dis uit. Die volgende ontmoeting is in die buiteland...Nou ek het R10 000 nodig om julle orals by daai goed uit te kry."

Ricky antwoord dat as die produk reg is, kan hulle selfs in Europa gaan ontmoet. Hy sê: "In principle koop ons alles...die geld alles is reg...Ons is nie 'n baie ryk organisasie nie, maar op 'n professionele vlak sal ons doen wat ons moet doen...Ons het al klaar baie geld gespandeer...Ons het nie iets tasbaars."

'n Beëdigde verklaring

Op aandrang van die ANC se huidige hoof van intelligensie, Terror Lekota, is 'n beëdigde verklaring reeds aan die einde van November verlede jaar deur Odendaal gemaak. Hier is uittreksels uit sy beëdigde verklaring:

"Op Maandag 14 Oktober het ek weer vir Ricky en Mao ontmoet in 'n hotelkamer by die Johannesburg Sun. By hierdie ontmoeting het hulle aan my gevra of ek enige inligting kon bekom. Hulle het reeds by die ontmoeting op 10 Oktober 1991 aan my gevra om inligting te verkry omtrent September, alias Glory Sidebe.

"Op 17 Oktober 1991 het ek 'n kennis van my, wat 'n lid is van die veiligheidspolisie, ontmoet. Hy het aan my 'n posbusadres in Brits en 'n huisadres in Garankuwa gegee wat na bewering aan September behoort. My bron het aan my 'n foto gewys. Volgens hom was dit 'n foto van September soos hy nou lyk. Die man op die foto was tussen 35 en 40 jaar oud, met 'n baard en 'n snor.

"Op 18 Oktober 1991 het ek vir Ricky alleen ontmoet by die Oosterse Plaza. Hy wou weet of ek kans sien om vir September te skiet. Ek het gesê dat ek geld nodig sou hê om 'n geweer te koop en Ricky het intussen vir my R2 200 gegee vir die doel.

"Op Vrydag, 25 Oktober 1991, nadat ek inligting bekom het dat September moontlik in Nelspruit is, het ek vir sers Okkie Brits gebel. Ek het vir sersant Brits gevra of hy bereid sou wees om by 'n ondersoek betrokke te raak en, indien nodig, sou verhoed dat die ondersoek behoorlik vorder as 'n swartman in sy omgewing sou doodgeskiet word.

"Op Vrydag, 25 Oktober 1991 om 14h00 het ek, Ricky, Mao en 'n polisieman verbonde aan die rekenaarafdeling van die veiligheidspolisie in Pretoria by my huis vergader. Ricky het gevra hoekom ek vir Jacques Pauw vertel het dat hulle my R10 000 sou betaal om vir September te skiet."

Ander getuienis

Odendaal het reeds op 14 Oktober 1991 aan Vrye Weekblad se verslaggewer gevra of hy weet wie September is. Odendaal het in daardie stadium reeds oor merkwaardige inligting oor September beskik, wie hy is, waar hy is en wat hy gedoen het. Dit was gewis nie die soort inligting wat aan 'n gewone lid van die publiek beskikbaar was nie. Hy het toe reeds erken dat die twee intelligensie-offisiere van die ANC hom sou gevra het om 'n sluipmoord te pleeg.

Kort hierna het Odendaal inligting ontvang - wat hy gesê het van die ANC afkomstig is - dat September in die Nelspruit-omgewing skuil. Odendaal het gesê hy het die telefoonoproep na die polisieman op Nelspruit gemaak sodat dié man die moord kan toesmeer. Die polisie het reeds vasgestel dat Odendaal inderdaad die moord gepleeg het.

Terror Lekota is kort hierna deur VWB oor die moontlikheid van die sluipmoord in kennis gestel. 'n Paar dae later, en voor die ontmoeting wat op band vasgelê is, is Ricky en Mao deur 'n Uitvoerende Komiteelid ingeroep en gekonfronteer.

Ricky en Mao, wat regstreeks aan Lekota behoort te rapporteer, het VWB spesifiek gevra om Lekota nie van die projek te vertel nie. Hoewel hulle dus onder Lekota se gesag val, het hulle nie vir hom van die September- of enige ander projek vertel nie.

Daar is reeds vasgestel dat die geld wat aan Odendaal uitbetaal is, nie uit die ANC se intelligensie-rekening gekom het nie. Dit is ook nie bekend waar hulle geld gekry het om hotelrekenings en ander onkoste te betaal of geld sou kry om die beweerde polisieman te betaal nie.

Hoewel Odendaal dus die ANC ontmoet het om die wapentransaksies vir die regses te ontbloot, het hy 'n groot aantal ander projekte vir Ricky en Mao gedoen wat niks met die regses te make had nie. Hy het 'n projek vir hulle naby Margate in Natal gaan doen, waarvoor sy motoruur op R2 500 te staan gekom het (VWB het nog die rekening daarvoor). Kort voor hy Natal toe vertrek het, het VWB se verslaggewer R4 000 in kontant gesien minute nadat hy Ricky ontmoet het.

Odendaal het ook 'n projek rondom Adrian Maritz vir die ANC gedoen. Tydens die ontmoeting wat op band vasgelê is, oorhandig hy materiaal aan hulle. Hy is ook vir dié projek betaal.

Odendaal het aan die einde van November 'n ontmoeting met Lekota gehad waarin hy self die hoof van intelligensie volledig oor die September-projek ingelig het. Hy het klomp strokies, rekeninge en kwitansies aan Lekota oorhandig. Dit was op Lekota se aandrang dat hy 'n beëdigde verklaring oor September gemaak het. Lekota het onderneem om self die bewerings te ondersoek.

JOHANNES BRUWER het die tentoonstelling van die Brenthurst-versameling van Suider-Afrikaanse kuns, genaamd **Art and Ambiguity**, in die Johannesburgse Kunsmuseum besoek

eenheid en verskeidenheid

HOEVEEL moet 'n mens weet van mense se kultuur om hul kuns te kan waardeer? Dié is een van die vrae wat ter sake kom in die tentoonstelling van die Brenthurst-versameling van Suider-Afrikaanse kuns wat nou tot einde Maart in die Johannesburgse Kunsmuseum te sien is.

Die meer as 800 stukke Afrika-kuns - meestal ouer werke, waarvan talle waarskynlik uit die 19e eeu dateer - is aanvanklik versamel deur Jonathan Lowe, 'n Suid-Afrikaner wat in Londen woon, en nou deur Harry Oppenheimer na Suid-Afrika teruggebring is.




Die tentoonstelling - 'n visuele fees soos min - behels 'n breë verskeidenheid skeppings in verskeie genres: losstaande figuurbeelde, gebeeldhoude kopstutte, potte, messe, knuppels en ander wapens, pype, snuifdose en -lepels, en kralewerk.

Dit is die eerste keer dat so 'n omvattende versameling van dergelike werke in 'n kunsmuseum in Suid-Afrika gehou is, sê Christopher Till, oud-direkteur van die kunsmuseum, in die voorwoord tot die ryklik geïllustreerde katalogus met essays deur verskeie kenners wat teen die uiters billike prys van R50 by die kunsmuseum te kry is.

Die versameling is deurgaans van 'n hoë estetiese gehalte en is duidelik saamgestel deur iemand met 'n uitstekende aanvoeling vir visuele vorm. 'n Oorweging wat mens in gedagte moet hou by die waardering van die inheemse kuns van Afrika, sê Rayda Becker egter in haar bespreking van die verstommende verskeidenheid kopstutte, is dat "meaning lies elsewhere, and not in the formal appearance and structure of the object or in the hand of the specialist carver. These are, in any case, typically Eurocentric views. Significance could lie in the head-rest's use and its history."

DIE KOPSTUTTE IS NIE IN DIE openbaar vertoon nie, maar privaat gebruik, sê sy, en die betekenis daarvan kon in die eienaar se leeftyd verander. Namate dit liggaamsolies opgeneem het en met persoonlike aanhangsels versier is, het dit so 'n gepersonaliseerde deel van die eienaar geword dat dit dikwels saam met hom begrawe is.

Naas dié "psigiese band" tussen die eienaar en die kopstut, kon dergelike gebruiksvorwerpe (byvoorbeeld ook snuifdose en krale) ook dien as 'n kommunikasiemedium (mhamba) waarvoorvaders gekontak kan word. As



'n Paar van die talle kopstutte uit Suider-Afrika.

'n kopstut byvoorbeeld deur 'n bepaalde voorvader besit en gebruik is, skryf Becker, het dit 'n waarde verkry wat baie hoër is as die visuele voorkoms daarvan.

Die begrip dat 'n groot deel van die simboliese betekenis van die stukke op die tentoonstelling nie deur hul visuele voorkoms omskryf word nie, maar deur hul gebruik in 'n bepaalde kulturele konteks, is belangrik en word verder toegelig deur die essays in die katalogus.

Dié begrip is van groot waarde in byvoorbeeld 'n waardering van die losstaande figuurbeelde in die versameling. 'n Opvallende kenmerk van die meeste figuurbeelde is dat hulle nie 'n narratiewe inslag het nie - hulle verbeeld nie die individuele lotgevalle van 'n bepaalde enkeling, of 'n bepaalde gemoedstoestand soos "angs", "woede", "oorwinning" of "smart" soos dikwels voorkom in die "Eurosentriese" tradisie nie - maar meer universele tipes soos "man", "vrou", en so meer. Een van die funksies wat aan dergelike beelde toegeskryf word, is hul gebruik in inisiasie-rituele.

'NGEVOLG VAN DIE BEELDE SE maatskaplike funksie - hulle dra 'n kollektiewe, eerder as 'n individuele betekenis - is dat hulle nie emosionele ekspressiwiteit beklemtoon nie, en ook nie "realisties" is in die sin dat hulle bepaalde enkelinge beskryf nie. Figure word byvoorbeeld uitgebeeld as gestileerde argetipes waarvan die lyftaal deur 'n streng simmetrie beperk word.

Dié simmetriese frontaliteit, wat sterk herinner aan die antieke Egiptiese beelde en byvoorbeeld die Griekse kouroi, gee die figure 'n monumentale, waardige aanslag. Dié kalm menswaardigheid van die beelde kontrasteer skerp met die figuratiewe beeldhoukuns van die Weste, waarin die enkeling se verlies aan menswaardigheid weens vervreemding dikwels die onderwerp is. (Vergelyk byvoorbeeld die verlengde, frontale figure van Giacometti met die Kondebeeld van 'n Vrou, katalogusnommer 12.)

Die monumentale simmetrie van die beelde en gebruiksvorwerpe soos die gekerfde kopstutte gee aan die hele tentoonstelling 'n kollektiewe kalmte, 'n byna tasbare gevoel van "stilte", waarvan Es'kia Mphahlele in sy voorwoord tot die katalogus treffend melding maak: "The stillness of this universe of art accentuates the sense of being rather than self-con-

scious movement. A stillness with its own inner rhythm. A rhythm with its own inner echoes. Echoes with their own inner poetry."

Hoewel 'n volledige insig van die werke op die tentoonstelling slegs verkry kan word deur 'n verkenning van hul kulturele konteks (wat nie noodwendig deur etniese of geografiese "grense" bepaal word nie), beteken dit egter nie dat 'n Westersgeoriënteerde mens geen plesier gaan put uit hul suiwer visuele voorkoms nie. Veral die kopstutte, potte en snuifdose en lepels behoort ontwerpers uit enige kultuur gaande te hê.

MPHAHLELE PRAAT VAN 'N "HERHALENDE" element in Afrika-kuns - maar die meesleurende verskeidenheid in byvoorbeeld die groot aantal kopstutte wys dat 'n herhaling van funksie geensins 'n eentonige herhaling van vorm impliseer nie. Die kopstutte konformeer in hul funksie en aspekte soos hul hoogte bo die grondvlak (die gemiddelde afstand van mens se oor na jou skouer) - maar hul versiering wissel van stuk tot stuk, en van suiwer geometriese patrone tot figuratiewe beelde. Dieselfde individuele vindingrykheid binne 'n oorkoepelende karakter kenmerk ook die handwapens, pype, potte en snuifdose en -lepels.

Die verbeeldingrykheid waarmee formele visuele elemente in afsonderlike stukke gekomponeer word, is waarskynlik die eerste aspek op grond waarvan iemand van 'n ander kultuur dié stukke sal waardeer. Terwyl die simboliese betekenis van 'n kultuur se kuns groot ideologiese vertolkingsprobleme kan oplewer, werk die formele of dekoratiewe elemente daarvan steeds met 'n visuele taal wat mens as universeel kan beskou (simmetrie, visuele ewewig, die skoonheid van 'n herhalende ritme, en so meer is elemente wat deur die kunste van alle plekke en alle tye benut word).

Die fyn visuele digkuns van die meeste stukke in dié versameling is die aanknopingspunt wat selfs "Eurosentriese" kunsliefhebbers behoort te oorreed om verder kennis te neem van die simboliese waarde wat die stukke in hul kulturele konteks het. Dat Afrika-kuns soos dié volgens die samestellers van die katalogus tot betreklik onlangs deur Westerlinge as "esteties minderwaardig" beskou is omdat hulle "bloot gebruiksvorwerpe" is, beteken eenvoudig die mense het nie werklik na die stukke gekyk nie.

Die katastrofale spel van die Nasionale Simfonie-orke onder die ramspoedige leiding van David Tidboald het straks van die finaliste se kanse beduiwel in die sesde Unisa-Transnet Internasionale Klavierkompetisie, skryf HENNING VILJOEN. Nietemin was die kompetisie, waarin die Russe oorheers het, 'n opwindende ervaring

die jaar van die russe

DIE RUSSE het gekom, gespeel en oorwin. Die sesde Unisa-Transnet Internasionale Klavierkompetisie sal - in teenstelling met vorige kompetisies wat onderskeidelik deur Italiane, Duitsers en Franse oorheers is - onthou word as die Russiese kompetisie.

Die briljante Russiese pianis Andrei Pisarev en die sekuur en netjiese Franse pianis Francois Guy is as die gesamentlike wenners aangewys, terwyl die ander twee Russiese finaliste, Veronika Reznikovskaya en Saitkoulov Roustem, die derde en vyfde plekke ingeneem het. Twee groot gunsteling onder die publiek - Xiang-Dong Kong van China en Giampaolo Stuani van Italië - is vierde en sesde geplaas.

Die standaard van die kompetisie was uitsonderlik hoog - grootliks (soos met die Stryker kompetisie) te danke aan die keuring vooraf waarin 44 kandidate uit 128 applikante gekies is om aan die eerste ronde deel te neem. Dit was ongetwyfeld een van die spannendste kompetisies: die kandidate het enduit kop aan kop geloop - met 'n "photo-finish" einde waarin niemand met sekerheid kon voorspel wie die wenner gaan wees nie. Nog nooit het ek sulke uiteenlopende kommentaar by kenners en musiek liefhebbers oor bepaalde vertolkings gehoor as in dié kompetisie nie, om nie eens te praat van die uiteenlopende motiverings waarom bepaalde kandidate moet wen nie. Die spanning het ook onder die kandidate sy tol begin eis - baie van die goeie spelers het in die semifinaleronde konsentrasieprobleme ervaar. In die geval van die uitstekende Poolse pianis Jaroslaw Drzewiecki (wat die Estelle Zwick-prys vir die beste vertolking van 'n Chopin-werk gewen het) en die uiters begaafde Bulgaarse pianis Aglika Genova het dit hulle selfs van 'n plek in die finale ronde ontnem.

ANDREI PISAREV het ek in die eerste ronde reeds as my wenner geëien, omdat hy die klavier met die pragtigste geskakeerde klankteksture kan laat sing. Ná sy musikaal deureleefde vertolking van Mozart se Sonata in F maj, K332, (waarvoor hy die Marc Raubenheimer-prys vir die beste vertolking van 'n klassieke sonata in die

tweede ronde gewen het) en sy verbysterende vertolking van Liszt se Sonata in B min het ek my geld finaal op hom as die wenner geplaas. Met sy stylvolle en genuanseerde vertolking van Mozart se Klavierkonsert No 20 in D min (waarvoor hy die Jaques Klein-gedenkprys vir die beste vertolking van 'n Mozart-concerto gewen het) was daar myns insiens geen keer aan dié kandidaat nie - min vermoedend dat hy in die pylvak plat op sy gesig gaan val met sy vertolking van Tsjaikofski se Klavierkonsert in die finale ronde.

Dit lyk my die jurie het wel die katastrofale spel van die Nasionale Simfonie-orke en die ramspoedige dirigeerkuns van David Tidboald in aanmerking geneem - wat myns insiens hoofsaaklik verantwoordelik was vir Pisarev se musikale ontsporing. Om die orke se spel as amateuragtig te bestempel sal 'n belediging wees vir alle amateurs. Wat David Tidboald se windmeulswaaiende gebare en onsimpatiese leiding betref - waarmee hy nie die orke en pianis by mekaar kon uitbring, of die orke bymekaar kon hou nie - kan ek net die woorde van een van die jurieliede van die Strykerskompetisie beaam: "Never, never in my life have I heard a maestro as bad as this one - never, never."

Die swakheid van dié dirigent en orke is verder onderstreep toe Patrick Thomas en die Transvaalse Filharmoniese Orke die volgende aand vir Xiang-Dong Kong en Giampaolo Stuani uitstekend onderskraag het in hul vertolkings van Tsjaikofski se Klavierkonsert. In die toekoms behoort al die kandidate dieselfde dirigent en orke vir die Mozart-concertos en almal dieselfde dirigent en orke vir die ander concertos te hê, eerder as dat kandidate deurgaans deur dieselfde orke en dirigent bevoordeel of benadeel word.

DIE ANDER GESAMENTLIKE WENNER, Francois Guy, is 'n fyn musikus wat in elke ronde net van krag tot krag gegaan het en die kroon gespan het met 'n skitterende vertolking van Brahms se Klavierkonsert No 1, waarvoor hy die Celia en Hendrik Buurman-gedenkprys vir die beste concerto in die finale ronde ontvang het. Op een of ander wyse het hy Tidboald en die Nasionale orke ook tot beter musikale ondersteuning besiel. Eers het ek hom as

'n baie sekuur en netjiese pianis beleef, maar sy vertolkings het baie bloedloos gebly. In Brahms het hy egter sy staal getoon en met 'n lewenskragtige en opwindende vertolking na vore gekom. Met sy stilisties verantwoorde vertolking van Mozart se Klavierkonsert No 9 in E maj, K271, het baie mense hom in hul boek aangeteken as die wenner van die Mozartconcerto-prys. Wat dié prestasies van Guy des te meer merkwaardig maak, is dat dit sy eerste optredes saam met 'n orke was en 'n lewensdroom om eendag die Brahms Klavierkonsert saam met 'n orke uit te voer.

DIE RUSSESE PIANIS Veronika Reznikovskaya het my deurgaans beïndruk met die gemak waarmee sy die musiek uit haar vingers skud. By haar is daar niks van die gesnak na asem en gekners op die tande om bepaalde effekte uit die klavier te kry nie. Die spontane natuurlikheid van haar spel het van al haar vertolkings net pure genot maak. Haar vertolking van Mozart se Klavierkonsert No 27, K595, was vir my een van die hoogtepunte van die kompetisie, veral met die loutere poësie wat sy in die stadige gedeelte uit die klavier laat vloei het. Dis jammer dat sy haar in die finale ronde nie by haar keuse van Saint-Saëns se Klavierkonsert No 2 gehou het nie. Hoewel sy ondanks 'n groot geheueglips nogtans met 'n uitmuntende vertolking van Rakhmaninov se Derde Klavierkonsert na vore gekom het, het ek iets van die robuustheid wat die konsert vereis in haar spel gemis.

DIE DERDE RUSSESE FINALIS, Roustem Saitkoulov, wat die vyfde plek verower het, het al as begeleier in die Stryker kompetisie opgeval as 'n uitsonderlike pianis. In die eerste ronde het hy baie goed afgeskop met briljante vertolkings van Chopin se Etude in A min Op 25 No 11 en Prokofiev se Etude in D min, maar dit was asof hy in elke verdere ronde iets van sy musiekale fut verloor het. Hy sou ook beslis nie die prys kon kry vir die mees nootgetroue vertolkings nie. Hy bly nietemin 'n baie opwindende musikus, wat as die jongste finalis in die kompetisie baie groot belofte inhou. Maar nog was dit van die Russe "het einde niet". Maxim Mogilevsky het die Norman Nossel-prys


gekry vir die beste vertolking van die verpligte Suid-Afrikaanse werk, *Songs and Dances* van Stefans Grové.

IN VERGELYKING MET DIE PUBLIEK se reaksie kon ek minder opgewonde raak oor die Chinese pianis Xiang-Dong Kong se stilisties ietwat idiosinkratiese vertolkings, terwyl die ander publieke gunsteling, Giampaolo Stuani, my net koud gelaat het. Stuani laat Brahms soos Liszt klink, Beethoven soos Debussy, Ravel soos Bartok en Mozart soos Beethoven. Hy het nietemin die jurie beïndruk en die Bosendorfer-Polliacks-prys gekry vir die beste vertolking van 'n Brahms-werk in die derde ronde. Met foute en al sou ek die prys eerder aan Jaroslaw Drzewiecki gegee het vir sy deureleefde vertolking van Brahms se Fantasieë, Op 116 Nos 1-7. Die vertolking het selfs 'n resensent van 'n Engelse dagblad wat bekend is vir sy kwaai kritiek só aangegryp dat hy hardop in trane uitgebars het.

Die pianis oor wie ek die spytste is dat hy nie tot die finale ronde deurgedring het nie is die Duitser Markus Becker. Soos sy landgenoot Markus Thomas, 'n vorige wenner van die kompetisie, is hy 'n stewige, volronde musikus, wat veral weet hoe om musiek stilisties te deurgedring. Sy vertolking van Rihm se Klavierstuk No 5 was 'n hoogtepunt van die kompetisie.

ERIKA BOTHA IS DIE ENIGSTE SUID-AFRIKANER wat tot die semi-finale ronde kon deurdring en sy is welverdiend aangewys as die wenner van die Fred Firth-gedenkprys vir die belowendste Suid-Afrikaner in die kompetisie. Sy het deurgaans spel van hoë gehalte gelewer en vertolkings waarop sy met reg trots kan voel in die sterk mededingende geselskap waarin sy haar bevind het.

'n Baie verblydende aspek was die groot aantal geesdriftige jong ondersteuners wat na Erika Botha kom luister. Dit was opvallend hoeveel méér jong belangstellendes as in die verlede die verskillende rondes van die kompetisies bygewoon het. Met die opwindende van die kompetisie nog vol in 'n mens se are, begin jy al klaar wonder wat die volgende kompetisie oor twee jaar gaan oplewer - en of daar nie dalk 'n ontluikende Suid-Afrikaner as wenner op ons wag nie.



Links: Man en Vrou, twee Tsonga-beelde op die tentoonstelling Art and Ambiguity wat nou in die Johannesburgse Kunsmuseum te sien is.

Planeet Aarde
Tydperk 22 Tydvak 75:04

Voorstter Aaldon Horak
Gilde van Estete
Planeet 1
Megastelsel A

Beste Aaldon,

Al my koppe hang in skaamte. Ek het die aardlinge oorhaastig beoordeel. Hul verwoesting van mekaar en van die planeet het hulle na 'n plaag laat lyk. Hul moord op die "bome" het my met afgryse gevul. Waar in die heelal is nog so 'n verskrikking?

In my ontsteltenis het ek die beginsels van die estetika vergeet. Ek het die aardlinge op grond van hul uiterlike verwerp en nie hul inhoud oorweeg nie. Ek is afgeskrik deur hul vorms - so kitsch in hul saai simmetrie, so meganies herhalend soos fabriekspotte! En so min afwisseling in hul kleure, so 'n uiters beperkte palet!

Omdat hulle die aarde vul, kon ek hulle egter nie ontwyk nie. Tydens my katalogisering van die "boom"-reeks het hul groteske gedrag my aandag gedurig afgetrek. (Op dié planeet is nêrens rus nie.) Uiteindelik kon ek my nuuskierigheid nie bedwing nie. Ek het die katalogisering aan die outo-opnemers oorgelaat en die aardlinge van nader beskou.

Nou besef ek hoe verkeerd ek was. Prulwerke? Nee - hulle is 'n unieke konsep in die estetika, 'n volslae eiesoortige kunsvorm. (Ek stuur binnekort 'n volledige verslag aan die Gilde.)

'n Mens kan hulle as 'n drama beskou, maar ons sal 'n nuwe genre moet skep om hulle te beskryf. "Tragi-komedie" is ontoereikend. Die aardlinge is 'n gewaagde spel met die wisselwerking tussen orde en chaos. In hulle word 'n feitlik oneindige reeks paradokse en teenstrydighede verken.

Hul vorm verklap nie hul inhoud nie. Hul betekenis is verskuil in hul denke en net sigbaar in hul optrede teenoor mekaar. (Die ontleding van hul betekenis word bemoeilik omdat hul dade nie altyd hul denke weerspieël nie.)

IN AL SEWE MILJARD STUKKE het ek nie één strukturele variasie gevind nie, buiten 'n geringe detail-verskil tussen die biologiese "geslagte" - wat nie hul dooie simmetrie ophelder nie. Eers later ontdek 'n mens die fyn ironie van hul eentonige uiterlike: die inhoud van hul denke is 'n byna volslae chaos. Dit is geensins eenvormig nie, maar verander van streek tot streek, van tyd tot tyd, van enkeling tot enkeling en selfs van oomblik tot oomblik.

'n Ruk gelede het 'n brief uit die buitenste ruim op eienaardige wyse in JOHANNES BRUWER se besit gekom. Dié week het hy 'n tweede brief ontvang waarin die brieffskrywer, Sennahoj Rewurb, sê sy aanvanklike weersin in die mens was 'n fout

die skepsels wat dink hulle is verskillend

In die aardlinge se veranderlike denke word illusies vrylik gebruik. (Die konsep is vir my nog moeilik om te verwerk.) Ondanks hul opvallende uniformiteit beskou hulle byvoorbeeld hulself as unieke enkelinge. Boonop glo talle dat hulle in eiesoortige groepe verdeel is - so "eiesoortig" dat hulle selfs dink hulle is verskillende wesens!

Dié absurde opvatting het 'n verskriklike uitwerking. Die aardlinge raak so oortuig van dié illusie dat hulle hul mede-aardlinge dikwels op groot skaal uitwis indien die slagoffers na hul mening tot 'n ander "kategorie" behoort.

Eers het die "kategorieë" my dronkgeslaan. Hulle hou geen verband met die werklikheid nie. Steekproewe waarin ek die fisieke samestelling van alle "kategorieë" aardlinge ontleed het, kon geen lig werp op hul vreemde optrede jens mekaar nie. Biologies is hulle almal identies, presies dieselfde vlees en bloed.

Almal word met dieselfde fisieke logika gelore: almal is verganklike wesens wat kwyn en doodgaan as hulle nie gedurig in stand gehou word deur die selektiewe inname van materie nie. Almal vermy die dood en pyn, almal strew na die lewe en plesier - en almal ervaar pyn en plesier boonop op presies dieselfde manier. Tog maak hulle asof hulle niks met mekaar gemeen het nie.

NÁ 'N LANG GESUKKEL HETEK die oorsprong van hul teenstrydighede ontdek. Dis verstommend: hulle begryp nie wat hulle doen nie. Anders as ons word die aardlinge nie gebore met 'n bewuste kennis van hulself en van die materiële wette wat hulle in stand hou nie. (Ril jou antennes van ongelooft? Hoe hulle tot dusver in die materiële werklikheid kon oorleef, is vir my ook nog duister!) Die aardlinge moet dié wette oor 'n lang tyd aanleer deur 'n pynlik stadige verbandlegging tussen oorsaak en gevolg in hul ervaring van die werklikheid.

Dié leerproses word deur verskeie faktore bemoeilik. Die aardlinge kan byvoorbeeld nie die inhoud van hul bewussyn telepaties volledig uitruil soos ons as ons binne 'n ligjaar van mekaar is nie. Hulle ruil inligting uit deur middel van 'n hoogs ondoeltreffende "taal"-stelsel, wat talle misverstande moontlik maak. Pleks van werklikhede kommunikeer dit abstrakte simbole wat onregstreeks na die werklikheid verwys - maar as sulke vae veralgemenings dat dit die vernaamste besonderhede ignoreer.

Dié simboolstelsel is ook nie uniform of konstant nie, maar varieer só van streek tot streek en selfs van enkeling tot enkeling dat die aardlinge bitter moeilik kommunikeer en mekaar gedurig verkeerd verstaan. Hulle verskil gevolglik enorm in hul vertolking van die werklikheid. Boonop word selfs die vae begrip van die werklikheid wat hulle so moeisam verwerf, nie outomaties aan hul kinders oorgedra nie. Elke aardling wat gebore word, moet alles van voor af aanleer.

Die aardlinge se lukrake leerproses word verder beduiwel deur 'n kenmerk van hul breinstruktuur wat ek eers as 'n defek beskou het, maar nou waardeer as die kern van hul inhoudelike betekenis. Die dramaturg het die karakters naamlik in staat gestel om 'n beeld van die werklikheid te vorm wat die werklikheid volslae weerspreek. (Die aardlinge erken dié vermoë. Hulle noem dit "lieg" en die opvatting wat daardeur geskep word, "leuens". Maar hulle twis heftig oorwatter van hul opvatting as "leuens" beskou moet word en watter nie.)

EERS KON EK GEEN ESTETIESE regverdiging vir dié vermoë insien nie. ('n Mens vra jou af: watter sin het 'n drama - of enige kunswerk - wat nie met werklikhede werk nie?) Maar nou begin ek insien dat "leuens" wel kreatief benut kan word in die kunste. Dié revolusionêre konsep maak dit moontlik om alternatiewe tot die werklikheid te oorweeg en die geldigheid van die werklikheid só te toets.

Dalk maak die vermoë om te "lieg" die aardlinge selfs meer bevoorreg as ons en die ander intelligente spesies - wat net die een, onveranderlike logika kan sien waaruit die fisieke werklikheid bestaan en nie ander moontlikhede kan bedink nie. 'n Mens kan die aardlinge selfs as "kunstenaars" beskou: al kan hulle nie die wette van die heelal verander nie, kan hulle byvoorbeeld wel 'n samelewing skep gegrond op 'n denkbeeldige orde wat daardie wette weerspreek.

Hul geskiedenis bestaan uit 'n reeks dergelike samelewings. Almal was 'n regstreekse weerspreking van die grondwet van die heelal: dat dit as fisieke werklikheid net kan voortbestaan indien al die onderdele daarvan koöperer om dit in stand te hou. Dis nou as ek die betekenis van die aardse drama korrek vertolk: dat die mensdom op klein skaal 'n simbool is van die heelal en die menslike enkeling simbole van die atome waaruit

die heelal bestaan.

Tot dusver het nog nie een van die aardlinge se alternatiewe ordes die grondwet van die heelal ongeldig bewys nie. Net soos die heelal in duie sou stort indien alle atome nie saamwerk om die geheel - en daarmee hulself - in stand te hou nie, net so stort die mensdom se samelewings telkens in duie omdat alle enkelinge nie saamwerk om dit in stand te hou nie. (Tog toon hulle as enkelinge tekens dat hulle intuïtief die waarde van 'n volslae koöperatiewe logika aanvoel - hulle noem dit "liefde".)

WAAROM KOÖPEREER HULLE NIE? Omdat die samelewingsordes wat hulle tot hede geskep het nie vir alle enkelinge voordelig was nie. Waar die heelal se orde alle atome se voortbestaan verseker, het die aardlinge se maatskaplike ordes nie alle enkelinge se voortbestaan verseker nie. Inteendeel, in die chaotiese logika waarmee die aardlinge hul samelewings saamstel, beteken die een se brood gewoonlik die ander se dood. Dié ongelyke logika spruit uit onkunde: hulle besef nog nie dat hulle almal dieselfde mens is nie.

Die aardse drama nader nou, ná 'n lang aanloop, 'n duidelike klimaks. Die aardlinge het die vermoë ontwikkel om hulself en die planeet finaal uit te wis indien hulle nie 'n logika vind waarvolgens hulle almal saam kan voortbestaan nie. Die spanning loop hoog: die dramaturg het verskeie uiteindes moontlik gemaak.

Gaan die aardlinge die les van atome se logika leer en koöperer om voort te bestaan? Of gaan hulle chaos en die dood verkies?

Enkele aanduidings laat my vermoed (en hoop) hulle gaan die lewe kies. Dat hulle nog bestaan, wys dat hulle statisties tot dusver meer dikwels die lewe as die dood gekies het. Miskien vind hulle die onveranderlike logika van hul materiële liggame - die weegskaal van pyn en plesier waarin hulle die uitwerking van al hul samelewings weeg - tog meer geldig as die veranderlike logika van hul denke.

Kies hulle egter die dood, sal dit spreek van 'n vreeslike sinisme aan die kant van die dramaturg. Dit sal die geldigheid van die fisieke werklikheid in twyfel trek. Die ganse heelal het immers saamgewerk om die aardlinge te skep. Maar watter sin het die logika van die heelal as die produk daarvan selfmoord pleeg?

Groetnis my vriend,
Sennahoj rewurb.

nou die dag stap chris hani hier verby

kortverhaal

deur MARETHA LAUBSCHER ?

Nou die dag stap Chris Hani hier verby.

En my hond blaf vir hom. My hond blaf vir almal, soos honde maar doen. Die buurman se hond blaf net vir kaffers. Hy is 'n geleerde hond en 2 Februarie maak aan hom geen verskil nie...

Elke oggend stap Chris Hani hier verby. Hy is netjies aangetrek. Hy dra 'n briewetas met ritssluiters, wat nie meer in die mode is nie.

In die middag stap hy weer terug na one o nine. Vroeër het ek hom nooit sien terugstap nie, maar nou stap hy in die lig terug na one o nine waar Mary werk.

Die mense daar is glo maar moeilik. Eintlik het Mary die werk aan PW te danke. Die vorige char is uitgegooi oor PW te veel vir die kaffers gee. Maar die huisbaas se vrou kan nie kook nie, so. Nou werk Mary daar en FW gee als weg.

Chris het nie juis tyd vir die struggle nie. Saterdag werk hy in die tuin vir blyplek en Mary het net een keer 'n maand naweek af.

"Wat kan ons doen? Ons kan niks doen nie. Wat sal ons eet?"

LUG. MET RONDE MONDE EN GLASIGE OË SOOS VISSE.

Wat sal hy doen?

Chris reveals that he reads poetry and Shakespeare. When the struggle is over, he would like to take up gardening.

Intussen stap Chris Hani soggens hier verby. En my hond blaf nog steeds vir hom.

IN PHOLA PARK SLAG HULLE JOU DERMS UIT

(Die minister ontken alle aantygings dat die polisie verantwoordelik was vir die aanval op Phola Park. Of enige ander slagtings of verminkings of sluipmoorde of omkoperij of.)

Sy kry vroeg Vrydag klaar. Die naweek se kos is in die yskas. Mevrou het gesê sy mag maar vyfuur loop.

Sy moet 'n halfuur wag vir die taxi na Phola Park. Die drywer wag tot dit volloop voor hy ry. Gewoonlik neem dit nie lank nie, maar vandag is die mense stadig om te kom.

Die vet vrou langs haar soek gesels. Waar bly sy?

"En jy is nie bang om huis toe te gaan nie? In Phola Park slag hulle jou derms uit. Tja. Hierdie week was daar impis en police. Hulle het shacks gebrand en geskiet. En as jy weghardloop dan staan hulle by die pad en jaag jou terug. Tja."

In Phola Park? Violence? Polieste? En haar man was dan so seker dit is wettig. Die mense het council-papiere en als. Die water en geriewe is min, maar die mense help mekaar. Sy wil nie die vet vrou uitvra nie. Party mense praat ook net uit jaloesie. Sy wil nie weet nie.

Die zola is vol. Langs die pad is daar blou uniforms en armylorries.

Haar kop begin draaie loop. Eers haar ma se huis in Diepkloof, toe die shack in zone 6 tot die mense se eie kinders wou bly. Die paar maande in die kamer waar almal in die huis gebooza het tot sy bedags nie meer kon werk nie van die min slaap oor die lawaai snags.

En nou Phola Park.

Sy klim moeg af langs die teerpad. Daar is nie kinders in die straat nie. Mans staan rond, maar groet nie. Van die shacks is gebrand, party tot op die grond.

Toe sy opkyk na haar woonplek staan haar oudste daar. Hy het 'n verband om sy arm. Sy gesig lyk nie meer soos die gesig van 'n kind nie. Toe weet sy: in Phola Park slag hulle jou derms uit.

Maar sy is te moeg om te dink. Sy druk hom net vas en swaai die sinkdeur oop om die kers te gaan aansteek.

DIE WAANSIN

Die waansin staan 'n meter hoog toe ek die kinders by die skool gaan haal. Tuis smeer ek brood en skink melk vir ete. Maak kos en rol skille op in statistiek oor armoede en verhoging op die platteland. Billy Graham beloof welvaart op 'n samekoms van duisende oor tv. Ek wonder of die platteland al van Billy Graham gehoor het. Of andersom.

Die waansin krap reeds aan die vensterbanke toe rowers straataf 'n huishulp om die lewe bring vir R50.

Ek spuit nogtans die tuin nat. Die kinders speel bal. Die hond blaf vir die posman.

Die laaste helikopter vlieg oor toe dit badtyd is. In die skemer groei die waansin by die kombuisvenster verby. Na ete krap die blare op die dak. Ons gaan slaap in die donkerte.

In die oggendlig blom die waansin rooi waar die huis en die tuin eens was.

Nog 'n normale dag. Ek staan op, trek aan, neem die kinders skool toe. By die kwekery draai ek in. Om die waansin te besweer.

DIS 'N NORMALE DAG

Dit is 'n normale dag. Ek staan op, trek aan, neem die kinders skool toe. Vandag draai ek by die kwekery in. Iets om die waansin te besweer. Ek laai die kar vol.

Ek haal al die strokies af voor ek die plante uitlaai. Sodat die tuinier nie moet sien wat ek betaal nie. Om die waansin te besweer.

Dis 'n normale dag. Die son skyn. 'n Reënvoël laat sy roep hoor. Honde blaf. Twee ystervoëls dreun verby. More sal daar weer berigte wees van geweld. Ver, ver van hier. Soweto, Thokoza, Phola Park. Mense deurboor terwyl hulle onder beddens wegkruip, pendelaars vermink op pad werk toe.


Dis 'n normale dag. Ek trek tuinhandskoene aan. Spit die waansin weg. Groet die buurman. Hy spuit vir oulaas nat voor die hartoperasie môre. Wonderlik wat die moderne wetenskap kan doen ondanks die prys.

Ek skakel die ketel aan. Haal 'n koppie uit. Gooi melk in, wag vir die tee om te trek. Op die kombuistafel lê en verkondig die voorblad van die koerant. Iemand glo sosialisme is 'n oplossing vir Suid-Afrika. Op bladsy twee kom waansinniges om in sendinghospitale van honger, gebrek aan medikasie, seksuele molestering. Joernaliste stoot in Albanië die deure oop op konsentrasiekamp-toestande waar kinders wag om na die Heiland te vertrek. Die tee is te sterk.

Buite skiet die waansin wortel en reik uit na die hemel.

Ek wag vir die warmwaterkraan om deur te loop. Ek soek 'n stasie. Die dominee verkoop God se plan met die wêreld. Sy stem is sag intiem. Twee stasies verder word die jongste regeringsplanne aangekondig. Vir 'n nuwe beter bestaan vir almal. Ek was die glase, dan die plastiek, laaste die borde en vetterige goed. Iemand beweer my lewe kan witter wees met waspoeier. Dis 'n normale dag.

Vrye Weekblad plaas elke tweede week 'n kortverhaal. Verkieslik ongepubliseerde kortverhale in Afrikaans of Engels, nie langer nie as 1 200 woorde, kan gestuur word aan: **Vrye Weekblad Fiksie**, Posbus 177, Newtown 2113. Die redaksie sal besluit watter verhale geplaas moet word en geen korrespondensie sal oor dié keuse gevoer word nie. Skrywers ontvang R250 vir 'n verhaal/verhale wat gepubliseer word.



LILA
AN INQUIRY
INTO MORALS
ROBERT M
PIRSIG
AUTHOR OF ZEN
AND THE ART OF
MOTORCYCLE
MAINTENANCE

If truth were a woman - what then?

LILA: AN ENQUIRY INTO MORALS
By Robert M Pirsig
Bantam Press, 1991



STANLEY FRIELICK

Even if Zen and the Art of Motorcycle Maintenance

are few novels that can claim such an incisive diagnosis of the metaphysical cancers in contemporary Western culture. When Phaedrus (Pirsig's alter ego and third person narrator) tapped his analytic knife on Quality - we all know what it is but we can't define it - an entire mental universe fell neatly apart. Deeply flawed dualisms were revealed as mere assumptions which block our identification with the real sources of value.

Zen and the Art of Motorcycle Maintenance took the seed of the burnt-out counterculture of the 60s and raised them to a new level of inquiry. The answer was not to run away from technology, but to break down the barriers of dualistic thought that prevent a full understanding of our modern dilemma. The lotus emerging from the spanner on the cover (of the old Corgi edition) symbolises a fusion of nature and the human spirit into a new kind of creation that transcends both. And not in grand spectacles of moon landings or nuclear devices, but in one's own life, in a less dramatic way - like fixing a motorcycle.

PIRSIG TAPPED INTO A CURRENT of intellectual energy that - in attempting to dismantle a Western view of reality which had held sway since the 17th century - was looking East for answers. The ancient texts of Eastern mysticism were already embedded in counterculture lore, and they offered a metaphysical framework for the often confounding and always

value-less insights of Western empiricism. Physicist Fritjof Capra completed *The Tao of Physics* in the same year as *Zen and the Art* was published (1974), and precipitated a flood of books proclaiming a new synthesis of science and religion. The 80s saw a concerted attack on Cartesian dualism and its 20th century slave logical positivism. Many felt that the new paradigm had arrived.

But Pirsig/Phaedrus is not totally convinced. *Lila* continues the tail-chasing pursuit of the ghost of reason that led Phaedrus outside the mythos and into insanity. Although relatively integrated now, Phaedrus is still grappling with the Metaphysics of Quality. He realises that he is going to have to stop carping about how bad Western subject-object metaphysics is and say something positive for a change. His metaphysics is crying for someone to bring it to earth. What is knowledge for? If truth were a woman - what then? A woman - Lila - poses such questions for Phaedrus, and provokes a philosophical crisis.

THE NARRATIVE BLUEPRINT OF *Zen and the Art* was a motorcycle journey from east to west across America (which actually brings you closer to the East). In *Lila* - structured around a boat trip down the Hudson River to New York (which takes you to the heart of Western decay) - Pirsig/Phaedrus devotes a great deal of space to defending and explaining his previous novel. This is more than flashy postmodern technique - it gives Pirsig an opportunity to both grind his metaphysical axe on the critics who misunderstood his first book, and also continue his assault upon the dualistic foundations of the modern academy.

Having dealt with the Philosophy Department of the University of Chicago, Phaedrus now turns his analytic attention to the discipline of anthropology. Pirsig's exploration of the interconnections between America and American-Indian culture are likely to be as controversial as

Kevin Costner's. But his demolishing of the intellectual objections to such syntheses will carry far more weight. It should also provide a solid ground for new anthropological theory which could coherently explain values and morals across cultures.

Lila as a whole though goes much further than a dissection of the faulty assumptions of a particular field. It is a complex elaboration of the meditation on Quality that began in the previous novel, an attempt to come to terms with the insight that: "Quality is morality. Make no mistake about it. They're identical. And if Quality is the primary reality of the world then that means morality is also the primary reality of the world. The world is primarily a moral order."

BUT THIS IS NOT RELIGIOUS fundamentalism masquerading as metaphysics. Subjects and objects are only patterns of interpretation, built into the glasses that culture puts on us so that we can see reality. Quality is the source of values - what is good cannot be quantified. The basic flaw in dualist morality is the notion that if something is good, more of the same is better.

Ultimately, even the "Laws of Nature" are moral laws. Atoms exercise choice too. Everything, even the ceaseless indeterminate particle dance of Shiva, is an ethical activity. "When inorganic patterns of reality create life the Metaphysics of Quality postulates that they've done so because it's 'better' and that this definition of 'betterness' - this beginning response to Dynamic Quality - is an elementary unit of ethics upon which all right and wrong can be based."

PIRSIG/PHAEDRUS DRAWS OUT THE FULL implications of this primary distinction in many ways. For example: "Intellect is going its way, and in doing so is at war with society, seeking to subjugate society, to put society under lock and key. An evolutionary morality says it is moral for intellect to do so, but it also contains a warning: just as society that weakens its people's physical health endangers its own stability, so does an intellectual pattern that weakens and destroys the health of its social base also endanger its own stability. Better to say 'has endangered'. It's already happened. This has been a century of fantastic intellectual growth and fantastic social destruction. The only question is how long this process can keep on."

Zen and the Art of Motorcycle Maintenance personalises Phaedrus's philosophical struggle by textual juxtaposition of a parallel struggle with his own 'insanity' and relationship with his son. In the same way, Phaedrus's attempts to understand *Lila* the woman, and to answer the question "Does Lila have Quality?", form the novelistic element of the unique blend of philosophy and fiction that characterises both books. Pirsig the writer is powerful in his passages of prose and dialogue - such as the conversations with Lila, a grim description of New York, and an encounter with Robert Redford who tries unsuccessfully to buy the film rights to the previous novel.

Phaedrus the philosopher is masterful in his painstaking construction of a metaphysical edifice that seems to have no vulnerable points. But *Lila* brings about an integration of sorts, and the writer and philosopher merge and dissolve into one another. Like the butterfly unfolding from the silicon-chip key on the cover, *Lila* offers us an enigmatic image of human destiny and individual moral choice. In a time of information overload, cultural implosion, and calloused intellects, it might even change the way you think and feel about your life.

(Stanley Frielick is a lecturer at Wits)

kleinadvertensies

PERSONLIK/PERSONAL

Die Takhare vir Vrede sê die lydingsweg van die verbruiker is OK

Ons kyk na mekaar en vra: "Kan 'n Boeing ons na ander seisoene dra?" Dit is 'n wonderlike Kaapse Somer. Ek is lief vir jou. D.

Ruan: Ek presies is nie joune nie - dog nog altyd hier. Jy kan lief raak vir my - Corné

Models needed for Painting Department, Technikon Witwatersrand - 8am to 3pm. Phone 614-3454

ACCOMMODATION/VERBLYF

Oopkop-student gesoek om woonstel te deel in Linden - R300. Kontak C Scholtz Tel: 782-6001 (h), 800-3648 (w)

DIENSTE/SERVICES

Redigering, proeflees, vertaal- & tikwerk op rekenaar - Bel Nico Roos by (021) 948-8456.

Let us help you with your washing & ironing. See Ethel, 7A Hendon Street, Yeoville (just after the Harrow Rd intersection). We are open 7 days a week, 7am to 7pm. Our prices are reasonable, our service is excellent - especially for single people.

FLOTATION TANK: relax body and mind in a warm peaceful zero-gravity environment. SHIATSU THERAPY - Japanese therapeutic system - Improves health, by removing fatigue causing elements and stimulating the body's innate recuperative powers. Tel Jen (011) 435-7721

Translations done in Afrikaans, English, French, Spanish & German. Tel: (012) 546-1925

ACUPUNCTURE: Calms, strengthens & stops pain. It can treat or prevent many illnesses by addressing their root causes. Tel: (011) 643-4418 Sarah Hewland, Dip.Ac (UK), Clin, Cert (Nanjing)

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkrachte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

EVENTS/GEBEURE

Tsitsikamma Staptoer 24-28 Feb 1992
Plek vir 4 mense wat jonk is van gees en lekker k*k om die kampvuur kan praat. Skakel (012) 644460 (na-ure)

The Johannesburg East branch of the ANC will be holding a general meeting on Sunday 9 February from 2 to 4.30 pm. The meeting will be held at the Marywill Hall, corner Kitchener and Durham avenues, Bez Valley. The meeting will include a talk on the peace accord.

IRENE VILLAGE MARK - 08/02/92, Smuts Huis-museum, Irene. Is jy op soek na iets anders of voel jy lus om net in 'n rustige

atmosfeer te kuler. Besoek ons die tweede Saterdag van elke maand vanaf 9vm - 2nm. Vir verdere besonderhede skakel (021) 667-1659
UBUNTU COUNTRY MARKET
Every Saturday 9am - 3pm. Bio-dynamic & organic farm produce, as well as leading craftsmen exhibiting & selling wares. Live entertainment and good food - take the N4 Highway to Witbank and the Boschkop/Donkerhoek turnoff, or phone (012) 802-0733 for more information.

MARK/MARKET

STET STET STET
Die jongste Stet (7.1) is uit. Dis hou min verband met die konsensus-werklikheid. Dis 'n crack-uitgawe. Kry dit in die hande.

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

Om 'n advertensie op dié bladsy te plaas, bel vir **Louwrins Potgieter** by (011) 836 2151, stuur 'n faks na 838 5901 of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Dit kos R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan. Persoonlike advertensies korter as 25 woorde sal gratis geplaas word.

Die spertyd is Dinsdagmiddag 12 uur voor publikasie

**non-racial, democratic,
non-sexist, non-hetero-sexist,
non-ageist, non-regionalist,
non-elitist, nuclear-free
and ozone-friendly.**

but never, never PC (Politically Correct)

Vrye Weekblad

THE BILINGUAL NEWS MAGAZINE THINKING SOUTH AFRICANS DESERVE

Om by te bly met die **vinnig veranderende** tye is deesdae nogal moeilik. Om **vóór** te bly, het jy **Vrye Weekblad** nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 (vir 'n jaar, BTW en aflewering ingesluit) of R50 (vir ses maande, alles ingesluit) aan:

Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.

Naam.....

Adres.....

.....Poskode.....

Bayete 9, Mangope 0

CHRIS VICK keeps the jazz score

WATCHING LOCAL JAZZ these days is a bit like watching football. You cram into a stadium to watch a band with more players than Kaizer Chiefs, and a fan club who can put FNB Stadium's loudest to shame.

You even get fuzzy close-ups (but, sadly, no action replay) of the best movements via two huge TV screens next to the stage.

Watching Hugh Masekela at Sun City Superbowl last weekend was like being at FNB for a thrilling cup-tie.

And the fans were there in their thousands to see the home boy who had left the country, had achieved the equivalent of playing for Manchester United, and was now home to show what he could do.

COMING HOME

Of course, Masekela had already played a couple of games on home soil. The first, a late-night blow at Kippies early last year, was the most intimate demonstration of his skills. Masekela made a guest appearance, coming on in extra time to score some memorable goals - and left, leaving local fans stunned.

This was followed by his first full game on home soil: the Sekunjalo cross-country tour in mid-1991, which was a musical monster - lively, large, and loud, with up

to 20 musicians on stage at any given moment.

One of the most fascinating aspects of that tour was the way Masekela incorporated two of the brightest teams in the country - Sankomoto, originally from Lesotho, but definitely in South Africa's musical first division, and youngsters Bayete, with their "people's fusion".

Bayete learnt a hard lesson on the Sekunjalo tour. Although they fielded a talented side, they looked dull alongside the showmanship of Sankomoto - in particular their "striker", singer Tsepo Tshola, who drove the crowd into a frenzy. The score? Sankomoto 4, Bayete 2. Man of the match? Hugh Masekela.

SUN CITY

And so to Sun City, February 1992. Masekela - by now regarded as our own Pele, our own musical legend - has maintained Bayete from his original line-up, and added another local fusion band. Sakhile.

Although a bit long in the tooth, Sakhile's strength lies in its three stalwarts, talented saxophone player Khaya Mahlangu, percussionist Mabi Thobejane and bass guitarist Siphon Gumede, who have been in (and out of) the band for donkey's years.

Thirty minutes into the game, it's pretty

obvious that time has passed Sakhile by. They still have a lot of the talent that won them titles in the past - but there is little energy or dynamism in their playing, and only Masekela's inspired solos manage to save them from relegation to the second division.

Bayete, on the other hand, have learned their Sekunjalo lesson well and push vocalist Jabu Khanyile well to the fore. Although still primarily a musician's side, they allow Khanyile's vocal and physical acrobatics to dominate. This time, the score is Bayete 3, Sakhile 1.

The goal of the night came midway through the set, when the band dedicated one of their most popular songs, Zabalaza, to "all the local comrades". Within minutes, the Bophuthatswana homeland glitzy gambling den was alive with toyi-toying fans.

Bayete 9, Lucas Mangope 0!

And the man who scored all the goals was Khanyile, the "Gazza"* of South African music: flamboyant, extravagant, and prepared to try anything.

Masekela, though, was man of the match yet again. He is brilliant - delicate one minute, powerfully strong the next. In a league of his own, and definitely a world-class player.

As the CCV-TV commentators say when Kaizer Chiefs score: Laduuuuuuuuuma!

* **Gazza:** The nickname for British footballer Paul Gascoigne, one of the most mischievous and entertaining players in the game today.

Dance Umbrella '92

THE FOURTH ANNUAL AA Life Vita Dance Umbrella will host over 70 choreographers and dance companies during its two-week season at the Wits Theatre, from 2 to 14 March.

Four evening programmes and an all-day Fringe programme (scheduled for Saturday, 7 March) will showcase the talents of South Africa's contemporary choreographers and dancers in a variety of dance styles. The focus moves from contemporary ballet to traditional - African, Indian, Spanish, from dance theatre to pantsula; from jazz and tap to mime.

Included in the Umbrella are works by Christopher Kindo - both his farewell solo and its extended work choreographed for the Free Flight Dance Company; Jeanette Ginslov - inspired by the paintings of Andrea Desmond-Smith; Tonny Nene with Rishile Traditional Dancers; Debbie Rakusin's *One Up on Jazz*; Soweto Dance Theatre's Jackie Semela; Sylvia Glasser with *Moving Into Dance*; Cape Town's Zama Dance School with works by Arlene Westergaard and another collaborative piece from Nandipha Gogela and Phumza Maqungo; Gerard Dester, Alfred Mkhize and his Vuka Umbuse Indlamu dancers, Esther Nasser, choreographing this year for the Johannesburg Youth Ballet, Rebirth Pantsula from Chesterville, Durban - recent winners of the Shell Road to Fame; dance theatre from Kim Thackway and Johan van der Westhuisen, and Adelaide de Broize with *Blue*; Lulu Khumalo from Rhodes University; Adele Blank; Brenda Petersen's *Dancing Sensations* from Welkom; Soentjie Thapedi; Sonje Mayo; David Krugel with the National Dance Company of Bophuthatswana, Isabelle Doll and Street Beat.

The Dance Umbrella also provides the focus for the 1991 AA Life Vita Awards for contemporary choreography and dance. The award of R3 000 for the most innovative choreography, of R1 000 each for the male and female dancer of the year, and two merit awards of R500 each for the most promising dancers will be presented after the final evening performance on Saturday, 14 March.

PRIKKELENDE KUNNS



DIE KUNNSJAAR kom met 'n paar omstrede geleenthede op dreef: *Le Bal des Tables Artistiques* by die Johannesburgse Kunsmuseum en 'n tentoonstelling van kort rolprente deur Suid-Afrikaanse avant-garde kunstenaars wat Sondagaand in die Newtown-galery oorkant die Mark-Teater open.

Die rolprente sluit in: Henion Han, 'n gegradueerde van die Chicago Institute of Arts, se *Utter* is 'n mengsel van home movie-materiaal van tussen 1947 en 1975 deur sy vrou, Lee, se familie verfilm is, gejuksaponer met "unmanipulated environmental noise".

Matthew Krouse, Giulio Biccari en Jeremy Nathan se *De Voortrekkers* (foto bo: die prent wat deur die Triënnale-beoordelaars afgekeur is) is 'n swart-en-wit prent in die styl van Nazi-propaganda-prente oor 'n futuristiese trek.

Altenation, gemaak deur Karen Thorpe en Lance Gewer, bekyk die aarde deur die oë van besoekende wesens uit die buitenste ruim.

Han en Lee Harvey se *Switch Off that Machine* is 'n "teatreale" prent en handel nie oor wat in die prent as beelde ingesluit word nie, maar gebruik 'n alternatiewe metode om betekenis te skep. Klank word die "ont-romantisierende" element en poog om die sentimentaliteit van linkse sowel as regse propaganda te ondergrawe.

William Kentridge se *T&I* word beskryf as 'n "video-skets". Die verfilming het sonder 'n draaiboek begin, maar teen die einde het die verhaal van Tristan en Isolde uitgekristalliseer.

Teich (Duits vir poel) praat in mitiese terme en word gesetel in die retoriek van die Romantisme. "Dit is 'n amorele (en waarskynlik immorele) prent wat niemand iets kan leer en niemand kan red nie." Dit is outo-biografie.

ARLENE AMALER-RAVIV, Armando Baldinelli, Noel Bisseker, Reshada Crouse, Bongwiwe Dhlomo, Kendell Geers, Philippa Hobbs is enkele van die kunstenaars wat tafels gemaak het vir die burgemeester van Johannesburg, raadslid Elliot Kretzmer, se bal wat op 29 Februarie plaasvind.

Altesame 30 kunstenaars is gevra om tafels en eetgerei te ontwerp wat tydens die bal gebruik sal word. Dit sal opgeveel word om geld in te samel vir die museum. Steven Cohen se eetbord, waarop 'n penis aangebring is, het al omstredenheid veroorsaak - maar Cohen se gaste kan steeds hul hors d'oeuvres daarop geniet.

market
theatre

8 3 2 - 1 6 4 1

Internatoinal Jazz pianist
ABDULLAH IBRAHIM
in concert with Ekaya - Basil Mannenburg Coetzee
Mon - Fri 8pm, Sat 6 - 9pm

UPSTAIRS AT THE MARKET
The Market Theatre and Mouthpeace present
Andrew Buckland's **BLOODSTREAM**
Directed by Janet Buckland
Starring Andrew Buckland and Li Newman
Mon - Fri 8.15pm, Sat 6.15pm and 9.15pm

THE LAAGER
THE MEETING
By Jeff Stetson
Directed by John Kani
Starring Sydney Chama, Louis Seboko and Seputla Sebogodi
Mon - Fri 8.15pm, 6.15pm and 9.15pm

Kippies at the MARKET
Rene McLean Quintet

MARKET GALLERIES
Peter Ntobeni - eclectic utilitarian objects



CLIVE SE FUT IS UIT



DIE keurders se besluit om Clive Rice uit die Springbokspan te laat was toe nie so ondeurdag as wat dit eers gelyk het nie. Nie alleen is hy nie meer die super veelsydige speler wat hy vroeër was nie, maar hy het ook nie meer die lus om op die boonste vlakke van krieket deel te neem nie. Die keurders het dit blykbaar beter gepeil as die res van ons.

Sy besluit verlede week om 'n aanbod te aanvaar om vir 'n Australiese televisiestasie kommentaar te lewer tydens die Wêreldbeker-reeks is bewys hiervan. Hy het nie meer die lus om vir die nasionale span te speel nie. Skynbaar ook nie vir Transvaal nie.

As hy die speler is wat hy voorgegee het hy is tydens sy onspore kabaal op televisie, sou hy die res van die seisoen gebruik het om te bewys hoe onmisbaar hy regtig is. Transvaal se kans om dié jaar nog enige trofee te wen is feitlik nul en Rice is, eerder as 'n "fierce competitor", 'n ou wat nie te lief is om aan 'n verloorkant te wees nie.

Nie dat hy so 'n grasiëuse oorwinnaar was nie. In die dae toe die "Mean Machine" die een trofee ná die ander ingepalm het, was sy leedvermakerige opmerkings teenoor die verloorders genoeg om die mees geharde Transvaler in die verleentheid te stel.

Sy onbeskikbaarheid vir die res van die seisoen laat hom lyk na iemand wat die handdoek ingegooi het. Niemand behoort 'n speler wat 20 jaar eersteklas krieket gespeel het kwalik te neem as hy die dag besluit om op te hou nie. Veral nie as daardie mens die mylpale gehaal het wat Clive Rice gehaal het nie. Dis ongelukkig dat sy loopbaan presies saamgeval het met die 20 jaar wat Suid-Afrikaanse krieket in kwarantyn was. Dis net so ongelukkig dat hy deur sy onspore optrede gesorg het dat hy onthou sal word as die ou wat so gekerm het toe hy nie vir die Springbokke gekies is nie.

TEL DIT AS LUGBESOEDELING?

Dat Clive Rice nie meer onder ons 14 voorste krieketspelers gereken word nie is 'n gegewe, maar hoe sal hy agter die mikrofoon vaar? Behalwe vir sy 087 krieketlyn het hy nog nie veel in Suid-Afrika uitgesaai nie en dis dus moeilik om hom te beoordeel. Ons sal waarskynlik ook nie sy kommentaar te hore kry tydens die Wêreldbeker-reeks nie. Die Australiërs het skynbaar geloof in sy vermoë as omroeper.

Begaan hulle nie moontlik dieselfde fout wat die SAUK al die jare maak nie? Om te aanvaar dat 'n goeie speler noodwendig ook 'n goeie TV-komentator sal wees.

Dit is met enkele uitsonderings nie die geval nie. Trevor Quirk is 'n goeie omroeper, maar hy was nooit werklik 'n top-speler nie. André Bruyns se kommentaar is nie sleg nie, maar hy't beslis nie 'n uitsaaistern nie. Graeme Pollock se kommentaarbeurte die laaste paar wedstryde kan ook nie beskryf word met dieselfde taal waarmee sy kolfbeurte destyds beskryf is nie. Van die voormalige krieketspelers is Jackie McGlew se kommentaarbeurte seker die beste. Hy ken die spel en die spelers, en hy het 'n stem wat aangenaam op die oor is.

Een ding is seker: Clive Rice kan beswaarlik meer irriterend as Edwil van Aarde wees.

'N BITTER PIL VIR SUGARBOY

Mens het half verwag dat Thulani Malinga teen Chris Eubank gaan verloor verlede naweek. Soos in sy twee vorige pogings om die wêreld-middelgewigtitel na Suid-Afrika te bring het Sugarboy net nie genoeg gedoen om die kampioen te onttron nie. Hoewel hy nooit in die moeilikheid gelyk het nie, kon hy ook nooit die geveg oorheers nie en was dit asof hy sonder 'n plan was van hoe om dit te doen. Hy kan homself gelukkig ag dat een beoordeelaar wel die geveg in sy guns beoordeel het. Die Malinga-kamp eis op grond van die uitslag 'n herontmoeting met Eubank, maar die kans is dat hulle bokser weersal misluk. Eubank het niks om te bewys deur 'n herontmoeting toe te staan nie en die Nataller se jare as beroepsbokser raak kort.

Hy het nie die aggressie en die dryfkrag wat vereis word om 'n wêreldtitel te verower nie. Dit is onwaarskynlik dat 'n nuwe afrigter Malinga se boksstyl in dié stadium van sy loopbaan sal kan verander om die foute in sy mondering reg te stel.

Sugarboy is 'n goeie aanspraakmaker, maar meer as dit sal hy nooit wees nie.

The book that influenced me most

by

Raymund van Niekerk

A FORGOTTEN LESSON?

BY the early 1950s people who cared for the arts were aware, in a special way, that this country had moved into a dark and ugly phase of its history. As it became evident that censorship would be part of the new dispensation, that a puritanical disapproval of all the arts and of their potential for subversion would determine official attitudes, it was natural to turn to the writers who had been witnesses to similar threats in the 30s. Koestler, Gollancz, Orwell, John Strachery, EM Forster, Thomas Mann and others had confronted fascist ideology and method in Germany and Italy: there the moral issues had been clear.

At the time, only members of the liberal left challenged the repressive tactics and hostility towards the arts, of conservative establishments and the dictatorships. To them the battle against Fascism seemed of first importance.

Yet they were soon obliged to face a not dissimilar threat. One such witness was André Gide, who had earlier exposed the horrors of colonial exploitation in Africa, but would go on to produce one of the first denunciations of Russian Communist practice written by a distinguished former sympathizer. His *Return to the USSR* carried the authority of the man who had reported monstrous European behaviour in the Congo and Chad. Soon after there appeared Koestler's *The Yogi and the Commissary*.

But the work that proved a really icy shower for many of us was a collection of essays entitled *The God that Failed: Six Studies in Communism*. Edited by Arthur Koestler and with an introduction by Richard Crossman, the others present in the book were André Gide, Ignazio Silone, Richard Wright, Louis Fischer and Stephen Spender. A mitteleuropäische polymath, a revered elder of French letters, a respected writer, fighter and spokesman for the oppressed in Italy, an acclaimed black American author, his compatriot, long resident in the USSR and defender of the Party, and the British poet, author of *Forward from Liberalism*, which had argued for Communism. All of them testified in the book to their disillusionment with Communism and gave reasons for their rejection of the faith that had marked their lives. Their advocacy was literature and as writers they had much to say about the prescriptive and proscriptive edicts on art matters of the Cultural Commissars of the Party.

I read the book in 1953. I little dreamed that, almost 40 years on, at the very moment that the Russian Communist Party collapsed and was banned, we would be faced in South Africa with a menace to the untrammelled practice of the arts that would correspond closely to what had alarmed the writers of *The God that Failed*. Even the staggering events in the cultural world last year might not have reminded me of the book, had they not come so soon after yet another salvo of pronouncements on what is now required of art in an imminently "democratic" South Africa.

There's a good deal of talk at the moment on how and what the artists of this country should produce to satisfy the arbiters of politically correct art. No need to elaborate. But my goodness, we have been warned before. Here we sit, in one of the few countries left which still has a functioning Communist Party, faced with the very same threats to our cultural life that first set off alarm bells in Europe some 40 years ago.

Anyone who remains in doubt about what's involved need only read Castro's famous speech to the artists of Cuba in 1960. Not hard to understand why all talented Cuban writers and painters and performers have long since moved out of that paradise.

STEPHEN SPENDER: "Not to believe that in some sense art is the communication of experience unique to the individual artist is to judge art simply as an expression of social needs. This means that, since poets and artists are not the best judges of the ideology which is an expression of the development of society, political theorists are in a position to dictate to them what society needs from their art. This I found was the attitude of the Communists.

"The effect of centring art on to politics would, in the long run, mean the complete destruction of art..."

(Dr Raymund van Niekerk is a former director of the SA National Art Museum in Cape Town and a well-known writer on the arts.)

JURIE DE WET

writes about people and the law



The Sotho-speaking policeman and his mother

THE police enjoy enormous power over the rest of this country's citizens and unfortunately some of these powers are regularly abused.

The most serious abuses are reported in the press and include murders, assaults and kidnappings. Those incidents, however, represent only the tip of the iceberg. By far the most prevalent abuse is the arrest of people on trivial or fabricated charges because they have in some way angered a police official.

People arrested for pissing off a policeman are generally charged for obstructing the police, crimen injuria (swearing at a policeman), the contravention of some obscure municipal by-law or an alleged refusal to furnish a name or address to a policeman although arrests or allegations of bribery or possession of dagga are not unheard of. The true reason for the arrest is most commonly being cheeky, talking back or getting involved in an argument with a policeman. None of which are offences. Usually charges are withdrawn after a first court appearance, but sometimes the matters do go to trial. If they are defended the accused are invariably acquitted as lies and exaggerations do not stand up well to cross-examination.

It was one such case that brought me to a small Free State town a short while ago. My client was a 17-year-old youth from the "swart woongebied" charged with crimen injuria.

THE CHARGES AROSE from a "misdaadvoorkoming-operasie" launched by the police in the township last winter.

At 4.00 am one cold morning a large contingent of police summoned from all the surrounding towns moved into the "swart woongebied" in a convoy of armoured vehicles and trucks. They went on a house to house search (which was completely unlawful as the police had no search warrants) looking for criminals such as shebeen mamas, smokkelkroeë and dagga-rokers.

It just so happened that there was a consumer boycott on the go and the police thought it an opportune time to use the exercise to show the law abiding residents that the police would protect them against the "radikale elemente" and "intimideerders". After they had woken the inhabitants, searched the bedrooms, closets and other hiding places, they handed out pamphlets assuring the residents that the police were their friends and saying they should report any acts of intimidation and incitement to the local police station. As they moved through the streets, the residents roused themselves from their slumbers and in the cold half-light of the winter dawn watched this

impressive para-military display from their stoeps and sidewalks.

My client Vincent was standing among them when the complainant in the case, sersant Fourie, called him "Hy, Jy! Kom hier!" He testified that he wanted to search him.

Vincent replied in Sotho and among the words he uttered, sersant Fourie clearly heard the word "Nyamoa". Fourie says that he knew that the word meant "jou ma se geslagsorgane". He testified also that this word was uttered loudly and many people including his colleagues who had also grown up on farms and knew the meaning of the word heard what Vincent said. As a result his "eer was diep gekrenk" and he said that he felt "baie sleg".

HE IMMEDIATELY grabbed Vincent by the collar with the intention of arresting him but Vincent wriggled out of his tracksuit top and fled into his house.

Fourie and two of his colleagues set off in hot pursuit. At the back door to the house, they were confronted by the accused's mother and sister who wouldn't let them in. They had to push the women out of the way and smash down the bedroom door to get hold of Vincent who was cowering on the other side of the bed. Vincent's mother and sister put up a struggle, assaulting the police and Vincent's sister hit Fourie over the head with a paraffin lamp.

All three were arrested but Vincent's mother and sister were charged separately with assault and obstructing the police in the course and execution of their duties.

My attempts to persuade the prosecutor (a retired "adjudant-offisier" of the police) to withdraw the charges were unsuccessful. The best I could get from him was an undertaking that if my client pleaded guilty he would not ask for a heavy sentence.

So the trial continued and things did not go well for the State.

The complainant admitted he could not speak Sotho, so when he started testifying about just how seriously the word "Nyamoa" was regarded by the Sotho people. I objected on the grounds that he was not an expert in the Sotho language and culture and as such was not competent to give testimony on the subject.

The magistrate upheld the objection. Fourie however insisted that his experience on growing up on a Free State farm qualified him to state that he knew the meaning of the word and that it was common knowledge in the Free State what it meant.

Under cross-examination he fell into what I regard (and at the risk of sounding

immodest) as a really neat trap.

I asked him was this word "Nyamoa" the first or last word that the accused uttered or was it uttered somewhere in the middle of Vincent's reply to him. Without hesitation he answered "somewhere in the middle". "Well sergeant", I asked, "you have testified that you cannot speak Sotho. Are you able to distinguish one word from the other when an interpreter translates your testimony into Sotho?" The sergeant hesitated as it dawned on him that he had snookered himself.

"You hesitate sergeant. Would you like to try?" He had no choice but to concede that he could not.

IT DID NOT take much longer to get a concession from him that the word or sound he had heard uttered by Vincent could have been the end of one word and the beginning of another, part of a larger word or a word that just sounded similar. He conceded he just could not tell.

That was the end of the State's case and I had no difficulty persuading the magistrate to grant Vincent a discharge. Vincent

was acquitted but he has paid a price. He was arrested and locked up without bail for several days. His family spent a great deal of money to pay my fee and in paying Vincent's travel from Thaba Nchu, where he studies, to court and back.

Vincent has no recourse against the police and neither do his mother and sister whose trails come up shortly. There are thousands of others who have had similar experiences. I imagine that most readers will know of at least one friend or relative whose has been arrested for no good reason.

It is difficult to address this type of problem through law reform. It is the attitude of the police that must change. They need to become a little more tolerant and a little less sensitive to criticism. At present they seem still to have the attitude that they are the masters and we their servants who must obey without question or complaint. I trust the Minister, the Commissioner and his generals are working on the problem right now.

(Jurie de Wet is a lawyer of Johannesburg dealing mostly with criminal work.)

STREET-WISE

National Street-childrens Organisation
Funds raised under children's foundation no 01-100173-000-7



NOW I HAVE A TEACHER

NOW I HAVE A SCHOOL

NOW I HAVE FRIENDS

NOW I HAVE A BED AND FOOD

NOW I HAVE HOPE.

HE IS POOR, HE HAS NO CLOTHES.
HIS HANDS ARE BROKEN.
HE WANTS A PLACE TO STAY.
SIPHO (AGE 9).

BEFORE STREET-WISE I SMOKED GLUE AND SLEPT ON THE STREETS.
We provided shelter, care, education and job-skill training to street-children, the vast majority of whom are not delinquent, but are the victims of poverty, abuse, neglect and violence.

Please help us to give these once-abused and rejected children a constructive childhood on which to build an adulthood with integrity. Please send your contribution by cheque or postal order to:
PO Box 1312
PARKLANDS
2121

Telephone: (011) 648-1203/4/7

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915
Vrydag en Saterdag: Pink Floyd The Wall
Dinsdag tot Donderdag: Mapantsula

CINE CORLETT - Bramley. (011) 786-0324
Tye: Weeksdag: 8nm; Saterdag 2.30, 6 en 9nm.

SEVEN ARTS - Grant Ave, Norwood. (011) 483-1680
Istvan Szabo se Colonel Redl

THEATRE VOLTAIRE (Black Sun) - Rockeystraat, Yeoville
- Plaaslike avant-garde-rolprente elke Sondagand

KAAPSTAD:

LABIA - Oranjestraat 68. (021) 24-5927 'n Keur van
rolprente. Bel gerus.

STER-KINEKOR-KAAPSTAD

NU METRO-KAAPSTAD



Grid of theater listings for Johannesburg (JHB) and Cape Town (Kaapstad). Includes titles like 'Body Parts', 'Deceived', 'Harley Davidson & The Marlboro Man', 'Robbin Hood', 'The Addams Family', etc., with showtimes and prices.

Grid of theater listings for the Ster-Kinekor-Kaapstad area. Includes titles like 'Golden Acre', 'Blue Route', 'Parow', 'Mystery Date', 'Ricochet', 'My Girl', etc., with showtimes and prices.

Grid of theater listings for the Nu Metro-Kaapstad area. Includes titles like 'Body Parts', 'Deceived', 'Harley Davidson & The Marlboro Man', 'Robbin Hood', 'The Addams Family', etc., with showtimes and prices.

NU METRO THEATRES PRETORIA
7-13 February (BOOK AT COMPUTICKET)

ALL SHOWS R7,00
EXCEPT MAIN EVENING PERFORMANCE R11.00 (Between 7.30 and 8.30 p.m.)

NU METRO OSCAR
Jeppe Street, Sunnyside 341-7682

DECEIVED
Suspense Thriller (2-14)
Goldie Hawn, John Heard
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO SUNNYSIDE
Esselen Street 44-9867

HARLEY DAVIDSON & THE MARLBORO MAN
Action (2-16)
Mickey Rourke, Don Johnson
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO VILLAGE 1-2
Sunnyside 44-6096

BODY PARTS
Suspense Thriller (2-19)
Jeff Fahey, Jakee Mokae
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SHATTERED
Erotic Suspense Thriller (2-18)
Tom Berenger, Greta Scacchi
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7
Menlyn Park 348-8611

BODY PARTS
Suspense Thriller (2-19)
Jeff Fahey, Jakee Mokae
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

JFK (2-16)
Kevin Costner, Sissy Spacek
DAILY: 9.30, 1.30, 5.15, 9.00

An American Tail Fievel Goes West
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30

SHOUT
DAILY: 5.15, 7.45, 10.00

HARLEY DAVIDSON & THE MARLBORO MAN
Action (2-16)
Mickey Rourke, Don Johnson
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ROBIN HOOD PRINCE OF THIEVES
The Action Adventure of the Year (2-10 PG)
Kevin Costner, Morgan Freeman
DAILY: 9.15, 12.15, 2.45, 5.45, 8.45

SHATTERED
Erotic Suspense Thriller (2-18)
Tom Berenger, Greta Scacchi
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DECEIVED
Suspense Thriller (2-14)
Goldie Hawn, John Heard
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400

V.I. WARSHAWSKI
An Explosive Action Thriller (2-16)
Kathleen Turner, Charles Durning
MON-FRI: 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

The Handmaid's Tale
Drama (2-19)
Robert Duvall, Elizabeth McGovern
MON-FRI: 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

NU METRO NELSPRUIT 1-3
The Promenade (01311) 25767

OTHER PEOPLE'S MONEY
Comedy (A)
Danny De Vito, Penelope Ann Miller
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SHATTERED
Erotic Suspense Thriller (2-18)
Tom Berenger, Greta Scacchi
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DOC HOLLYWOOD
Action Comedy (2-13)
Michael J. Fox, Julie Warner
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

STER-KINEKOR
7 FEB - 13 FEB
TOEGANGSPRYSSE
R7,00 ALLE VERTONINGS BEHALVE
R11,00 VIR HOOF-AANDVERTONING
(TUSSEN 19H30 & 20H30)

SENTRAAL
KINE ENT CENTRE
1-10 331-3841/2/3

NOORD
SANDTON CITY
1-9 783-4430/1

SUID
SOUTHGATE MALL
1-7 942-2036/7

BOYZ N THE HOOD (2-18)
Daglig: 18.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 18.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm

MYSTERY DATE (A)
VOORSKOU VAN "THE PRINCE OF TIDES" OM 7.45 VM OP VRY 14 FEB!

DIE STORIE VAN KLARA VILJEE (A)
Daglig: 9.30, 1.30, 5.00, 8.45 nm
Slegs Saterdag - 9.30, 11.30 nm

AMERICAN TAIL 2 - FIEVEL GOES WEST (A)
Daglig: 18.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 18.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm

A SHOCK TO THE SYSTEM (2-16)
RICOCHET (A)
Daglig: 18.00, 7.45 nm

MY GIRL (A)
Daglig: 18.00, 7.45 nm

SWEET 'N SHORT (A)
Daglig: 18.00, 7.45 nm

VOLGENDE AANBIEDINGS
14 Feb - FRANKIE & JOHNNY (2-16)
14 Feb - A SHOW OF FORCE (2-16)
21 Feb - THE PRINCE OF TIDES (2-16)

NU METRO VROEE BESPREKINGS BY COMPUTICKET - NAVRAE
JHB (011) 331-9991 PTA (012) 322-7460

ROLPRENTGIDS VIR DIE GROOT SKERM
KREDITKAARTE AANVAAR
SKAKEL STER-KINEKOR SE FLIEKLYN VIR MEER INLIGTING
Nou op die groot skerm R7,00

OOS
GOLDEN WALK
1-4 GERMISTON 825-8326

WES
WESTGATE
1-6 764-2530

EASTGATE
1-6 622-3617/8

FLORA
1-2 472-1658

HIGHGATE
1-5 474-2013

KEMPTON PARK
1-2 975-5023

CONSTANTIA BENONI
422-3305

PALM SPRINGS
1-2 56-3223

POTCH
POTCHEFSTROOM
1-5 930378

VOLGENDE AANBIEDINGS
14 Feb - FRANKIE & JOHNNY (2-16)
21 Feb - THE PRINCE OF TIDES (2-16)

NU METRO VROEE BESPREKINGS BY COMPUTICKET - NAVRAE
JHB (011) 331-9991 PTA (012) 322-7460

STERLAND
1-3 311-7568/9

SUNNYPARK
1-3 44-4069

BROOKLYN
1-5 346-3435

VERWOERBURGSTAD
1-4 663-2034

VAAL
RIVERSQUARE VEREENIGING
1-2 016-540210

VANDERBIJLPARK
1-2 016-330072

DIE TREMLOODS
320-3300

VOLGENDE AANBIEDINGS
14 Feb - FRANKIE & JOHNNY (2-16)
21 Feb - THE PRINCE OF TIDES (2-16)

vryekeuse films



Larry Fishburne en Denzel Washington in 'Boyz n the Hood... moet dit nie misloop nie.

**** VOORTREFLIK.
*** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS

ROLPRENTE SONDER STERRE IS NOG NIE
BEORDEEL NIE
HIERDIE IS NIE 'N VERGELYKENDE SKAAL NIE; DIT
IS ONMOONTLIK OM ROLPRENTE IN VERSKILLENDE
GENRES MET MEKAAR TE VERGELYK

**** BOYZ 'N THE HOOD

Die 24-jarige John Singleton is meer van 'n formule-filmmaker as grootboetie Spike Lee, maar dit doen geensins afbreuk aan die emosionele krag van dié "cautionary tale" oor die sinloosheid van geweld nie. Dié prent is 'n eerlike ontleding van die etiologie van geweld in verarmde swart gemeenskappe in Los Angeles. Die onderwerp van manlikheid, verloopte vaders en verlore seuns word openhartig aangepak en beeld 'n swart gemeenskap in sy eie tenne uit - en nie in vergelyking met die wit gemeenskap nie. 'n Seldsame prent. ANDREA VINASSA

MYSTERY DATE

Die Suid-Afrikaanse vervaardiger van Repo Man het die regie van dié tienerliefdesverhaal en komiese riller... the date from hell. Met Dead Poet's Society se Ethan Hawke en die nuweling, BD Wong.

WHERE THE HEART IS

'n Komiese klug oor 'n pa wat sy oorbevoorregte kinders 'n les wil leer. Hy skop hulle uit die nes uit en hulle moet sien en kom klaar in 'n bouvallige gebou in Brooklyn, New York. Regie is deur die Brit John Boorman. Hy het die draaiboek saam met sy dogter Tesche geskryf. Met Uma Thurman, Dabney Coleman, Joanna Cassidy, Crispin Glover en Christopher Plummer.

HARLEY DAVIDSON AND THE MARLBORO MAN

Mickey Rourke met sy nuwe tande. Nog

'n verkenning van die siel van die cowboy waarvan Rourke so baie hou. Sy smaak raak egter al hoe erger.

BODY PARTS

Klink nogal dicey. Dis 'n psigoriller deur ene Eric Red en handel oor die psigiese oorsprong van geweld.

*** MAPANTSULA

Dié Suid-Afrikaanse prent is nou in die Mini Cine, Hillbrow te sien. Dit is waarskynlik die belangrikse SA prent van die laaste tyd en handel oor die wel en wee van 'n pantsula, sy jollery in die sjebiens, sy inhegteniseming en sy uiteindelijke politisering. Oliver Schmitz is die regisseur en mede-draaiboekskrywer saam met Thomas Mogotlane, wat ook die hoofrol speel. Marcel van Heerden se vertolking van die polisieman wat Mogotlane ondervra, is skitterend. AV

DIE VERHAAL VAN KLARA VILJEE

Katinka Heyns se jongste prent speel in die laat vyftigerjare op 'n klein kusedorpie in Suid-Afrika af. Anna-Mart van der Merwe se verhouding met die jong visserman Pietman Willems (Gavin van den Berg) is blykbaar ingewikkelder as wat dit op die oog af lyk. Sy is duidelik baie verlief op hom, maar almal weet hy sleep ook vlerk op ander plekke...

JFK

Oliver Stone se omstrede prent oor die sluipmoord op die president van Amerika. Amerikaanse resensente het die prent as loutere fiksie afgemaak en gesê Stone skryf die geskiedenis sommer self oor - maar niemand sê dis 'n slegte prent nie.

*** OBJECT OF BEAUTY

Slim, snaaks en vol ironiese kwinkslae oor twee verlore yuppies wie se lewens in duie stort wanneer hul Henry Moore-bronsbeeld gesteel word. Object of Beauty is 'n lekker klug. Jake (John Malkovich) en Tina (Andie McDowell) is gestrand in 'n duur Londense hotel, Jake se sake-ondernemings het lelik skeefgeloop. Dit is vir hulle ondenkbaar dat hulle vir die eerste keer in hul

verhouding sonder 'n American Express card moet klaarkom. Met tong-in-die-kies moralisme preek die prent teen leë waardestelsels en hoe reddeloos die bevoorregtes is. Dit is Malkovich se volmaakte rol. AV

A SHOCK TO THE SYSTEM

Dis 'n komedie met tande oor hoe die Amerikaanse droom skeefgeloop het: Michael Caine speel 'n korporatiewe baas wat glo hy is die reïnkarnasie van die towenaar Merlin. Sy vrou is 'n materialistiese klakous. New York is 'n gru-hel van armoede en geldgierigheid. Hy is effens gek. Hy maak per ongeluk iemand dood en besef hoe maklik dit is om moord te pleeg. Ook met Elizabeth McGovern.

DECEIVED

Hemel, die yuppies kry swaar. Goldie Hawn speel 'n vrou met 'n liefdevolle man, 'n suksesvolle werk in die kunstewêreld en 'n pragtige dogter. Skielik besef sy iets skort - wanneer haar man vermoor word, ontdek sy 'n klomp skokkende waarhede. 'n Psigo-riller.

RICOCCHET

Die rap-kunstenaar Ice T is oral. Hy is ook in dié psigo-riller waarin Denzel Washington die suksesvolle advokaat Nick Styles speel. Hy word vervolgd deur 'n misdadiger met 'n obsessie om Styles se volmaakte lewe te verwoes. Die regisseur is Joel Silver van 48 Hrs., Lethal Weapon- en Die Hard-faam. Hy noem die prent 'n "anti-buddy"-prent.

THE VOICE OF THE MOON

Vaag en baie Fellini-esque. Die meester van die Italiaanse filmbedryf het 'n prent oor landelike Italië en die verbrokkeling van ou waardes gemaak. Hy het dit sonder 'n draaiboek gemaak (hy het elke aand die volgende dag se draaiboek geskryf.)

THE KING'S WHORE

Die enigste rede waarom ek dié prent wil gaan kyk (ek het ongelukkig die voorprent gesien) is om my roots te sien. Die Vinassa-familie woon in Piedmont, die distrik in Noord-Italië waar die prent hom afspeel en waar in die 17e eeu konings en dinge geheers het.

** SHATTERED

Greta Scacchi voeg nog 'n villain by haar versameling karakters. Shattered is 'n taamlik spanningsvolle ontvlugtingsprent oor 'n man wat aan geheueverlies ly ná 'n byna noodlottige ongeluk. Dis in die klas van 'n prent soos Jagged Edge en A Kiss Before Dying, 'n middelmatige riller waarvan die sukses afhang van die gehoor se vermoë om enigiets te glo wat die regisseur en die draaiboekskrywer opdis. AV

BILL AND TED'S BOGUS JOURNEY

Bill en Ted het hul eie taal: Napoleon is "the Short Dead Dude", Caesar is "the Salad Dressing", Freud is "the Frood Dude" en Marco Polo is "the Pool Game". Middeleeuse vriendinne is "Princess babes" en Washington is "the Dude on the Dollar Bill". Nou ja. Net as jy gerook is.

** ISABELLE EBERHART

Hierdie is 'n "ennui-prent" soos The Sheltering Sky waarin depressiewe Westerlinge hul siele gaan soek in die Sahara-woestyn, maar eintlik wil hulle net selfmoord pleeg... soos Isabelle Eberhart en haar man. Dit speel in die tydperk van 1900 tot 1904 en veral die historiese konteks is interessant. Die regisseur probeer die kolonialisering van Noord-Afrika en die toe-eiening van die Noord-Afrikaanse kultuurvorms deur die Europeërs krities deur Eberhardt se oë uitbeeld sonder om te didakties te wees. Dit is 'n romantiese prent in die ware sin van die woord, maar gaan gebuk onder te veel melankolie en te min spanning. Die prent draai in die Mall in Rosebank, Johannesburg. AV

*** MEETING VENUS

Betowerende spel deur 'n voorheen onbekende Hongaarse akteur en die teenwoordigheid van Glenn Close, wat weer haar man kwyt is, red dié prent. Die liefdesverhouding tussen 'n getroude opera-dirigent en 'n diva tydens 'n multinationale opera-produksie is die sentrale verhaal. Politiek word aan die hare bygesleep in die vorm van vakbonde, groen-fanatici en teater-bestuurders wat hul ideologie werk toe bring. Te veel opera-stereotipes belemmer 'n liriese prent. AV

**** COLONEL REDL

Istvan Szabo se beste prent draai nou by die Seven Arts in Norwood, Johannesburg. As Meeting Venus jou dwars in die krop gestee het, gaan kyk hoe die regisseur van Mephisto en Hanussen gevaar het voor hy met die Weste en David Puttnam se klomp geld deurmekaar geraak het. Hier is nou vir jou Westerse korrupsie! Dié subtiële prent handel oor die tragedie van 'n Hongaarse soldaat wie se ambisie en seksualiteit onversoenbaar is. Klaus Maria Brandauer se spel is uit die boonste rakke. AV

** BILLY BATHGATE

Dustin Hoffman vertolk die hoofrol, Tom Stoppard het die draaiboek geskryf, Nestor Almendros is die kameraman, Robert Benton is die regisseur en EL Doctorow het die boek geskryf. Dit lyk na 'n wenner, maar ongelukkig is die eindprodukt van Billy Bathgate nie gelyk aan die som van sy onderdele nie. Dit is die nuweling Loren Dean, wat die fiktiewe verteller Billy speel, wat trouens die imponentste inset lewer. Hoffman se Dutch Schultz is tereg 'n bitter, koue man wat, namate sy koninkryk verbrokkel, waansinniger word. Ná 'n skitterende prent soos Martin Scorsese se GoodFellas, is Billy Bathgate oppervlakkig en eentonig. Daar is niks wat dit onderskei van tientalle ander rampokkerprente nie. AV

VI WARSHAWSKI

Kathleen Turner is 'n PI wat sex appeal gebruik om allerlei moorde en komplotte op te los. Dis 'n slick aksie-prent.

FOR THE BOYS

Wees gewaarsku: Die regisseur van die prent is Mark Rydell, die regisseur van On Golden Pond. Maar Bette Midler red dié uitbundige, daverende, feministiese prent met haar vuil grappe en siniese houding jeens mans. Dis 'n vreemdsoortige prent omdat dit soos 'n patriotiese All-American epic lyk, tot jy dit begin ontleed. Jy kan nie eintlik fout vind met die ideologiese uitgangspunt nie: die egosentriese sanger Eddie Sparks (James Caan) verteenwoordig naïewe manlikheid wat oorlog as romanties en heldhaftig beskou, terwyl Dixie Leonard (Midler) die universele vrou en ma verteenwoordig. AV

*** PUMP UP THE VOLUME

Só behoort 'n DJ op te tree... nie soos die vervelige goodie-goodie in The Fisher King nie. Talk dirty, sê ek, moenie vir my preek nie. Christian Slater se spel as die eensame, skaam skolier wat uiting gee aan sy bedenkinge oor die volwasse wêreld. Slater se pa en ma het hul sixties-drome uitverkoop en yuppies geword en sy skoolhoof is korrupt. As Hard Harry vaar Slater deur middel van 'n kortgolfradio uit oor seksuele identiteit, dwelms, selfmoord en tiener-swangerskap. AV

* OTHER PEOPLE'S MONEY

Ná Throw Momma from the Train en The War of the Roses ver wag 'n mens baie méer van Danny de Vito. A nee a, dit is 'n powere poging. Lawrence Garfield het 'n voorliefde vir donuts, die viool, 'n rekenaar en Penelope Ann Miller. Hy is 'n tipiese Wall Street-skurk in 'n snyerspak. Maar De Vito is heeltemal te oulik om ons enigins te oortuig dat die karakter 'n skurk is. Daarom val die humor plat. Die kamera konsentreer voyeuristies op Miller se bene en agterstewe: as filmmakers dan nou seksisties wil wees, moet hulle ten minste vroue met mooi bene en agterstewes aanstel. AV

** DOC HOLLYWOOD

Hierdie is een van 'n reeks anti-yuppiesprente... (sticks and stones may break your bones...) waarin die plastiese snykundige Michael J Fox op pad Hollywood toe 'n ongeluk maak. Die prent probeer ons wysmaak dat hy uiteindelik liefdesaspirien wil voorskryf aan ou tannies as baie geld maak in Hollywood. Give me a break. AV

SHOUT

Tienerprobleme word opgelos deur die blues en John Saturday-Night-Fever Travolta swaai weer ná twee dekades sy heupe voor die kameras. Dis 'n soort musiekspel en speel hom af in Texas in die fifties. Dit handel oor tieneropstand en Travolta speel die goeie onderwyser.



Anna-Mart van der Merwe en Gavin van den Berg

Diepsinnig soos 'n Pears-advertensie

DIE STORIE VAN KLARA VILJEE

Met Anna-Mart van der Merwe, Regardt van den Bergh, Hennle Oosthuizen, Gavin van der Berg, Trix Pienaar, Lida Botha, Wilma Stockenström, Sandra Kotze en Michelle Scott

Regie: Katinka Heyns

Draaiboek: Chris Barnard

ANDREA VINASSA

EN TOE IS die kwintessensiële Suid-Afrikaanse prent meer Frans as enigiets wat die Franse self kon uitdink. Katinka Heyns se jongste prent lyk of dit deur Claude Chabrol op 'n klein Franse kusdorpie gemaak is - idillies, idealisties, liries. Dis woorde wat 'n mens maklik inspan om *Die Storie van Klara Viljee* te beskryf.

In 'n ander leeftyd, op 'n ander planeet, in 'n ander land sou dit 'n groot kompliment gewees het, want Heyns het wat haar regie-vermoë betref sedert *Fiela se Kind* ontwikkel en ryp geword. Maar sy het nie ontslae geraak van 'n belemmerende neiging om te oor-romantiseer en om draaiboekswakhede met langsame natuurskote te probeer verdoesel nie.

Die Storie van Klara Viljee het baie gemeen met die Duitse "Heimat"- (tuisland of moederland) prent: 'n persoonlike melodrama speel op 'n plattelandse dorpie binne 'n geslote gemeenskap af, die gemeenskap se waardes en sedes word in hulle eie dialekt ondersoek - en ná baie eksistensiële lyding is daar 'n gelukkige einde.

KLARA DIEN AS 'n soort boereraat teen sinisme. Heyns en Chris Barnard bring 'n eie Afrikaanse stemming aan die gebeure en slaan munt uit die nasionale beheptheid met buite-egtelike kinders. Sonder twyfel gaan dit 'n loketterfrees wees, want *Die Storie van Klara Viljee* ontleen baie van sy etos aan Springbokradio-verhale en 'n hele kultuur wat die Afrikaner om swaarkry-stories gebou het, maar dit is só gedompel in nostalgie dat dit voel asof sy besig is met die vervaardiging van Africana.

Ons het al tientalle sulke prente gesien, vol clichés, ongehude moeders, klein skandaaltjies en sedeprekies, met die gebruikelike dorpsdwaas wat altyd alles raaksien... dié een is net beter afgewerk.

Ondanks die egtheid van die kleindorpse situasies, die eg-Afrikaanse dialoog, die aardse karakters, sit 'n mens verstom oor die onwerklikheid wat voor jou afspeel: Klara Viljee speel in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare op 'n fiktiewe vissersdorpie op 'n Weskuserige plek.

Kattika vry so na Europa dat sy die onverbiddelikheid van die Afrika-son ontken. Dis asof sy nie wil hê die werklikheid moet indruis teen haar sprokieswêreld nie. (Sy het duidelik genoeg geld gehad om baie van die tonele in die laatmiddag, vroegoggend en wanneer dit bewolk was te skiet.) Ek het dieselfde gevoel oor Klara as oor die Belgies verfilmde weergawe van JM Coetzee se *In the Heart of the Country*.

Die boosheid en die wreedaardigheid van die Afrikaner (of enige soortgelyke gemeenskap) word heeltemal weggesteek onder 'n fraai suikerlagie. Die prent is so insiggewend en so diepsinnig soos 'n Pears-advertensie. Meer aandag is aan versiering as aan karakterontwikkeling verleen.

DIE HOOFTEMAS en gebruik van simboliek stem nogal ooreen met *Babette's Feast* - 'n vrou se soeke na persoonlike vervulling, haar stryd teen die natuur, haar morele oorwinning ná 'n uitmergelende taak. *Babette's Feast* was 'n regstreekse aanslag op die seksuele en persoonlike repressie wat 'n mens in eng Protestantse (patriargale monoteïstiese) gemeenskappe kry. *Klara*, egter, ondersteun die Protestantse gedagte dat 'n mens vir jou verlossing betaal deur jou in die grond in te werk en laat die grootse temas na pure kitsch lyk.

Wat *Klara* 'n prent is wat onbeskaamd veg vir vroue-regte en die afskud van romantiese afhanklikheid van mans, kan nie ontken word nie. Of dit 'n feministiese prent is, weet ek darem nie... die verheerliking van die vrou is nie gelyk aan emansipasie nie.

Dit is nie net die prentjiesagtigheid, die doopsous klassieke musiek, en die talle mooi, sinlose skote wat die geheel ondermyn nie: belangrike onderdele van die intrige klop eenvoudig net nie. Barnard se manipulasie van die verhaal is te opsigtelik, en lei tot voorspelbaarheid. Waarom sou Engela skielik op daardie bepaalde dag sonder enige motivering vir Klara die foto van Pietman wys? (Die vyandigheid tussen die twee vroue is in elk geval nie goed genoeg gemotiveer nie.)

Talle besonderhede van die intrige - dat die ongehude ma nie met die pa trou nie, maar 'n storie opkook om die skuld op die onderwyser te pak, die ma wat haar kind sommer weggee - is bloot ongeloofwaardig.

Wat wel sonder voorbehoud gesê kan word, is dat dit seldsaam is dat jy sulke deurliefde en natuurlike spel in 'n plaaslike prent sien... ondanks die totale oppervlakkigheid van die meeste karakters in die teks.

fynproe

NETTIE PIKEUR

EET EEN DAG IN DIE BED

Oppas vir die horings kry

TOE ons kinders was, het die Sotho-huishulp nooit toegelaat dat ons lê en eet nie, want ons sou horings op ons voorkoppe kry.

Vir jare daarna het ek nog gewonder oor die oorsprong van dié geloof. Vandag weet ek van verskeie mans wat horings op hulle voorkoppe dra, maar dis nie van lê en eet nie. Nie deur hulle gepleeg nie, anyway.

Ons het later van jare almal die een of ander tyd skuins gelê en eet en sover ek weet nie 'n beduidenis van 'n horing nie, net sooibrand. En ek het 'n vriendin gehad wie se Hollandse ma verseg het dat ons in hulle huis op 'n opgemaakte bed SIT. Daarop lê of eet was Calvinistiese sonde van 'n high order.

Maar is daar op die wêreld iets lekkerder as om Songagoggend in die bed te lê met die koerante, en een pannekoek na die ander met heuning te verorber?

Dit het ook al deel van ons kultuur geword om TV te kyk en eet, en as jy alleen woon, rig jy jouskuins en plat op 'n rusbank in, met die skinkbord vol lekkernye op die vloer langs jou. En wat is op die bord: toast met Marmite of vissmeer, blokkies feta-kaas en olywe, skywe slurperige tamatie, radyse met sout en 'n glas rooi wyn. Sooibrand-country.

Dis 'n gewoonte veral onder ons Pikeurs om elke paar maande te kwyn en dan moet ons 'n dag of twee skuins deurbing.

Met natuurlik die regte kos, want jy kan nie hierdie geleentheid gebruik om te vas nie, jy sal so depressed raak jy staan nooit weer op nie, soos arme Verlaine se vrou, of was dit Rimbaud s'n. Haar naam is vergete, maar die Ingilse nooi sal ewig berug bly vir die feit dat sy mettertyd haar Engels vergeet het, en in Frankryk nooit leer Frans praat het nie, sodat sy op die ou end moes stilbly.

Ek verbeel my die sprakelose tannie sou ook maar uit pure selfbehoud meestal in die bed gebly het. En sy sou pakke en pakke druiwe bestel het om die heerlike druiwe-happie te maak vir salige peusel die ganse dag lank.

Druive Veronica

Rol druiwekorrels - die wit Kristal-soort is die beste - in strooisuiker en laat effens droog word. Rig jou skinkbord in met 'n bakie stywe suurroom of jogurt gegeur met suurlemoensap.

Doop die korrels een vir een in die room soos jy eet. Die suiker en effens suur room gee 'n heerlike geur, en die druiwe is heeltemal verslawend, veral as hulle yskoud gemaak is.

Noudat ek daaraan dink, dit is 'n soort druiwekuur as jy in die bed bly en net Veronica-druive eet, maar moenie my vra wat al daardie suiker en room aan jou gaan doen nie.

'n Ander lekkerny vir wanneer jy nie heeltemal regop is nie, is bloukaas en appels. Hoe beter die bloukaas, hoe smaakliker die happie. Probeer goeie Roquefort of peperduur Stilton, en sny 'n blokkie kaas by 'n blokkie appel. Eet om die beurt. En moet tog nie alles vooraf opsy nie. Die groot plesier is om self met die een hand stukkie vir stukkie appel en kaas te sny, terwyl jou ander hand die kuns oefen om 'n boek met jou duim om te blaai.

Pita met vulsel

Pita-brood, wat jy deesdae tot in die supermark kan koop, is bliss kos vir skuins lê. Die skinkbord met fyngesnyde tamatie, uie, oorskiet-vleis soos hoender of maalvleis of skaapboud of frikkadelle en komkommer, berei jy voor terwyl die pitas in die oond warm word.

Plaas ook 'n bakkie jogurt op die skinkbord, en wanneer jy gemaklik lê, bou stadig jou gunsteling pita-vulsel, en hap voor dit alles oor jou lakens drup. ('n Groot, skoon vadoek is hier van meer waarde as 'n klein paperservetjie.) Onthou om 'n strooisel komynsaad oor jou pita-skepping te strooi vir daardie tipies Midde-Oosterse smaak.

Ons het ystee na al die jare herontdek, en maak liters vol daarvan van rooibos, net so sonder suiker of melk, en hou dit in die yskas.

Twee soorte ystee

Die eerste een maak jy deur twee sakkies rooibos op 'n liter kookwater te gooi en dit net so te laat koud word. Ons gooi nie eens suiker by nie, dalk net 'n druppel of twee suurlemoensap. Hoe sterker hoe beter.

Vir die tweede een gebruik jy 'n beter tee soos Oranje Pekoe, en maak dit soos gewone tee. Dan gooi jy een liter yskoue water by, die sap van drie suurlemoene en soveel ginger ale, of nog beter, gemmerbier, as jy verkies.

Dan drink jy jou tee, staan op en gaan stap langs die see. Mens kan mos nie heeldag so lê en sleg word nie...



**Let all
know peace**



9 771015 964007

